

~~CONFIDENTIAL~~

DIE PROBLEEM VAN DIE BEREIK VAN DIE ONTKENNING MET SPESIALE
VERWYSING NA AFRIKAANS

Hester Waher

'n Proefskrif voorgelê aan die Fakulteit Lettere van die Universiteit
van Kaapstad ter voldoening aan die vereistes vir die graad Philosophiae
Doctor

Kaapstad 1978

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

DANKBETUIGING

Die werk aan hierdie verhandeling is gedoen onder leiding van prof. H. van der Merwe Scholtz van die Universiteit Kaapstad en prof. J.G.H. Combrink van die Universiteit Stellenbosch. Ek wil elkeen van hulle graag van harte bedank en my waardering uitspreek vir hul hulp, belangstelling en geduld.

Ek is ook dank verskuldig aan prof. Edith H. Raidt van die Universiteit van die Witwatersrand omdat sy my op die spoor van die ontkenning gebring het.

Aan al my kollegas en vriende op wie se taalkundige intuïesies ek telkens 'n beroep kon doen, sê ek baie dankie.

INHOUDSOPGAWE

<u>Inleiding</u>	1
Die begrip 'bereik van die ontkenning'	1
Die opset van die studie	4
Deel 1. <u>Die bereik van die ontkenning in die linguistiese teorie</u>	
Hoofstuk 1. <u>Die transformasioneel-generatiewe grammatika tot en met Aspects</u>	7
1.1. Die klassieke en <u>Aspects</u> -model van die transformasioneel-generatiewe grammatika	7
1.2. Die beskrywing van die ontkenning	9
1.2.1. Die ontkenning voor die Katz-Postal-hipotese: E. Klima	9
1.2.2. Die ontkenning binne die Katz-Postal-raamwerk: A. Kraak	17
Hoofstuk 2. <u>Die ontwikkeling van die transformasioneel-generatiewe grammatika ná Aspects</u>	25
2.1. Oorsig	25
2.2. Die generatiewe semantiek	26
2.2.1. Die grammatika-model	26
2.2.1.1. Die basiskomponent	27
2.2.1.2. Leksikale ontleding	32
2.2.1.3. Transformasiereëls	34
2.2.2. Die ontkenning in die generatiewe semantiek	35
2.2.3. Samevatting	42
2.3. Die interpretatiewe semantiek of uitgebreide standaard-teorie	43
2.3.1. Die leksikalistiese hipotese	43
2.3.2. Die semantiese komponent	44
2.3.3. Jackendoff se beskrywing van die ontkenning	51
2.3.4. Samevatting	56
2.4. 'n Hipotese oor die verband tussen die bereik van 'n ontkenkende element en sy posisie in oppervlakstruktuur	57

Deel 2. Die bereik van die ontkenning in Afrikaans

Hoofstuk 3.	<u>Benaderings tot die beskrywing van die Afrikaanse ontkenning</u>	59
3.1.	Die 'dubbele' ontkenning	59
3.2.	Die ont ₁ - en die ont ₂ -hipotese	65
Hoofstuk 4.	<u>Enkele basiese posisies van die ontkenning</u>	66
4.1.	Simplekse	66
4.1.1.	Die posisie van ont ₁ (adverbiale ontkenning-woorde)	66
4.1.1.1.	Hoofsinne	66
4.1.1.2.	Bysinne	67
4.1.2.	Die bereik van ont ₁	67
4.1.3.	Die posisie van ont ₂	69
4.2.	Komplekse sinne: die posisie van ont ₂	69
Hoofstuk 5.	<u>Die ontkenning en die nominale konstituente</u>	72
5.1.	Inleiding: die kenmerke van die nominale konstituente	72
5.1.1.	Bepaaldheid en onbepaaldheid (⁺ Def)	72
5.1.2.	Spesifisiteit (⁺ Spes)	73
5.1.3.	Kwantifisering	75
5.1.4.	Kategorialiteit	77
5.1.5.	Die grammatikale representasie	78
5.2.	Die posisie van die ontkenning-woorde ten opsigte van die nominale konstituente	79
5.2.1.	Ont ₁ in simplekssinne	79
5.2.1.1.	Inleiding	79
5.2.1.2.	Bepaalde nominale konstituente	81
5.2.1.2.1.	Die subjek	81
5.2.1.2.2.	Die objek	81
5.2.1.2.3.	Die bereik van ont ₁	83
5.2.1.3.	Onbepaald-kwantifiserende nominale konstituente	84
5.2.1.3.1.	NP's met die artikel \emptyset	84
5.2.1.3.1.1.	Die subjek van 'n aktiewe sin	84
5.2.1.3.1.2.	Die <u>deur</u> -frase van 'n passiewe sin	85

5.2.1.3.1.3.	Die direkte objek	85
5.2.1.3.1.4.	Die subjek van 'n passiewe sin	86
5.2.1.3.1.5.	Die bereik van ont ₁	87
5.2.1.3.2.	NP's met die artikel 'n	88
5.2.1.3.2.1.	Die subjek van 'n aktiewe sin	88
5.2.1.3.2.2.	Die <u>deur</u> -frase van 'n passiewe sin	89
5.2.1.3.2.3.	Die direkte objek	89
5.2.1.3.2.4.	Die subjek van 'n passiewe sin	89
5.2.1.3.2.5.	Die bereik van ont ₁	90
5.2.1.3.3.	NP's met onbepaalde pronomina	91
5.2.1.3.3.1.	Die subjek van 'n aktiewe sin	91
5.2.1.3.3.2.	Die <u>deur</u> -frase van 'n passiewe sin	92
5.2.1.3.3.3.	Die direkte objek	93
5.2.1.3.3.4.	Die subjek van 'n passiewe sin	94
5.2.1.3.3.5.	Die bereik van ont ₁	95
5.2.1.3.4.	NP's met kwantore	95
5.2.1.3.4.1.	Die subjek van 'n aktiewe sin	95
5.2.1.3.4.2.	Die <u>deur</u> -frase van 'n passiewe sin	96
5.2.1.3.4.3.	Die direkte objek	97
5.2.1.3.4.4.	Die subjek van 'n passiewe sin	98
5.2.1.3.4.5.	Die bereik van ont ₁	99
5.2.1.4.	Universele nominale konstituente	101
5.2.1.4.1.	Die subjek van 'n aktiewe sin	101
5.2.1.4.2.	Die <u>deur</u> -frase van 'n passiewe sin	101
5.2.1.4.3.	Die direkte objek	102
5.2.1.4.4.	Die subjek van 'n passiewe sin	104
5.2.1.4.5.	Die bereik van ont ₁	105
5.2.1.5.	Kategoriale nominale konstituente	106
5.2.1.5.1.	NP's met die artikel \emptyset	106
5.2.1.5.1.1.	Die subjek van aktiewe sinne	106
5.2.1.5.1.2.	Die <u>deur</u> -frase van 'n passiewe sin	107
5.2.1.5.1.3.	Die direkte objek	107
5.2.1.5.1.4.	Die subjek van 'n passiewe sin	107
5.2.1.5.2.	NP's met die artikel 'n	108
5.2.1.5.2.1.	Die subjek van aktiewe sinne	108
5.2.1.5.2.2.	Die direkte objek	108
5.2.1.5.2.3.	Passiewe sinne	108
5.2.1.5.2.4.	Die bereik van ont ₁	108

X 5.2.1.6.	Nominale konstituente met <u>sulke</u> , <u>so 'n</u> , <u>so iemand</u> en <u>so iets</u>	109
5.2.1.6.1.	Die subjek van 'n aktiewe sin	110
5.2.1.6.2.	Die <u>deur</u> -frase van 'n passiewe sin	111
5.2.1.6.3.	Die direkte objek	111
5.2.1.6.4.	Die subjek van 'n passiewe sin	113
5.2.1.6.5.	Die bereik van ont ₁	114
X 5.2.1.7.	Samevatting	114
5.2.2.	Ont ₂ in simplekssinne	115
5.2.3.	Ont ₁ en ont ₂ in komplekse sinne	115
5.2.3.1.	Subjekskomplemente	115
5.2.3.2.	Objekskomplemente	118
5.2.3.3.	Relatiewe sinne	122
Hoofstuk 6.	<u>Die ontkenning en verbale komplemente</u>	127
6.1.	Algemeen	127
6.2.	Predikatiewe verba	127
6.2.1.	Predikaats-AP's	128
6.2.2.	Predikaats-NP's	128
6.2.2.1.	Bepaalde nominale konstituente	128
6.2.2.2.	Onbepaald-kwantifiserende konstituente	129
6.3.	Middelverba	131
6.4.	Die bereik van ont ₁	132
Hoofstuk 7.	<u>Die ontkenning en adverbiale bepalinge</u>	133
7.1.	Die klassifisering van adverbiale bepalinge	133
7.2.	Klas A: Adverbiale bepalinge wat voor ont ₁ of ná ont ₂ kan staan	134
7.2.1.	Eenwoord-adverbiale	134
7.2.2.	Frases	135
7.2.3.	Sinne	135
7.2.4.	Die bereik van die ontkenning	136
7.3.	Klas B: Adverbiale wat voor ont ₁ of ná ont ₂ òf ná ont ₁ en voor ont ₂ kan staan	139
7.3.1.	Klas B ₁	139
7.3.2.	Klas B ₂	139
7.3.2.1.	Eenwoord-adverbiale	139
7.3.2.2.	Frases	140

7.3.2.3.	Die bereik van die ontkenning	140
7.3.3.	Klas B ₃	141
7.3.3.1.	Eenwoord-adverbiale	141
7.3.3.2.	Frases	141
7.3.3.3.	Sinne	142
7.3.3.4.	Die bereik van die ontkenning	143
7.3.4.	Klas B ₄	145
7.3.4.1.	Bepaalde konstituente	145
7.3.4.1.1.	Eenwoord-adverbiale	145
7.3.4.1.2.	Frases	146
7.3.4.1.3.	Sinne	146
7.3.4.1.4.	Die bereik van die ontkenning	147
7.3.4.2.	Onbepaald-kwantifiserende konstituente	147
7.3.4.2.1.	Eenwoord-adverbiale	147
7.3.4.2.2.	Frases	148
7.3.4.2.3.	Sinne	149
7.3.4.2.4.	Die bereik van die ontkenning	150
7.3.4.3.	Universele konstituente	151
7.3.4.3.1.	Eenwoord-adverbiale	151
7.3.4.3.2.	Frases	151
7.3.4.3.3.	Die bereik van die ontkenning	152
7.3.4.4.	Kategoriale konstituente	153
7.3.4.4.1.	Frases	153
7.3.4.4.2.	Die bereik van die ontkenning	153
7.4.	Klas C: Adverbiale bepalinge wat ná ont ₁ en voor ont ₂ kan staan	153
7.4.1.	Klas C ₁	153
7.4.1.1.	Eenwoord-adverbiale	153
7.4.2.	Klas C ₂	154
7.4.2.1.	Eenwoord-adverbiale	154
7.4.2.2.	Frases	154
7.4.2.3.	Sinne	155
7.4.3.	Klas C ₃	155
7.4.3.1.	Eenwoord-adverbiale	155
7.4.3.2.	Frases	155
7.4.3.3.	Sinne	155
7.4.3.4.	Die bereik van die ontkenning	156

Hoofstuk 8.	<u>Die grammatika van die ontkenning</u>	157
8.1.	Algemeen	157
8.2.	Interpretatiewe semantiek	157
8.2.1.	Jackendoff se reëls vir die vrye partikel <u>nie</u>	157
8.2.2.	Die posisie van <u>nie</u> teenoor nominale konstituente en verbale vorme	160
8.2.3.	Die posisie van <u>nie</u> teenoor die adverbiale bepalinge	162
8.2.4.	Die beskrywing van ont ₂	168
8.2.5.	Samevatting	170
8.3.	Die generatiewe semantiek	171
8.3.1.	Beperkinge op die realisering van NEG	171
8.3.2.	Die plasing van ont ₁ en ont ₂	175
8.3.3.	Samevatting	179
8.4.	Gekoördineerde konstituente	180
8.4.1.	Inleiding	180
8.4.2.	Sinskoördinasie teenoor konstituentkoördinasie	180
8.4.3.	Die ontkenning van sinne met gekoördineerde nominale konstituente in die oppervlakstruktuur	181
8.4.3.1.	Ondubbelsinnige NP's wat met 'n sin korrespondeer	181
8.4.3.1.1.	Die posisie en bereik van ont ₁ en ont ₂	182
8.4.3.2.	Dubbelsinnige NP's wat in een interpretasie met 'n sin korrespondeer	183
8.4.3.2.1.	Die optrede van die ontkenning	183
8.4.3.3.	NP's wat geen sinsparafrase het nie	183
8.4.3.3.1.	Die optrede van die ontkenning	184
8.4.4.	Die grammatikale beskrywing	184
8.4.4.1.	Die interpretatiewe semantiek	184
8.4.4.2.	Die generatiewe semantiek	187
Hoofstuk 9.	Die uitsonderingsgevalle	189
9.1.	Uitsonderings op die ont ₁ -hipotese	189
9.1.1.	Simplekssinne	189
9.1.2.	Komplekse sinne	197
9.2.	Uitsonderings op die ont ₂ -hipotese	200
Slotsom		203
Bibliografie		205

ABSTRACT

Since the formulation of the Katz-Postal Hypothesis Generative linguists have shown great interest in logical elements like quantifiers and negatives. Differences in the scope of these elements, which correspond to surface position, provide numerous counterexamples to the thesis that all semantic information is represented in underlying structure.

Part 1 of this study sketches the background of this problem and then examines critically the way in which two models of Generative Grammar, namely Interpretive and Generative Semantics, propose to account for the facts of the scope of negation.

In Part 2 the correlation between the scope of negation and the distribution of Afrikaans negative particles is investigated. For the first negative particle this consists of testing its position and interpretation against the thesis generally held in linguistic theory that the leftmost logical element has the widest scope in the sentence. The results show that this particle functions to a considerable extent in the same way as the single negative of cognate languages like English and Dutch.

It is argued that the Afrikaans negation differs from that of other standard Indo-European languages only in the presence of an additional negative element and that this element serves to mark the rightmost extent of the scope of negation. This hypothesis is also tested against the data and as a consequence the claim is made that it is well justified.

The conclusion reached on the distributional facts is that they can be described in a simpler and more insightful way than has hitherto been done in Afrikaans grammar, if they are related to scope.

In Chapter 8 the ability of the models of Generative and Interpretive Semantics to handle the facts of the Afrikaans negation is discussed. It is found that the highest degree of generalization can be achieved by the mechanisms provided by the former. It is therefore concluded that the Afrikaans negation supports the Generative rather than the Interpretive Semantics model.

INLEIDING

Die begrip 'bereik van die ontkenning'

Verskeie elemente in menslike taal het die eienskap dat hul binne 'n sekere gebied 'n effek op die ander konstituente van die sin uitoefen. Hierdie gebied word die 'bereik'¹ van die element genoem. Onder die bereikdraende elemente is daar modale verba, adverbiale, kwantore en ontkenkende woorde, waarvan laasgenoemde twee tot dusver die meeste aandag in die linguistiese teorie ontvang het.

Die effek van ontkenkende elemente kan tweërlei van aard wees. Hulle het 'n sintaktiese effek vir sover hul die distribusie van ander konstituente beïnvloed. Items soos 'punctual until' in Engels en hoef in Afrikaans kan net in sekere kontekste optree, waarvan die bereik van die ontkenning een is (sien § 1.2.1., § 1.2.2. en § 3.1.).

Van veel groter belang is die semantiese uitwerking van ontkenkende woorde: hulle vorm 'n kontradiksie van die konstituente binne hul bereik. Hoe ver hierdie semantiese effek reik, is nie so eenvoudig om uit te maak nie. Die soort probleem waarvoor 'n mens hier te staan kom, kan goed geïllustreer word aan Jespersen (1917:42vv.) se onderskeiding tussen spesiale en nexale ontkenning.

- (1) The negative notion may belong logically to one definite idea or to the combination of two ideas (what is here called the nexus).

In die sin He doesn't come word die positiewe idees 'he' en 'coming' ontken, dit is nexale ontkenning. In He comes, but not today is die ontkenning spesiaal, net die temporele idee 'today' word daardeur geraak.

1. Sommige Afrikaanse linguïste gebruik die term domein vir hierdie begrip, wat in die Engelse vakliteratuur scope heet. Ek verkies bereik, omdat dit blykbaar reeds ingeburger is in Nederlands. Dit kom o.a. voor in Kraak (1966) se bekende studie oor negatiewe sinne.

Jespersen erken dat hierdie onderskeiding nie so maklik is om in die praktyk deur te voer nie.

(2) He doesn't smoke cigars

By (2) sal 'n mens in die eerste plek geneig wees om te sê dat die hele sin ontken word, dus he + smokes cigars. As jy egter daarby dink only cigarettes, kan jy besluit dat net die objek cigars ontken word. Die man rook, maar net nie sigare nie.

Waarom dit moeilik is om intuïtief te oordeel oor die semantiese effek van die ontkenning in (2), blyk as 'n mens dit vergelyk met sinne soos (3)a. en b.

- (3) a. Ek het nie dikwels gaan swem nie
b. Ek het dikwels nie gaan swem nie

Die meeste sprekers sal saamstem dat die adverbiaal dikwels in a. ontken word, maar nie in b. nie. Hierdie duidelike intuïsie berus daarop dat sin a. en b. in waarheidswaarde verskil. As a. waar is, moet die positiewe sin Ek het dikwels gaan swem noodwendig vals wees. Die positiewe sin en b. kan egter albei waar wees. Ek het dikwels gaan swem en ek het dikwels nie gaan swem nie bevat geen kontradiksie nie.

By (2) is daar nie 'n vergelykbare verskil in waarheidswaarde nie; nie een van die interpretasies wat voorgestel is, kan waar wees tensy die positiewe teëhanger He smokes cigars vals is nie. In hierdie geval lê die semantiese onderskeid op die vlak van nuwe en ou informasie, oftewel fokus en presupposisie. As daar byvoorbeeld aangeneem word dat die objek cigars alleen ontken word, dan veronderstel die hoorder dat die persoon wel rook, terwyl die nuwe inligting of fokus is dat daar nie sigare gerook word nie. Word die hele 'nexus' ontken, dan is daar nie so 'n presupposisie nie en rook-nie-sigare-nie is alles nuwe informasie.

Hierdie soort semantiese effek word in die generatiewe grammatika oor die algemeen nie aan 'n verskil in die bereik van die ontkenning toegeskryf nie, maar wel dié wat opgemerk word by (3). Die waarheidswaarde van 'n sin betref sy basiese semantiese aspek; dié deel wat in terme van konstituente en verhoudings tussen konstituente gerepresenteer kan word. Oor fokus en presupposisie is daar baie onsekerheid, maar gewoonlik word

aangeneem dat dit 'n afsonderlike aspek uitmaak wat nie direk in die konstituente-struktuur weerspieël word nie.² Dat dit egter dikwels moeilik word om dié twee soorte semantiese effek streng te skei, sal blyk uit die bespreking van linguïstiese teorie in Deel 1.³ Myns insiens het so 'n vermenging meestal ongewenste gevolge vir die grammatika.

Hier moet bygevoeg word dat bostaande nie impliseer dat dit altyd nodig is om 'n verskil in waarheidswaarde te kan aantoon as 'n bereikverskil gepostuleer word nie. Intuïsie oor die waarheidswaarde van sinne is egter, naas die voorkoms van items soos hoef, die enigste betroubare primêre data wat die taalkundige kan gebruik wanneer hy 'n struktuur aan negatiewe sinne toeken waarin aan die bereik van die ontkenning uitdrukking gegee word.

Die grammatikale struktuur self gee dan uitsluitel oor die bereik van die ontkenning oor konstituente wat nie by 'n verskil in waarheidswaarde betrokke is nie. Om vooruit te loop op die uiteensetting van Hoofstuk 1, Klima gee aan (2) die struktuur (4).

2. Sien die uiteensetting in § 2.3.2. van Jackendoff se semantiese komponent, waar fokus en presupposisie 'n afsonderlike onderdeel vorm.


Lakoff (1971:234) se voorstelling van semantiese representasie $SR = (P_1, PR, Top, F, \dots)$ skei ook die onderliggende boomdiagram (P_1) van die presupposisie en fokus (PR en F).

3. In sommige Afrikaanse werk oor die ontkenning word dié onderskeid nie getref nie. De Villiers (1975:242vv.) hanteer bv. die verskillende interpretasies in (5) en (6) as die gevolg van die bereik van die ontkenning. (Onderstreping dui sinsaksent aan.)

(5) a. Gert het nie vir jou gelag nie
b. Gert het nie vir jou gelag nie

(6) a. Hy het nie dikwels geskryf nie
c. Hy het dikwels nie geskryf nie

(4)



Gegewe Klima se definisie van bereik, bepaal hierdie struktuur dat die hele sin He Praes smoke cigars ontken word.

As verskillende grammatici se strukturele beskrywings teenstrygige uitsprake doen oor die bereik van die ontkenning, sonder dat hul aan bogenoemde data getoets kan word, kan daar net 'n keuse tussen die aansprake gedoen word op grond van die adekwaatheid van die beskrywing van die ontkenning as geheel.

Die opset van die studie

Dit behoeft geen argumentasie nie dat sy bereik een van die belangrikste aspekte van die ontkenning is en sentraal moet staan in 'n grammatikale beskrywing van dié taalverskynsel. Wat Afrikaans betref, sal ek buitendien aanvoer dat die tweede nie slegs in terme van hierdie begrip verklaar kan word.

Met die huidige stand van die generatiewe taalwetenskap is die bereik van die ontkenning ook van linguisties-teoretiese belang. Soos welbekend is, gaan een van die geskilpunte tussen die twee hoofstrominge in die generatiewe linguistiese teorie oor die vlak van sinstruktuur waardeur semantiese interpretasie bepaal word. Die generatiewe semantiek handhaaf die Katz-Postal-hipotese dat die dieptestruktuur (of eintlik onderliggende struktuur) alle semantiese inligting bevat. Die interpretatiewe semantiek neem daarenteen aan dat die oppervlakstruktuur sommige, of selfs alle,⁴ aspekte van semantiese interpretasie bepaal. Een van

4. Ek verwys hier na Chomsky (1976) se voorstel dat alleen oppervlakstrukture, verryk met spore van transformasies, die semantiese interpretasie bepaal. Ek het origins in hierdie studie nie met dié nuwe ontwikkeling rekening gehou nie.

die wesenlike verskille in hierdie verband betref die hantering van die bereik van die ontkenning en ander logiese elemente. Data oor hierdie verskynsel in 'n spesifieke taal sou dus kan lig werp op die teoretiese geskil.

Deel 1 van hierdie studie gee 'n kort oorsig van die verskillende fases en strominge in die generatiewe linguistiese teorie en van hoe elkeen die begrip 'bereik van die ontkenning' hanteer.

In Deel 2 word 'n hoeveelheid data oor die Afrikaanse ontkenning aangebied, hoofsaaklik oor die distribusie van ontkenningselemente in die oppervlakstruktuur en die korrelasie daarvan met die bereik van die ontkenning. Daarby vertolk ek die begrip 'bereik' soos dit hierbo verduidelik is.

Die beskrywingsmoontlikhede wat die generatiewe en interpretatiewe semantiek onderskeidelik vir die ontkenning bied, word vervolgens aan die Afrikaanse data getoets, ook om vas te stel of laasgenoemde getuienis vir of teen een van hierdie standpunte lewer. Daarmee hoop ek dat die studie 'n bydrae sal maak tot die Afrikaanse grammatika en terselfdertyd linguisties-teoretiese waarde mag hê.

DEEL 1

DIE BEREIK VAN DIE ONTKENNING IN DIE LINGUISTIESE TEORIE

HOOFSTUK 1

DIE TRANSFORMASIONEEL-GENERATIEWE GRAMMATIKA TOT EN MET ASPECTS1.1. Die klassieke en Aspects-model van die transformasioneel-generatiewe grammatika

Chomsky se eerste model vir 'n transformasioneel-generatiewe grammatika - later die klassieke model genoem - is bekendgestel in Syntactic structures (1957). Dit bevat drie dele, wat Chomsky linguistiese vlakke noem: herskryfreëls, transformasiereëls en morfonologiese reëls.

Die herskryfreëls genereer 'n onderliggende konstituente-struktuur vir al die kernsinne ('kernel sentences') van die taal. Die belangrikste hiervan is die enkelvoudige, aktiewe, mededelende sin - dieselfde tipe waarop die tradisionele sintaksis gebaseer is. Hierdie kernsinne, wat Chomsky soveel moontlik wil beperk om die herskryfreëls eenvoudig te hou, dien as die basis waarvan nie-kern-tipes soos vraende, ontkennde, passiewe en komplekse sinne afgelei kan word. Die transformasiereëls wat hierdie funksie verrig, is opsioneel. Naas hulle bevat die transformasionele vlak nog verpligte reëls wat vir albei sintipes geld en wat hoofsaaklik fleksievorme bereël.

Die klassieke model weerspieël nog die tipies strukturalistiese opvatting dat 'n taal beskryf kan word sonder om die betekenisaspek in ag te neem. Soos Chomsky (1957:103) dit stel:

(1.1.) We were studying language as an instrument or tool, attempting to describe its structure with no explicit reference to the way in which this instrument is put to use.

Die grammatika bevat daarom geen semantiese reëls nie; die korrespondensie tussen sintaktiese en semantiese kenmerke wat in sy ondersoek aan die lig gekom het, verwys Chomsky na 'some more general theory of language' (1957:102).

Die eerste stap om die semantiek by die transformasioneel-generatiewe grammatika te betrek, is deur Katz en Fodor gedoen. Hulle verklaar (1963:170):

- (1.2) A full synchronic description of a natural language is a grammatical and semantic characterization of that language (where the term 'grammatical' is construed broadly to include phonology, phonemics, morphology and syntax).

Die semantiese komponent wat hierdie twee linguïste in die vooruitsig stel, is interpretatief van aard: dit bevat projeksiereëls wat die sintaktiese herskryf- en transformasiereëls interpreteer en die aspekte spesifiseer wat deur elkeen tot die totale betekenis van die sin bygedra word.

Dit was nodig om projeksiereëls te hê wat met transformasiereëls geassosieer is, omdat die opsionele reëls wat die nie-kern-sinne in die klassieke model aflei, natuurlik die betekenis verander van die kern waarop hul toegepas word. Toe Katz en Fodor (1963) verskyn het, het ander linguïste egter reeds begin om analyses voor te stel wat die opsionele reëls uitskakel. Lees (1960) en Klima (1964) toon byvoorbeeld dat ontkennende sinne nie van hul positiewe teëhangers afgelei kan word deur 'n transformasie wat not invoeg nie, omdat daar sintaktiese redes bestaan waarom hul reeds in hul onderliggende struktuur die konstituent NEG moet bevat.

In Katz en Postal (1964) word dan ook betoog dat daar weggedoen kan word met alle projeksiereëls wat transformasies interpreteer, omdat laasgenoemde nie betekenis kan verander nie. Soos Jackendoff (1972:7) opmerk, is dit hiervandaan 'n eenvoudige stap om aan te neem dat alle semantiese inligting in die onderliggende struktuur verteenwoordig is. Hierdie aanname het algemeen bekend geword as die Katz-Postal-hipotese en het een van die vrugbaarste hipoteses in die transformasioneel-generatiewe grammatika blyk te wees.

Toe Chomsky in Aspects of the theory of syntax (1965) 'n gewysigde grammatikamodel voorgestel het, het hy 'n semantiese komponent en die Katz-Postal-hipotese daarin opgeneem.

Die Aspects-model se semantiese komponent is suiwer interpretatief en kan slegs die strukture interpreteer wat deur die sintaktiese komponent gegenereer word. Hieraan lê die veronderstelling ten grondslag dat sintaksis en semantiek geskei kan word en dat die reëls van die sintaktiese

komponent sy formele strukture onafhanklik van betekenisfeite kan genereer.¹

Die vroeëre verskil tussen kern- en nie-kern-sinne het in die Aspects-model verdwyn. Die klem val nou op die onderskeid tussen oppervlak- en dieptestruktuur, en die gedagte is dat daar aan alle sinne wat in betekenis verskil, afsonderlike dieptestrukture toegeken word. Die transformasiereëls wat die oppervlakstruktuur aflei, is grotendeels verpligtend. Die paar opsioneles wat oorgebly het, kan net stilistiese variante vorm en nie betekenis verander nie.

Die Aspects-model is nie baie lank algemeen deur generatiewe linguïste aanvaar nie. Trouens, daar het byna onmiddellik studies begin verskyn wat in die een of ander opsig daarvan wegbeweeg het. Nogtans vorm dié model gewoonlik die vertrekpunt wanneer taalverskynsels binne 'n generatiewe raamwerk bespreek word. By 'n ondersoek na die ontkenning is so 'n uitgangspunt onontbeerlik.

1.2. Die beskrywing van die ontkenning

1.2.1. Die ontkenning voor die Katz-Postal-hipotese: E. Klima

Klima se studie Negation in English (1964) wat in § 1.1. vermeld is, word allerweë beskou as die klassieke beskrywing van die ontkenning in Engels. Hoewel dit 'n bydrae tot die ontwikkeling van die Aspects-model gelewer het, staan dit nog buite die Katz-Postal-raamwerk. Klima hou hier geen rekening met die voorstelle vir 'n semantiese komponent en die implikasies wat dit het nie. Sy nosie van grammatika is in hoofsaak dieselfde as wat Chomsky in Syntactic structures gehuldig het. Hy stel dit soos volg (1964:247).

(1.3) By grammar will be understood the rules for generating the sentences of the language. The objective of these rules is to account for the shape of the sentences, and to assign to each a structure. By stressing shape, I mean to emphasize that the aspects of language of con-

1. In werklikheid is die skeiding in die Aspects-model se reëls nie altyd so streng deurgevoer nie. Die transformasies vir pronominalisering moet byvoorbeeld na referensiële identiteit kan verwys.
2. Tot dusver, kursivering van die outeur.

cern to grammar as the term is used here, consists of differences in the form of sentences (varying restrictions on the occurrence of elements with respect to one another), and not similarities and differences in the meaning of sentences.

In ooreenstemming met hierdie standpunt identifiseer Klima konstituente as ontkenning alleen op grond van hul 'consequences with respect to the shape of the sentence' (1964:291). Daarmee bedoel hy dat hul die nodige omgewing skep vir bepaalde ander konstituente, die sogenaamde negatiewe polariteitsitems. Klima verwys na hulle ook as 'defining contexts'. Onder hierdie items is daar die onbepaalde kwantor any, die modale verbum need, die modale auxiliaar can + help + komplement en 'punctual' until. Ek haal Klima (1964) se eie voorbeelde aan, waar moontlik, en gee sy nommers aan die regterkant van die sin.

- (1.4) a. *He will be able to find any time for that (149c)
 b. He won't be able to find any time for that (149b)
 c. He is unable to find any time for that (149d)
 d. Hy is seldom able to find any time for that
- (1.5) a. *I suppose that I need mention this again
 b. I don't suppose that I need mention this again (158c)
 c. I suppose that nobody need mention this again
 d. I suppose that I hardly need mention this again
- (1.6) a. *They think that writers can help smiling at that
 b. They don't think that writers can help smiling
 at that (158a)
 c. They doubt whether writers can help smiling at
 that
 d. They think that writers can barely help smiling
 at that
- (1.7) a. *It is likely that he will get there until after
 the game (159b)
 b. It isn't likely that he will get there until
 after the game (159c)

3. Kursivering van my.

- c. It is unlikely that he will get there until
after the game (159d)
- d. It is seldom likely that he will get there until
after the game

Volgens Klima se kriterium is daar 'n wye verskeidenheid negatiewe konstituente in Engels: woorde met die negatiewe prefikse un-, in- en dis- (maar nie non- nie); die inherente negatiewe doubt, forbid en too; die partikel not; adverbiale soos scarcely, hardly, seldom, barely en never, en wat Klima spesiale negatiewe noem: nothing, nobody, no one, no, none, little, few, nowhere.

Ook op grond van hul gedrag met betrekking tot polariteitsitems onderskei Klima verder tussen twee soorte ontkenning: sinsontkenning en konstituent-ontkenning.

By konstituent-ontkenning is die kwantor any beperk tot sinsagtige komplemente soos to-frases, terwyl any in dieselfde sin kan voorkom as 'n element wat sinsontkenning tot gevolg het.

- (1.8) a. They had not been happy about any of his actions (147)
b. *They had been unhappy about any of his actions (148)

Konstituente wat sinsontkenning veroorsaak, kan ook in die volgende kontekste voorkom.

(1.9) Either-conjoning

- a. Publishers will usually reject suggestions and
writers will not accept them either (43)
- b. *Judges will usually reject such evidence and law-
yers will disbelieve it either

(1.10) Negative appositive tag not even

- a. The writer will seldom accept suggestions, not
even reasonable ones (48a)
- b. *The judge will doubt his stories, not even
reasonable ones

(1.11) Tag-questions

- a. Writers will never accept suggestions, will
they? (53a)

- b. *Writers will infrequently accept suggestions,
will they? (53a)

(1.12) Neither-tags

- a. Writers won't be accepting suggestions, and
neither will publishers
- b. *The writer will forbid you to disclose his name,
and neither will the publisher (59)

Soos die voorbeelde toon, word konstituent-ontkenning aangetref by woorde met negatiewe affikse en by die inherente negatiewe. Al die ander negatiewe elemente wat hierbo opgenoem is, definieer Klima se kontekste as konstituente wat sinsontkenning veroorsaak.

Die konteks (1.12) gee aanleiding tot 'n verdere differensiëring tussen sterk en swak sinsontkenning. Die sinsontkenning is swak wanneer neweskikking met neither nie toegelaat word nie, soos die geval is by hardly, seldom, barely, scarcely, little en few. Sterk sinsontkenning kom voor by die ander verteenwoordigers van sinsontkenning omdat hul in die neither-konteks kan optree. Vergelyk (1.13) met (1.12)a. hierbo.

- (1.13) *Writers will seldom accept suggestions, and neither will
publishers (60)

Klima se onderskeid tussen sins- en konstituent-ontkenning is wesenlik 'n verskil in bereik, want hy definieer die bereik van die ontkennde element as die gedeelte van die sin waarin negatiewe polariteitsitems kan verskyn.

In (1.4)c. is die bereik van die negatiewe prefiks un- byvoorbeeld net die sinsagtige komplement waarin any kan optree. Sinsontkenning soos not het daarenteen, volgens Klima, die matrikssin en die komplement as bereik omdat any in albei kan voorkom, soos (1.4)b. en (1.8)a. toon. In die kontekste (1.9) tot (1.12) word die toevoegings ook beskou as behorende tot die hele sin.

Getrou aan sy uitgangspunt, vra Klima dus nie hoe ver die semantiese effek van die ontkennde element strek nie, maar slegs in watter gebied dit die distribusie van ander konstituente beïnvloed. Daarmee hanteer hy die begrip 'bereik van die ontkenning' as 'n suiwer sintaktiese (of, soos hy sou sê, grammatikale) onderskeiding.

Klima het gelyk dat hy hom op redelik vaste grond bevind solank hy alleen die vorm van sinne in ag neem, maar daar moet op gewys word dat die distribusie van negatiewe polariteitsitems nie 'n onfeilbare aanduiding is nie van die grense van die ontkenning se bereik. 'n Mens kan argumenteer dat die verskil in die optrede van any in (1.8)a. en b. op 'n verskil in die bereik van un- en not dui, maar dit is geen dwingende bewys dat not se bereik die hele matrikssin beslaan nie. Om hierdie redes skakel Klima se toetse nie die moontlikheid van meningsverskil oor die bereik van die ontkenning uit nie.

Om uitdrukking te gee aan die ooreenkoms in die sintaktiese gedrag van ontkennde elemente, postuleer Klima dat almal die abstrakte konstituent NEG⁴ bevat. Unable en unlikely is NEG+able en NEG+likely; doubt is NEG+doubt en not is 'n partikel wat NEG realiseer. Woorde soos nobody en nowhere word ontleed as 'n kombinasie van NEG plus die onbepaalde konstituente anybody en anywhere.

Die konstituent NEG word ook gebruik om die bereik van die ontkenning te beskryf; sy posisie in die dieptestruktuur bepaal watter deel van die sin ontken word.

-
4. Klima is daarvan bewus dat NEG alleen nie alle negatiewe polariteitsitems se distribusie volledig kan verantwoord nie. Any kom byvoorbeeld ook voor in vraagsinne (selfs as lg. ingebed is) en saam met only.

- (1.14) a. Only young writers will ever accept suggestions with any sincerity (207a)
 b. Who expects him to write any more novels? (207d)
 c. He wondered whether young writers ever accepted suggestions with any sincerity (209)

Hy stel daarom voor dat WH, NEG en only die grammaties-semantiese kenmerk Affek ('Affect') deel, waaraan ooreenkomste in sintaktiese gedrag toegeskryf kan word.


Dat dit moeilik is om 'n grens te trek tussen negatiewe en ander affektiewe elemente, blyk dadelik as 'n mens bv. only met doubt vergelyk. Daar is so min verskil in hul sintaktiese gedrag (d.w.s. wat polariteitsitems betref) dat dit moeilik is om te regverdig dat die een as negatief beskou word en die ander nie. Klima raak aan die probleem van die presiese afbakening van negatiewe elemente, maar bied geen oplossing daarvoor nie.

Die NEG van sinsontkenning voer Klima in deur reël (1.15) (1964:316).

(1.15) S → (WH) (Adv(NEG)) (NEG) Nominal-Predicate

(1.16) He doesn't smoke cigars

(1.17)




In konstituent-ontkenning word NEG deur verskillende reëls gegeneer, maar dit is altyd 'n suster van die konstituent wat dit ontken. Ek gee een van Klima se voorbeelde (1964:317).

(1.18) Predicative → (NEG) Adj Comp


(1.19) They are unable to accept any suggestions

(1.20)



Die bereik van NEG definieer Klima met behulp van die begrip 'in konstruksie met' (1964:297).

(1.21)



A constituent (for example, x^4 or x^5) is 'in construction with' another constituent (in this case x^3) if the former is dominated by (that is, occurs somewhere lower down the branch of) the first branching node (that is, x^2) that dominates the latter (x^3). Similarly, y is 'in construction with' x^1 as well as with x^2 , since y is dominated by w (in fact, all three y, x^1 , and x^2 are 'mutually in construction'). On the other hand, y is not 'in construction with' x since y is not dominated by x^2 .

Die bereik van NEG strek oor al die konstituente waarmee dit in konstruksie is, sowel as die konstituente wat deur laasgenoemde gedomineer word. Met ander woorde, die susterkonstituente van NEG en hul dogterkonstituente val binne sy bereik. In (1.17) is die bereik van NEG Nominal-Predicate, dus 'n hele sin; in (1.20) beslaan dit net die adjektief en sy komplement.

Daar is reeds in § 1.1. genoem dat die konstituent NEG die opsionele transformasie uitskakel wat die partikel not invoeg. Al transformasies wat in Klima se analise nodig is, is verskuiwingsreëls.

(1.22) There is (a negative transformation). But instead of introducing a morpheme it now only repositions the morpheme, and instead of being optional it is now obligatory.

Hierdie aanhaling uit Katz en Postal (1964:74) toon dat hul tevrede is dat Klima se analise geen teenvoorbeelde teen hul hipotese oplewer nie. Hul aanname is egter nie korrek nie. Sommige van Klima se verskuiwingsreëls is opsioneel en kan betekenisverskil tot gevolg hê.

Een voorbeeld is die reël INDEF-inkorporasie. Klima gebruik dit om onbepaalde pronomina en adverbiale en sekere klasse onbepaalde kwantore af te lei van wat hy ongespesifiseerde konstituente ('indeterminates') en eenvoudige kwantore ('simple quantifiers') noem. Die transformasie voeg die simbool INDEF toe aan die genoemde konstituente as hul in konstruksie is met NEG. So verantwoord hy die feit dat die onbepaalde konstituente (of altans sommige soos any) net binne die bereik van NEG voorkom. Die uitwerking van die reël word geïllustreer in (1.23).

(1.23) something + INDEF = anything
 sometime + INDEF = ever
 Quant₁: some, a, \emptyset + INDEF = any
 Quant₂: a lot of, a great deal, many + INDEF = much, many

By kwantore is INDEF-inkorporasie opsioneel, sodat dit al dan nie op 'n reeks soos (1.24) toegepas kan word.

(1.24) Quant² - smoker - Pl - NEG - chew - gum (127a)

Word INDEF-inkorporasie wel toegepas, dan is die lewering (1.25).

(1.25) INDEF + Quant² - smoker - Pl - NEG - chew - gum (127b)

Hierdie reeks voldoen aan die strukturele beskrywing van die reël NEG-inkorporasie, wat NEG toevoeg aan konstituente waarin INDEF reeds geïn-korporeer is. Die transformasie is verpligtend vir die eerste onbepaalde konstituent voor Tyd, anders is dit opsioneel. Uit (1.25) lewer dit (1.26), wat ten grondslag lê aan (1.27).

(1.26) NEG + INDEF + Quant² - smoker - Pl - chew - gum (127b)

(1.27) Not many smokers chew gum

As (1.24) egter nie INDEF-inkorporasie ondergegaan het nie en sodoende nie vir NEG-inkorporasie in aanmerking gekom het nie, sou dit die oppervlakstruktuur (1.28) opgelewer het.

(1.28) Many smokers don't chew gum

Klima se opsionele INDEF-inkorporasiereël maak dit gevolglik moontlik om twee sinne met verskillende betekenis van dieselfde dieptestruktuur af te lei, sodat sy analyse teenvoorbeelde teen die Katz-Postal-hipotese oplewer.

Klima self, vir wie die betekenisverskil nie ter sake is nie, meen dat dit aan die aan- of afwesigheid van INDEF toegeskryf moet word. Soos Kraak (1966:137) myns insiens tereg argumenteer, is hierdie verklaring intuïtief nie bevredigend nie.

(1.29) Het bedoelde betekenisverskil lijkt veel eerder een kwestie van ... een verschil in reikwijdte of bereik van het negatie-element. Dit verschil in bereik correspondeert met een verschil in plaats.

Dit wil sê, in (1.27), waar not aan die kwantor voorafgaan, val laasgenoemde binne die bereik van die ontkenning; in (1.28) met die omgekeerde volgorde van not en kwantor, word die kwantor nie deur die ontkenning geraak nie.

Hieruit blyk dat, ook by Klima se sinsontkenning, nie al die konstituente van die sin noodwendig onder die bereik van NEG kom nie. Dat Klima dit misgekyk het, is blykbaar te wyte aan sy streng formele standpunt.

Nadat dit bekend geword het dat daar teenvoorbeelde soos (1.27) en (1.28) teen die Katz-Postal-hipotese bestaan, was daar drie moontlike maniere waarop generatiewe linguïste kon reageer.

- (a) Verander die definisie van sinsontkenning. Jackendoff (1972:326) opper byvoorbeeld die moontlikheid dat NEG in (1.27) 'n dogter van S en in (1.28) 'n dogter van die VP (Klima se 'Predicate') kan wees. Op dié wyse kan daar onderskei word tussen ontkenning wat die sin tot bereik het en VP-ontkenning.
- (b) Wysig die analise van die konstituente-struktuur van sinne soos (1.27) en (1.28) sodat aan hulle verskillende dieptestrukture toegeken kan word.
- (c) Laat vaar die hipotese dat die dieptestruktuur alleen die semantiese interpretasie van die sin bepaal en interpreteer die bereik van die ontkenning in die oppervlakstruktuur.

Van die drie moontlikhede is net (b) en (c) werd om ernstig oorweeg te word, aangesien die onderskeiding van VP-ontkenning, soos Jackendoff bewys, nie die probleem oplos nie. In die res van Deel 1 sal aangetoon word hoe generatiewe linguïste tussen die moontlikhede gekies het en watter implikasie hul keuse het.

1.2.2. Die ontkenning binne die Katz-Postal-raamwerk: A. Kraak

Hierbo is die naam van A. Kraak genoem as een van die eerste linguïste wat daarop gewys het dat die ontkenning soos beskryf deur Klima teenvoorbeelde teen die Katz-Postal-hipotese oplewer. In sy studie Negatiewe zinnen (1966) verwerp hy egter nie hierdie hipotese nie. Hoewel hy dit nie by name noem nie, is hy klaarblyklik daarmee bekend, en sy uitgangspunt kom op dieselfde neer (1966:101).

- (1.30) Ik stel de hypothese dat aan elke positieve zin één en niet meer dan één negatieve zin beantwoordt en omgekeerd.

Kraak se opvatting van sinsontkenning stem ook ooreen met dié van Klima, sodat hy laasgenoemde se definiërende kontekste vir Nederlands aanpas.

- (1.31) Neweskikking met 'n saamgetrokke ook/evenmin-sin of zelfs-sin
 - a. (i) Hij werkt en zij ook

- (ii) Hij werkt niet en zij ook niet (en zij evenmin)
 - (iii) *Hij werkt niet en zij ook
 - (iv) *Hij werkt en zij ook niet (en zij evenmin)
- b.
- (i) Hij leest altijd, zelfs 's avonds
 - (ii) Hij leest nooit, zelfs 's avonds niet
 - (iii) *Hij leest nooit, zelfs 's avonds
 - (iv) *Hij leest, zelfs 's avonds niet

Neweskikking met 'n saamgetrokke sin waarin ook of zelfs voorkom, is net moontlik as albei òf positief òf negatief is. Vir evenmin geld die voorwaarde dat albei sinne negatief moet wees.

(1.32) Neweskikking met saamgetrokke ja/nee-vraagsinne

- a. (i) Hij werkt niet, (is het) wel?
 - (ii) *Hij werkt, (is het) wel?
- b.
- (i) Hij werkt, (is het) niet (niet waar)?
 - (ii) Hij werkt nie, (is het) niet (niet waar)?

Langs die Engelse 'tag-questions' soos will they? en won't they? kan die Nederlandse (is het) wel? en niet (niet waar)? gestel word. Die Nederlandse vrae gedra hul egter nie in alle opsigte soos die Engelse ekwivalente nie. Wel in die saamgetrokke vraagsin vereis altyd dat die ander sin negatief moet wees, maar niet (niet waar)? is moontlik by neweskikking met 'n negatiewe sowel as 'n positiewe sin, soos (1.32) se voorbeelde toon.

Aangesien Kraak nie een van die moontlikhede onder (a) of (c) in die vorige paragraaf kies nie, bly net die moontlikheid (b) vir hom oop. Hy stel inderdaad wysiging in die basisstruktuur van sinne voor, maar eers bespreek hy 'n hele aantal negatiewe sinne wat nie die hipotese gehoorsaam nie.

(1.33) Sinne met 'onbepaalde' konstituente

- a. (i) De jongen begriipt een formule
 - (ii) De jongen begriipt geen formule
 - (iii) De jongen begriipt een formule niet
- b. (i) Hij heeft veel vraagstukken af

- (ii) Hij heeft niet veel vraagstukken af
- (iii) Hij heeft veel vraagstukken niet af
- c. (i) Er gaat iemand mee
- (ii) Er gaat niemand mee
- (iii) Er gaat iemand niet mee
- d. (i) Hij heeft drie boeken teruggebracht
- (ii) Hij heeft geen drie boeken teruggebracht
- (iii) Hij heeft drie boeken niet teruggebracht
- e. (i) Hij werkt vaak
- (ii) Hij werkt niet vaak
- (iii) Hij werkt vaak niet

(1.34) Sinne met adverbia soos graag

- a. (i) Hij gaat erg graag naar school
- (ii) Hij gaat niet erg graag naar school
- (iii) Hij gaat erg graag niet naar school

(1.35) Sinne met adverbiale preposisie-groepe

- a. (i) De gasten vertrekken om de regen
- (ii) De gasten vertrekken niet om de regen
- b. (i) Hij werkt tot mijn tevredenheid
- (ii) Hij werkt niet tot mijn tevredenheid
- (iii) Hij werkt tot mijn tevredenheid niet
- c. (i) Hij werkt tot vier uur
- (ii) Hij werkt niet tot vier uur
- (iii) Hij werkt tot vier uur niet

In (1.33) tot (1.35) verskil (ii) en (iii), wat net een positiewe teë-hanger, en volgens die Aspects-model net een dieptestruktuur het, telkens in betekenis. (1.35)a. volg dieselfde patroon, want (ii) is homoniem. Soos in § 1.2.1. aangedui is, skryf Kraak die betekenisverskil toe aan die bereik van die ontkenning. In (ii) val die nominale konstituent, adverbiaal, ens. wat op die ontkenningswoord volg, binne sy bereik, maar in (iii), waar die betrokke konstituente aan niet voorafgaan, staan hul daarbuite.

Hieruit blyk dat Kraak die bereik van die ontkenning as semanties-sintaktiese begrip hanteer. Dit is die gebied waarbinne die ontkenning nie

alleen die voorkoms van sekere konstituente bepaal nie, maar ook 'n semantiese effek op die ander lede van die sin het.

Omdat Kraak sowel (ii) as (iii) as voorbeelde van sinsontkenning beskou, moet hy aan negatiewe sinne so 'n struktuur toeken dat NEG se bereik ten minste oor 'n subjek-predikaatsverbinding strek, maar dat een of meer konstituente daarbuite kan staan.

Die strukture wat Kraak voorstel, is verskillend vir elk van die drie groepe uitsonderings. Graag beskou hy as 'n sinsagtige adverbium wat buite die minimale subjek-predikaatsverbinding staan en waarin NEG (Hij gaat niet graag naar school) of POS (Hij gaat graag niet naar school) geïnkorporeer kan word. (Sien hieronder vir die nosie POS.)

Sinne met konstituente wat Kraak onbepaald noem, bevat volgens hom twee S'e in hul dieptestruktuur. Iemand werkt kan geparafraseer word as Er is iemand, hij werkt. As NEG die eerste sin ontken, lewer dit Niemand werkt; behoort NEG tot die tweede sin, is die resultaat Iemand werkt niet.

Hierdie twee oplossings, wat Kraak nie in besonderhede uitwerk nie, kom in hoofsaak neer op die soort strukture wat die generatiewe semantiek later sou voorstaan. Sy analise van adverbiale preposisie-groepe probeer daarenteen om sowel die teenvoorbeelde teen die Katz-Postal-hipotese uit te skakel en 'n Aspects-tipe dieptestruktuur te handhaaf. Ek sal daarom hierdie voorstel van nader beskou aan die hand van (1.35)a.(ii) wat herhaal word as (1.36).


(1.36) De gasten vertrekken niet om de regen

Die volgende herskryfreëls van Kraak is ter sake vir die sin.

- (1.37)
- | | | | |
|----|-----------------|---|-----------------------|
| a. | Z | → | (NEG) Z' |
| b. | Z' | → | NC VC |
| c. | VC | → | VC ¹ (Adv) |
| d. | VC ¹ | → | Aux V |

Hierdie reëls genereer dieselfde konstituente-struktuur vir albei interpretasies van (1.36).

(1.38)



Kraak laat dus nie die bereik van NEG uitsluitlik deur sy posisie in die konstituente-struktuur bepaal nie. Hy stel voor dat NEG deur 'n inkorporasie-transformasie in 'n gespesifiseerde deel van die sin opgeneem word; die betrokke reeks maak dan sy bereik uit.

Ten einde NEG in verskillende dele van 'n struktuur soos (1.38) te inkorporeer en daarmee aan hom 'n bereik toe te ken wat in ooreenstemming is met die twee interpretasies, maak Kraak gebruik van 'n definisie wat dele van die eindreekse van konstituente-strukture as subjek-predikaatsverbindings spesifiseer.

$$(1.39) \quad NC \quad VC^i = NC \quad VC_{SP} \quad (i \geq 0)$$

indien

$$\begin{aligned} NC &= NC, \quad Z' \\ VC^i &= VC^i, \quad VC^k \quad (-1 \leq k < i) \end{aligned}$$

waarby

$$\begin{aligned} VC^0 &= VC \\ VC^{-1} &= Z' \end{aligned}$$

Die subskriptum SP staan vir subjek-predikaatsverbinding. Volgens die definisie is sowel de gasten Tmp vertrekken om de regen (NC VC) as de gasten Tmp vertrekken (NC VC¹) 'n subjek-predikaatsverbinding. Op hierdie wyse kan daar gesê word dat die dubbelsinnige (1.36) twee moontlike dieptestrukture het.

Met 'n verpligte inkorporasie-transformasie word NEG opgeneem in 'n deel van Z' wat ten minste 'n subjek-predikaatsverbinding bevat.

(1.40) NEG-inkorporasie

$$\text{NEG (X)}_{\text{SP}} \quad \text{Y} \quad \Longrightarrow \quad \text{NEG}_{\text{SP}} \quad (\text{X}) \quad // \quad \text{Y}$$

Die bereik van die negasie-element word gedefinieer as die deel van die eindreeks wat regs van NEG en links van die inkorporasieteken '//' staan.

(1.41) illustreer hoe NEG op verskillende wyses in die eindreeks van (1.36) geïnkorporeer is, sodat sy bereik in die een interpretasie die adverbiaal insluit, maar in die ander nie.

- (1.41) a. NEG NC VC Adv //
- de gasten vertrekken om de regen
- b. NEG NC VC¹ // Adv
- de gasten vertrekken om de regen

Daar is verskeie aspekte van hierdie analise wat vrae laat ontstaan. In die eerste plek beteken dit dat Adv se verhouding tot die ander konstituente nie alleen deur sy konstituente-status bepaal word nie. Kraak se herskryfreëls ken daarom nie op ondubbelsinnige wyse 'n dieptestruktuur aan 'n sin toe nie; die struktuur word eers deur die bykomende definisie volledig gespesifiseer. Dit kom neer op 'n ingrypende wysiging van die generatiewe sintaktiese teorie, wat baie deeglik gemotiveer sou moes word.

Nie alleen bied Kraak geen onafhanklike motivering vir hierdie verandering aan nie, maar dit blyk dat sy analise origens ook op losse skroewe staan. Die voorstel hou in dat die positiewe teëhanger van 'n sin soos (1.36) ook twee verskillende dieptestrukture kan hê.

(1.42) De gasten vertrekken om de regen

Hierdie implikasie werk Kraak soos volg uit: naas NEG postuleer hy 'n konstituent POS, wat uitdrukking gee aan die positiwiteit van die sin. POS kan ook òf in die hele sin òf in 'n gedeelte wat ten minste 'n NC VC behels, geïnkorporeer word, en NEG-inkorporasie word uitgebrei om daarvoor voorsiening te maak.

As die adverbiaal dan binne of buite die bereik van POS kan val, beteken dit dat (1.42) homoniem is. Om dit aanneemlik te maak, gebruik Kraak die begrippe 'nuwe' en 'bekende' informasie (fokus en presupposisie).

As POS byvoorbeeld net in de gaste vertrekke geïnkorporeer word, dan is laasgenoemde die nuwe informasie, terwyl die rede vir die vertrek bekend is. Word POS in die hele sin geïnkorporeer, dan is die nuwe informasie die rede waarom die gaste vertrek, naamlik om de regen.

My beswaar teen hierdie hantering van NEG en POS is dat die homonimiteit van die negatiewe De gaste vertrekke nie om de regen en dié van die positiewe De gaste vertrekke om de regen daardeur gelykgestel word, terwyl die eerste sin se twee interpretasies 'n duidelike verskil in waarheidswaarde het, wat by laasgenoemde nie waar te neem is nie.

As POS-inkorporasie origins beoordeel word suiwer op sy vermoë om die verskil tussen nuwe en bekende inligting te beskryf, blyk dit ook te kortkominge te hê.

Daar bestaan groot meningsverskil oor hoe hierdie twee semantiese aspekte in die grammatika beskryf moet word, maar daar word wel algemeen aanvaar dat feitlik enige konstituent in die sin die nuwe inligting of fokus kan bevat, ook die subjek as dit met spesiale nadruk uitgespreek word.

(1.43) HULLE het dit nie gedoen nie

So 'n geval sou nie deur Kraak se POS-inkorporasie gehanteer kan word nie. As die reël nogtans behou word, omdat dit noodsaaklik is vir Kraak se analise van negatiewe sinne met adverbiale preposisie-groepe, beteken dit dat sy grammatika meer as een meganisme nodig sal hê om dieselfde verskynsel te beskryf - 'n duidelike gebrek aan generalisering.

Afgesien van hierdie ongewenste gevolge wat die analise vir die grammatika het, is dit verder geen volledige behandeling van die adverbiale preposisie-groepe nie. Die term toon dat Kraak die adverbiale bepalinge volgens hul interne bou saamgroepeer en daarby die tradisionele subkategorieë buite rekening laat, wat meestal met 'n verskil in sintaktiese gedrag gepaard gaan, veral ten opsigte van die ontkenning. Hy merk wel op dat 'de zg. "bepaling van rigting" met naar een uitzondering vormt op de tweeledige integratiemogelykheid in Z'", maar noem glad nie ander subkategorieë, vernameamlik dié van wyse, wat ook nie twee ontkenningmoontlikhede het nie. Dit is bowendien nie maklik om te sien hoe hy in sy reëls vir hierdie subkategorieë voorsiening kan maak, behalwe deur 'n

ad hoc-beperking nie, wat NEG-inkorporasie in die adverbiaal in sekere gevalle verpligtend sal maak.

Van watter kant 'n mens Kraak se voorstel ook al bekyk, dit blyk onbevredigend te wees. Daarmee toon hy dat 'n dieptestruktuur wat nog redelik ná aan dié van Aspects staan, nie met die Katz-Postal-hipotese versoen kan word nie, maar dat meer abstrakte strukture nodig is.

Die verdienste van Kraak se studie Negatiewe zinnen is myns insiens dat dit die probleem wat ontkennde sinne vir die Aspects-model oplewer, baie duidelik stel: hierdie model se dieptestrukture kan nie verskille in die bereik van die ontkenning verantwoord nie. Kraak slaag egter nie daarin om 'n eie oplossing vir die probleem aan te bied nie.

HOOFSTUK 2

DIE ONTWIKKELING VAN DIE TRANSFORMASIONEEL-GENERATIEWE
GRAMMATIKA NÁ ASPECTS2.1. Oorsig

Die feit dat die Aspects-model dit nie moontlik maak om die Katz-Postal-hipotese te handhaaf nie, is een van die belangrike faktore wat die verdere ontwikkeling van die generatiewe linguistiese teorie gestimuleer het. 'n Tweede faktor is die waarneming dat talle linguisties-beduidende generaliserings nie binne die Aspects-raamwerk gemaak kan word nie.

George Lakoff bespreek 'n groot aantal voorbeelde in sy werk On the nature of syntactic irregularity¹. Hy wys byvoorbeeld op die verwantskap wat daar bestaan tussen sinne wat selfstandige verba bevat en dié met adjektiewiese konstituenten in die predikaat.

- (2.1) a. I know that Bill went there
b. I am aware that Bill went there

(2.1) a. en b. het nie alleen dieselfde interpretasie nie, maar die adjektief en verbum het ook seleksiebeperinge gemeen: albei is (+Staties). Die dieptestruktuur wat Aspects aan dié twee sinne toeken, bevat egter verskillende kategorieë en kan nie aan die verwantskap uitdrukking gee nie. Daarmee mis die grammatika 'n generalisering.

Generatiewe linguiste het op verskillende wyses probeer om die genoemde faktore te akkommodeer, met die gevolg dat daar twee hoofstrominge in die linguistiese teorie ontstaan het. Albei rigtinge verwerp die standaard-vorm van die Aspects-model. Die een het 'n alternatiewe teorie in die plek daarvan gestel, wat bekend is as die generatiewe semantiek. Dit word voorgestaan deur verskeie linguiste, onder wie James D. McCawley, George Lakoff, Paul M. Postal en John Robert Ross die bekendste is. Die vernaamste verteenwoordigers van die ander rigting is Chomsky self

1. Gepubliseer as Lakoff (1970b).

in sy jongste werk², verder Ray S. Jackendoff, J. Emonds, R.C. Dougherty, en andere. Hul teorie is slégs 'n gewysigde vorm van die Aspects-model en word daarom die uitgebreide standaardteorie ('Extended Standard Theory') of interpretatiewe semantiek genoem.

Verskeie van die betrokke linguïste, veral Chomsky, wys daarop dat die verskil tussen die twee teorieë in 'n sekere mate net notasioneel van aard is. Dit het mettertyd egter ook duidelik geword dat daar empiriese geskilpunte bestaan, en elke kant beweer dat die ander ten opsigte van hierdie kwessies die verkeerde rigting ingeslaan het.

2.2. Die generatiewe semantiek

2.2.1. Die grammatika-model

Tydens die ontwikkeling van die generatiewe semantiek (voortaan GS) is daar vasgehou aan die hipotese dat transformasiereëls nie betekenis verander nie en dat die dieptestruktuur al die inligting vir die semantiese interpretasie van 'n sin moet bevat. Terselfdertyd is die verwantskap tussen konstituente verantwoord deur hul transformasioneel van dieselfde dieptestruktuur af te lei. Vir (2.1) stel Lakoff byvoorbeeld voor dat die verbum en adjektief albei tot dieselfde dieptestruktuur-kategorie VERB behoort.

Hierdie uitgangspunt het daartoe gelei dat die GS in hul analyses al hoe meer abstrakte strukture voorgestel het, totdat 'n punt bereik is waar die dieptestruktuur van die sin (nou dikwels onderliggende struktuur genoem) as gelykstaande aan die semantiese representasie beskou word. Dit bring mee dat daar geen skeiding meer tussen sintaksis en semantiek gemaak word nie, en die bestaan van 'n vlak van sintaktiese dieptestruktuur, wat in die Aspects- en uitgebreide standaardteorie die 'break off-point between syntax and semantics'³ vorm, word ontken.

2. Chomsky (1970), (1971), (1972) en (1976).

3. Lakoff (1971).

Die grammatikamodel van die GS word ooreenkomstig hierdie opvatting georganiseer: daar is slegs twee hoofkomponente, die semantiese en fonologiese komponent. Laasgenoemde het nog ongeveer dieselfde vorm as in Aspects, maar die semantiese komponent het 'n heeltemal ander gedaante aangeneem. Dit is nie meer interpretatief nie, maar generatief, en die vroeëre sintaktiese komponent in hom opgeneem. Dit bevat 'n basis-komponent wat direk semantiese representasies genereer en 'n transformasionele komponent wat hul omskep tot oppervlakstrukture. Onderstaan-aanhaling uit McCawley (1971a:285) stel dit duidelik.

- (2.2) The notion of a 'deep structure' which separates syntax from semantics and a distinction between 'transformations' and 'semantic interpretation rules' are given up in favor of a single system of rules which relates semantic structure and surface structure via intermediate stages which deserve the name 'syntactic' no more and no less than 'semantic'.

2.2.1.1. Die basiskomponent

Geeneen van die generatiewe semantici het nog 'n stel volledig uitgewerkte basisreëls voorgestel nie, daarom volg ek die gewone uitweg van die vakliteratuur om die reëls van Aspects as uitgangspunt te gebruik en aan te toon watter veranderings aangebring is. Daarby maak ek geen aanspraak op volledigheid nie, maar konsentreer op die aspekte van die sin wat vir die ontkenning van belang is.

Gloobaal geneem, kan 'n mens sê dat die GS 'n groot aantal konstituente wat voorheen as deel van die simplekssin beskou is, as predikaat van 'n hoër sin analiseer. So 'n predikaat word uiteindelik tuis gebring onder een kategorie wat VERB, Predikaat of 'Contentive' genoem word.

Daar is reeds aangedui hoe die adjektief onder VERB ingedeel is. Lakoff (1970b:156vv.) argumenteer ook dat adverbiale bepalinge van wyse ('Manner') afgelei is uit 'n hoër simplekssin met 'n adjektief wat saam met 'n predikatiewe komplement voorkom.

- (2.3) a. John sharpened knives cautiously (F-2)
b. John was cautious in sharpening knives

Daarmee word die adverbiaal herlei tot 'n item wat tot die kategorie VERB behoort.

Verskeie ander soorte adverbiale is vir Lakoff in onderliggende struktuur ewe-eens predikate van hoër sinne. In die onderstaande kan die b.-sinne dien as parafrase van die struktuur wat hy vir die a.-sinne postuleer.


- (2.4) a. I don't beat my wife in the yard
 b. It is not in the yard that I beat my wife. (F-33)
- (2.5) a. I don't beat my wife because I love her (F-39)
 b. (i) It is because I love my wife that I don't
 beat her (F-40)
 (ii) It is not because I love my wife that I
 beat her (F-41)
- (2.6) a. Do you beat your wife with a whip? (F-42)
 b. Is it with a whip that you beat your wife? (F-43)
- (2.7) a. Do you beat your wife often? (F-47)
 b. Is it often that you beat your wife? (F-48)

Hierdie soort analise kan tot alle subkategorieë van die adverbiale bepaling uitgebrei word, hoewel dit nie sonder probleme is nie, soos in Deel 2 aangetoon sal word (sien § 8.2.3.).

In Aspects is daar 'n duidelike verskil tussen die tradisionele hulpwerkwoorde en selfstandige werkwoorde; eersgenoemde word uit die auxiliêre en laasgenoemde uit die verbale konstituent herskryf. John Ross (1969)⁴ stel daarteenoor voor dat die auxiliêre en ook Tyd die predikate vorm van hoër sinne wat die hoofsin van die oppervlakstruktuur as komplement het. Die onderliggende struktuur van (2.6) is dan (2.7).

(2.6) Erich John should climb Mt. Kanchenjunga

(2.7)




4. My voorbeeld is aangehaal uit Jacobs en Rosenbaum (1971:74).

Hierdie analise skakel die auxiliaar-konstituent uit en daarmee word die predikaatskonstituent ook oorbodig, omdat dit nou net VP domineer.

Kwantore vorm in die reëls van Aspects in die dieptestruktuur 'n onderdeel van die nominale konstituente waartoe hul in die oppervlakstruktuur behoort. Verskeie generatiewe semantici⁵ het argumente aangevoer dat hierdie opvatting nie korrek is nie. Hulle neem aan dat kwantore ontstaan as die predikate van sinne wat bo die NP's in onderliggende struktuur voorkom, en deur 'n transformasie kwantor-neerlating ('quantifier-lowering') daarheen verskuif word. (2.9) is die struktuur wat Lakoff byvoorbeeld voorstel vir (2.8).

(2.8) Many men read few books

(2.9)



Vir Lakoff bestaan daar origens 'n noue verwantskap tussen kwantore en junktore en die ontkenning (NEG). Junktore en NEG word ook as hoër predikate ontleed en vorm volgens hom 'n 'natural semantic clause of predicates' (1971:244).

Die mees ingrypende voorstel ten opsigte van 'n basiskategorie is dat nomina nie van adjektiewe en verba verskil nie, maar ewe-eens tot die kategorie VERB behoort. Emmon Bach (1968) maak hierdie analise aanneemlik deur nomina af te lei van relatiewe bysinne met predikaats-NP's.

5. Lakoff (1970b:173 - 183; 1971:238vv.); McCawley (1972:509).

- (2.10) All nouns (at least common nouns) are derived in one way, namely from structures of roughly the form

Det + one + S

where S is further developed into a sentence of the form

Det + one + Aux + be + Predicate nominal

or whatever the correct underlying form for such structures turn out to be

Hiervolgens moet (2.11) ongeveer die struktuur (2.12) hê.

- (2.11) The man works

- (2.12) [The one [the one Aux be a man]] works


Bach redeneer verder dat die pronomens one deur iets meer abstraks vervang kan word en hy stel voor dat referensie-indekse in die vorm van variabele daarvoor gebruik word. Die indekse kan terselfdertyd as die NP's se referensiële indekse dien. Die onderliggende struktuur (2.12) het dan die volgende vorm.

- (2.13) [The x [the x Aux be a man]] works

Bach se hantering van die kategorie nomen bring die status van die artikel ter sprake. Oor die artikel bestaan daar groot onsekerheid in die GS⁶ en ek sal hier nie verder op dié kwessie ingaan nie. In § 5.1.5. word 'n voorstel gemaak oor hoe artikels in die GS gehanteer sou kon word.

As die artikel buite rekening gelaat word, kan (2.13) soos volg in 'n boomdiagram voorgestel word.

- (2.14)




6. Sien byvoorbeeld McCawley (1971:291).

Hierdie diagram weerspieël ook die bekende voorstel van McCawley (1970) dat die onderliggende volgorde vir Engels dié van Verbum-Subjek-Objek (VSO) is. So 'n volgorde skakel noodwendig die VP-knoop uit en vereenvoudig die basisstruktuur verder.

Omdat 'n verbum en sy objek in oppervlakstruktuur een konstituent vorm, moet 'n konstituent gelykstaande aan VP transformasioneel geskep word. Volgens McCawley word die NP wat onmiddellik op V volg, na die voorkant daarvan geskuif en deur die transformasie subjekverheffing ('subject-raising') in 'n hoër S gelig. Die gevolg is 'n struktuur soos (2.15) met V en NP as susterkonstituente, hoewel hul deur S en nie deur VP nie gedomineer word.

(2.15)



Met die uitskakeling van VP is die groot aantal basiskategorieë van Aspects verminder tot drie: S, NP en V. Aan die ander kant het die voorgestelde onderliggende struktuur veel meer kompleks geraak. Selfs die allereenvoudigste sin het nou meer as een S in sy afleiding. Bowendien is die hoofsin van die oppervlakstruktuur nie meer die hoogste S in die onderliggende struktuur nie.

Deur die vereenvoudiging van die basiskategorieë het daar 'n byna een-tot-een-korrespondensie tussen logiese en grammatikale kategorieë tot stand gekom. S korrespondeer met 'sin' in die logika en NP met 'argument'; V is 'n effens meer uitgebreide kategorie as die logiese 'predikaat', aangesien die logiese junktore (voegwoorde) en operateurs (NEG en kwantore) daaronder ingesluit word.


Die GS se basisstruktuur is dus beperk tot die kategorieë van die predikatekalkulus: elke sin is opgebou uit 'n aantal S'e wat ooreenkom met enkelvoudige logiese sinne, en al verskil is dat die grammatikale sinne hiërargies georden is in boomstrukture.

Daar is egter generatiewe semantici wat 'n ander standpunt huldig: 'a slightly different kind of symbolic logic is required for semantic representation'. McCawley (1967:526) postuleer dat die semantiese

inhoud van 'n NP in die onderliggende struktuur buite die S staan waar- van dit in die oppervlakstruktuur 'n deel uitmaak. Sy onderliggende struktuur sien ongeveer soos die onderstaande daaruit.

(2.16) The man kissed the woman

(2.17)



Ek kan nie verder ingaan op die verskil tussen die twee opvattinge (en ander variante) nie. Wanneer ek die GS se voorstelle in verband met die ontkenning bespreek, sal ek gebruik maak van strukture wat met die predikatekalkulus ooreenkom, Ek vind dit die eenvoudigste, veral aangesien hierdie strukture die naaste aan die tradisionele sinsbeskrywing staan. Gesien die groot onsekerheid oor basisstrukture in die GS, sal enige onderliggende boomdiagramme in elk geval slegs 'n baie ruwe voorstelling van die sin se struktuur kan wees.

2.2.1.2. Leksikale ontleding

In die Aspects-teorie word daar aan elke leksikale item in die leksikon 'n bundel binêre sintaktiese en semantiese kenmerke toegeken. Die sintaktiese kenmerke bepaal in watter kategoriale dieptestruktuur die item ingevul kan word; die semantiese kenmerke spesifiseer sy betekenis en semantiese seleksiebeperkinge.


Alle leksikale invoeging gaan in die Aspects-teorie aan die toepassing van die transformasiereëls vooraf, en die leksikale items het in die dieptestruktuur grotendeels dieselfde vorm as in die oppervlakstruktuur (met die uitsondering van fleksie-affikse en veranderings soos dié wat nominalisering aanbring).

Die GS doen weg met sintaktiese en semantiese kenmerke. Hul argumenteer dat 'n item se betekenis nie eenvoudig 'n optelsom is van die elemente wat dit bevat nie, maar ook bepaal word deur die verhouding tussen sy betekenselemente en ander konstituente van die sin. Die GS beskou

dié verhoudings as sintakties,⁷ daarom word die betekenis-elemente as predikate in die onderliggende boomdiagram opgeneem. Ek illustreer met 'n bekende voorbeeld van McCawley (1970:295).

(2.18) Peter kills Paul


(2.19)



Elemente soos CAUSE is nie morfeme nie, maar minimale semantiese entiteite ('semantic primes'). Saam met die referensiële indekse vorm hulle die uiteindelijke konstituente van die boomdiagram wat die semantiese representasie van die sin verteenwoordig.

Die GS maak ook voorsiening vir pre-leksikale transformasies, dit wil sê, T-reëls wat voor leksikale invoeging van toepassing is. Hiervan is die belangrikste predikaatsverheffing ('predicate-raising'), 'n opsionele sikliese reël wat 'n sin se predikaat toevoeg aan dié van die sin direk bo hom. As die reël op elke S in (2.19) toegepas word, lewer dit (2.20).

(2.20)



7. Weinreich (1966): Every relation that may hold between components of a sentence also occurs among the components of a meaning of a dictionary entry.

'n Gedeelte van 'n boomdiagram kan met 'n leksikale item vervang word as dit ooreenkom met die grammaties-semantiese beskrywing van die item in die leksikon. Die Engelse leksikon sal byvoorbeeld reëls soos (2.21) bevat, wat dit moontlik maak om die predikate van (2.20) met kill te vervang (De Rijk (1974:51)).

(2.21) $\begin{matrix} \bar{[} \\ \vee \end{matrix} \text{CAUSE}$ $\begin{matrix} \bar{[} \\ \vee \end{matrix} \text{BECOME}$ $\begin{matrix} \bar{[} \\ \vee \end{matrix} \text{NOT}$ $\begin{matrix} \bar{[} \\ \vee \end{matrix} \text{ALIVE} \begin{matrix} \bar{]} \\ \bar{]} \\ \bar{]} \\ \bar{]} \end{matrix}$ ---- $\begin{matrix} \bar{[} \\ \vee \end{matrix} \text{kill}$

2.2.1.3. Transformasiereëls

In die voorafgaande paragrafe het twee van die nuwe transformasiereëls wat die GS se analyses noodsaaklik maak, ter sprake gekom, naamlik kwantor-neerlating en predikaatsverheffing. Hulle is terselfdertyd die belangrikste en mees omstrede van die bykomende 'gewone' transformasies wat die GS postuleer. Interpretatiewe semantici soos Chomsky (1972:108) voer aan dat hierdie reëls nie sintakties gemotiveer is nie en net bestaan om die GS se analyses van hoër predikate en leksikale struktuur moontlik te maak.

Dieselfde soort kritiek word gerig teen die nuwe soort reël wat die GS aan hul linguistiese teorie toevoeg, die globale afleidingsinperking ('global derivational constraint') van Lakoff (1971).

In die Aspects-teorie omskep transformasies een konstituentestruktuur tot die volgende in die afleiding van die sin. Die filteraksie van transformasies is daarmee beperk tot twee op mekaar volgende strukture. Sulke reëls noem Lakoff lokale afleidingsinperkinge en stel daarbenewens globale reëls voor wat beperkinge kan opleë aan strukture wat ver uitmekaar in die afleiding voorkom, byvoorbeeld tussen die onderliggende en oppervlak- of sogenaamde vlak struktuur.

Hierdie globale afleidingsinperkinge het Lakoff die eerste keer gebruik om die relatiewe volgorde van logiese predikate soos kwantore en NEG in die onderliggende en vlak struktuur te reël (sien § 2.2.2.). In 'n latere artikel (1970a) argumenteer hy dat hulle ook nodig is om sintaktiese verskynsels soos die kongruensie van verba en adjektiewe met NP's en die sametrekking van konstituente in die oppervlakstruktuur te beskryf. Daarmee wil hy dan antwoord op die kritiek van die interpretatiewe semantici

dat daar geen onafhanklike, sintaktiese motivering vir die globale inperkinge bestaan nie.⁸

Afgesien van die kwessie van onafhanklike getuienis is daar 'n ander, baie belangrike punt van kritiek teen afleidingsinperkinge. Chomsky beklemtoon die feit dat die teorie van transformasionele grammatika 'n baie groot deskriptiewe krag het en dat hierdie krag sover moontlik beperk moet word, anders kan die linguistiese teorie nie verklaar hoe iemand wat 'n taal verwerf, 'n grammatika op grond van die beskikbare gegewens selekteer nie. As reëls soos Lakoff se globale afleidingsinperkinge toegelaat word, maak dit egter die krag van die teorie nog groter. Chomsky oordeel daarom (1972:68):



(2.22) Permitting a broader class of 'derivational constraints' within particular grammars is a step towards a worse theory.

Met ander woorde, die GS wat afleidingsinperkinge toelaat, is volgens Chomsky verklarend minder adekwaat/as 'n teorie soos die interpretatiewe semantiek, wat nie sulke reëls bevat nie.

2.2.2. Die ontkenning in die generatiewe semantiek

In die GS is daar geen uitvoerige studies oor die ontkenning soos dié van Klíma en Kraak nie. Die beskrywing wat ek hier gee, is gehaal uit 'n verskeidenheid van artikels, veral van Lakoff (1970a, 1970b, 1971), McCawley (1973) en Bach (1968).

In die oorsig van die basiskomponent is reeds genoem dat die GS die vroeëre konstituent NEG analiseer as 'n hoër predikaat wat 'n sin as argument het. (2.24)b. stel hierdie struktuur voor, in vergelyking met Klíma se analise (2.24)a.



8. Sien Baker en Brame (1972) vir kritiek op hierdie getuienis en Lakoff (1972) vir 'n teenantwoord.

Dit is duidelik dat die basisstrukture van die GS nie meer 'n onderskeid tussen sins- en konstituent-ontkenning moontlik maak nie. Bach (1968:97) stel dit eksplisiet dat alle ontkenning in die GS as sinsontkenning geanaliseer word.


- (2.25) The notion of negating a sentence element is suspicious on two counts. First, it is hard to understand exactly what could be meant by negating a noun, an adverb, or the like. Second, it would obviously be better to have a uniform account of negation than to posit two unrelated kinds, that is, sentence negation and element negation. ... all negation will come ultimately from the negation of a sentence.

Die analise van 'n groot aantal konstituente as hoër predikate bring ook mee dat elemente wat binne of buite die bereik van die ontkenning val, in die onderliggende struktuur ewe-eens 'n sin vorm. Die GS kan dan deur middel van die relatiewe hoogte van hierdie S'e en NEG in die onderliggende struktuur aan verskille in bereik uitdrukking gee. Ek gebruik twee baie bekende sinne uit die vakliteratuur as voorbeeld.


- (2.26) a. Not many arrows hit the target
b. Many arrows didn't hit the target

Dit is dieselfde soort sinne as (1.27) en (1.28) wat by Klima voorkom en waarvan daar aangetoon is dat hul in die Aspects-raamwerk 'n teenvoorbeeld teen die Katz-Postal-hipotese vorm. In die GS is dit nou moontlik om twee verskillende onderliggende strukture aan hul toe te ken, wat voorgestel kan word deur (2.27)a. en b. onderskeidelik.

(2.27)a.



(2.27)b.



Die bereik van 'n knoop word deur die GS gedefinieer as die knope wat dit in die onderliggende struktuur kommandeer.

(2.28) We will say that a node A 'commands' another node B if (1) neither A nor B dominates the other; and (2) the S-node that most immediately dominates A also dominates B.

In (2.27)a. kommandeer NEG die kwantor many, maar many kommandeer nie vir NEG nie, omdat die S-knoop wat dit onmiddellik domineer, nie ook NEG domineer nie. Many val hier dus binne die bereik van NEG. In (2.27)b., waar die kommandeer-verhouding omgekeerd is, kom die kwantor many nie onder NEG se bereik nie. Met strukture soos (2.27) kan die GS gevolglik die verskil in betekenis tussen (2.26)a. en b. verklaar.

Om die Katz-Postal-hipotese te handhaaf, is dit egter nie genoeg om net afsonderlike onderliggende strukture aan (2.26)a. en b. toe te ken nie.

9. Langacker (1969), soos aangehaal deur Jackendoff (1972:117). Die nosie 'kommandeer' is ruimer as 'in konstruksie met', want in 'n kommandeer-verhouding hoef 'n knoop nie 'n suster te wees van die knope wat dit kommandeer nie, maar moet slegs deur dieselfde S gedomineer word. Binne 'n GS-raamwerk is hierdie onderskeid egter nie baie belangrik vir die beskrywing van die ontkenning nie, omdat soveel meer S-knope in die onderliggende struktuur voorkom.

As die transformasiereëls vryelik op die strukture toegepas sou word, bestaan die moontlikheid nog altyd dat hul betekenisverskille kan veroorsaak.

NEG en die kwantore word respektiewelik deur die reëls NEG-neerlating en kwantor-neerlating laat sak tot in die sin waarin dit in oppervlakstruktuur verskyn. In (2.27)b. is kwantor-neerlating byvoorbeeld van toepassing op die S_1 -siklus en NEG-neerlating op die S_2 -siklus. Veronderstel egter dat die passief eers op die S_3 -siklus toegepas word. Die afleiding verloop dan soos volg:

S_3	T-passief	\implies	the target was hit by arrows
S_2	NEG-neerlating	\implies	the target was not hit by arrows
S_1	kwantor-neerlating	\implies	the target was not hit by many arrows

Die uiteindelijke lewering van die drie transformasies is (2.29).

(2.29) The target wasn't hit by many arrows

Vir baie sprekers het dit, met normale intonasie, net die interpretasie van (2.26)a. Met ander woorde, ons kry 'n oppervlakstruktuur wat in betekenis verskil van die onderliggende struktuur waarvan dit afgelei is.

Om dergelike afleidings uit te skakel, het Lakoff sy globale afleidingsinperkinge voorgestel. Ek haal aan uit Lakoff (1971:244).

(2.30) $C_1 = L_1$ commands L_2
 $C_2 = L_2$ commands L_1
 $C_3 = L_1$ precedes L_2 (L = Q or NEG)

Constraint 1: $P_1/C_1 \supset (P_n/C_2 \supset P_n/C_3)$

Inperking 1 bepaal dat as voorwaarde 1 (C_1) in die onderliggende struktuur (P_1 in Lakoff se notasie) geld, en voorwaarde 2 in die oppervlakstruktuur (P_n), dan moet voorwaarde 3 ook in die oppervlakstruktuur geld. Kortom, die logiese predikaat wat in die onderliggende struktuur 'n ander kommandeer, moet in die oppervlakstruktuur daaraan voorafgaan.

Die afleidings (2.27)a. tot (2.26)a. en (2.27)b. tot (2.26)b. voldoen aan hierdie voorwaardes. In die a.-sinne kommandeer NEG byvoorbeeld die

kwantor in die onderliggende struktuur, terwyl hul mekaar in die oppervlakstruktuur wedersyds kommandeer (hulle word daar deur dieselfde S gedomineer) en NEG aan die kwantor voorafgaan.

Daarenteen gehoorsaam die afleiding (2.27)b. tot (2.29) nie die voorwaardes van inperking 1 nie. Many kommandeer NEG in die onderliggende struktuur en word in die oppervlakstruktuur gekommandeer deur NEG, maar many gaan nie aan NEG vooraf nie. Hierdie afleiding word dus deur die inperking verhinder. Die implikasie daarvan is dat die passief-transformasie nie op 'n struktuur soos (2.27)b. toegepas mag word nie.

As (2.29) uitgespreek word met sterk klem op many, dan vind sommige sprekers dat dit wel die interpretasie van (2.26)a. kan hê. Lakoff (1971:245) maak hiervoor voorsiening deur 'n voorwaarde tot die inperking by te voeg.

(2.31) $C_4 = L_1$ has much heavier stress than L_2

$$P_1/C_1 \supset (P_n/C_2 \supset (P_n/C_4 \vee P_n/C_3))$$

As L_1 (many) in die onderliggende struktuur (2.27)b. vir L_2 (NEG) kommandeer en L_2 vir L_1 in die oppervlakstruktuur kommandeer, dan moet L_1 òf voorafgaan soos in (2.26(b. òf sterk klem hê.

Volgens Lakoff vorm die voorwaardes in die inperking 'n hiërargie:

1. Kommandeer (maar word nie gekommandeer nie deur)
2. Het baie sterker klem as
3. Gaan vooraf aan.


Dit beteken dat intonasieverskynsels in die oppervlakstruktuur die voorrang neem bo lineêre volgorde.

Die tweede afleidingsinperking wat Lakoff voorstel, het betrekking op die werking van die transformasies NEG- en kwantor-neerlating self. Een van die moontlike interpretasies van (2.32) hieronder, is (2.33). Die onderliggende struktuur word verteenwoordig deur (2.34).

(2.32) Sam didn't claim that Harry had dated many girls

(2.33) Sam didn't claim that the girls who Harry dated were many


(2.34)



(2.32) het egter nie die betekenis wat uitgedruk word deur die parafrase (2.35) en waarvan die onderliggende struktuur deur (2.36) voorgestel kan word nie.

(2.35) There were many girls who Sam didn't claim Harry dated

(2.36)



As kwantor-neerlating vryelik toegepas mag word, kan 'n mens many verlaag na girls in S_4 en NEG na claim. Die oppervlakstruktuur wat op dié wyse ontstaan, sal egter (2.32) wees, en weer eens beteken dit 'n afleiding waarin 'n transformasiereël die betekenis verander van die onderliggende struktuur waarop dit werk. Om hierdie soort afleiding te verhinder, is inperking 2 deur Lakoff ingestel (1971:244).

(2.37) $C_1 = L_1$ commands L_2

Constraint 2: $(P_1/C_1) \supset (P_n/C_1)$

Volgens inperking 2 moet die logiese predikaat wat in die onderliggende struktuur kommandeer, ook in die oppervlakstruktuur kommandeer. Die afleiding (2.32) tot (2.34) gehoorsaam die inperking, want NEG kommandeer in die onderliggende sowel as oppervlakstruktuur. In die onderliggende struktuur (2.36) kommandeer many, maar nie in die oppervlakstruktuur (2.32) nie, omdat dit in 'n ingebedde sin voorkom. Die S wat dit onmiddellik domineer, domineer nie ook die ontkenning nie. Inperking 2 sal daarom nie die afleiding (2.36) tot (2.32) toelaat nie.

Lakoff meld nie eksplisiet dat hierdie inperking opgehef kan word deur 'n spesiale intonasie aan die sin te gee nie, byvoorbeeld sterk klem op many in (2.32). Sy opmerking dat 'the constraints under discussion require that the quantifiers be unstressed' (1971:248) dui daarop dat dit dalk so mag wees, maar ek kon uit sy geskifte geen duidelikheid op hierdie punt kry nie.

Ten slotte wys Lakoff daarop dat dit nie voldoende is as die inperkinge net die vlak van onderliggende struktuur, P_1 , en oppervlakstruktuur, P_n , vermeld nie. So sal inperking 1 byvoorbeeld die afleiding van (2.39) verhinder uit 'n struktuur wat ten grondslag lê aan (2.38), omdat daar in Sally isn't either geen kwantor op die ontkenning volg nie.

(2.38) Jane isn't liked by many men and Sally isn't liked by
many men either

(2.39) Jane isn't liked by many men and Sally isn't either

As eerste stap stel Lakoff voor dat inperking 1 sodanig verander word dat dit ook vir die tussenliggende stadia van die afleiding geld (1971: 246).

(2.40) Constraint 1'': $P_1/C_1 \supset ((i) (P_i/C_2 \supset P_i/C_3))$

Die afleiding van (2.39) sal hierdie inperking gehoorsaam tot op die punt dat die konjunksie gereduseer word; daarna geld voorwaarde C_2 nie meer nie, omdat many uitgewis is, en dus hoef C_3 ook nie te geld nie.

Daar is egter nog 'n verdere verfyning nodig, omdat sekere laat transformasiereëls die orde van konstituente in die oppervlakstruktuur dras-

ties kan verander. Lakoff (1971:246) noem die voorbeeld van Y-skuif.¹⁰

- (2.41) a. Sarah Weinstein isn't fond of many boys
 b. Fond of many boys, Sarah Weinstein isn't

(2.41) b. het dieselfde interpretasie as a.; die kwantor many val binne die bereik van die ontkenning. Inperking 1 sal dit egter onmoontlik maak om b. af te lei van dieselfde struktuur wat aan a. ten grondslag lê. Dit laat Lakoff tot die onderstaande gevolgtrekking kom:

- (2.42) It appears that constraint 1'' has some cut-off point prior to the application of Y-movement. That is, there is in each derivation some 'shallow structure' P_a defined in some fixed way that

$$\text{Constraint } 1''': P_1/C_1 \supset ((i) (P_i/C_2 \supset P_i/C_3)),$$

where $i \leq a \leq n$

Lakoff vind dat dit nog nie moontlik is om 'n presiese definisie van 'vlak struktuur' te gee nie. Dit is egter duidelik dat inperking 1''' impliseer dat 'n transformasie òf in alle gevalle aan die inperking onderhewig is, d.w.s. as dit voor P_a toegepas word, òf, as dit ná P_a van toepassing is, nooit daardeur geraak word nie. Daarom is dit ook moontlik om hierdie inperking aan onafhanklike gegewens te toets, wat in Deel 2 gedoen sal word.

2.2.3. Samevatting

Die GS se reaksie op die teenvoorbeelde teen die Katz-Postal-hipotese was om hul analise van konstituente-struktuur te wysig, sodat aan alle sinne wat in betekenis verskil, verskillende onderliggende strukture toegeken kan word. Dit het as uiteindelijke gevolg gehad die hoogs abstrakte basisstrukture en die uitwissing van die grens tussen sintaksis en semantiek. Daarbenewens het 'n nuwe soort reël nodig geword, die globale afleidingsinperking, wat die gevaar inhou dat die krag van die teorie nie genoegsaam beperk kan word om die ideaal van verklarende adekwaatheid te bereik nie.

10. Sien § 9.1.1. vir besonderhede oor dié transformasie.

2.3. Die interpretatiewe semantiek of uitgebreide standaardteorie

2.3.1. Die leksikalistiese hipotese

Die interpretatiewe semantiek (voortaan IS) se reaksie op die teenvoorbeeld teen die Katz-Postal-hipotese was om dié hipotese te laat vaar en aan te neem dat die semantiese interpretasie van 'n sin ook deur ander vlakke as die dieptestruktuur bepaal word.

As gevolg van hierdie aanname kon die skeiding tussen semantiek en sintaksis in die organisasie van hul grammatika-model behou word. Daar is, soos in Aspects, 'n afsonderlike generatiewe sintaktiese en interpretatiewe semantiese komponent. Die sintaktiese komponent genereer dieptestrukture, in die sin van Aspects, en die voorstanders van die IS maak daarop aanspraak dat so 'n redelike 'vlak' basis die voordeel het dat die distribusie van konstituente daarin op 'n natuurlike wyse beskryf kan word.¹¹

Waar die IS veranderinge in die basisstruktuur van die Aspects-model aanbring, is dit gewoonlik in ooreenstemming met wat Chomsky (1970) die leksikalistiese hipotese noem. Dit kom daarop neer dat konstituente direk in die basis gegeneer word, liever as om hul transformasioneel af te lei, en dat generaliserings oor byvoorbeeld seleksiebeperkinge deur middel van die leksikon gemaak word. Deur so 'n benadering word die basis-komponent uitgebrei en die transformasionele komponent word dienooreenkomstig vereenvoudig. Veral transformasies wat 'n drastiese verandering in leksikale materiaal teweegbring, word uitgeskakel.

Jackendoff (1972:13) stel verder 'n 'uitgebreide leksikalistiese hipotese' voor, wat die krag van transformasies nog meer aan bande lê. Hy hoop om op dié wyse die generatiewe linguistiese teorie te beperk, sodat dit 'n kleiner klas van grammatikas moontlik maak.

- (2.43) Transformations cannot change node labels, and they cannot delete under identity or positive absolute exception. This means that the only changes that transformations can make to lexical items is to add inflexional affixes such as number, gender, case, person and tense.

11. Sien byvoorbeeld Jackendoff (1972:9)

Soos Freidin (1972:196) opmerk, skakel hierdie beperking 'n groot aantal bekende transformasies uit, onder andere pronominalisering, reflektivisering en konjunksie-reduksie. Die gevolg is dat Jackendoff se dieptestruktuur, wat reeds konstituente soos pronomina en gekoördineerde VP's bevat, nader staan aan die oppervlakstruktuur as dié van Aspects.

Die vereenvoudiging van die transformasionele komponent lei aan die ander kant daartoe dat 'n groter las op die semantiese interpretasiereëls gelê word.

(2.44) Jan het beloof om te kom

'n Sin soos (2.44) sal in sy dieptestruktuur nie meer die konstituent Jan as subjek van die ingebede sin bevat nie; sy semantiese inhoud moet deur die interpretasiereël 'ingevul' word.

Jackendoff wys self daarop dat enige voordeel wat 'n beperkte transformasionele komponent mag inhou, daarvan afhang of die semantiese reëls ook binne perke gehou word.¹²

2.3.2. Die semantiese komponent

Jackendoff (1972) bevat na my wete die mees gedetailleerde voorstel vir 'n interpretatiewe semantiese komponent, dus sal ek dit hier as verteenwoordigend van die IS bespreek.

In die Katz-Postal-semantiek is aangeneem dat die semantiese representasie van 'n sin volledig bepaal word deur 'n kombinasie van die betekenis van sy leksikale items en die betekenisaspek wat bygedra word deur die sintaktiese verhoudings in die dieptestruktuur. Daarom het hul ook net een soort semantiese reël voorgestel, die projeksiereël, wat basies 'n kombinatoriese funksie het.


Jackendoff postuleer dat semantiese representasie vier onafhanklike aspekte het wat deur afsonderlike substrukture van die semantiese komponent gehanteer word. Die substrukture bevat verskeie soorte reëls wat

12. Jackendoff (1972:13): Of course, these heavy restrictions on transformations must be accompanied with concomitant restrictions on possible semantic rules, if the number of possible grammars is to be reduced.

op verskillende stadia in die afleiding van die sin van toepassing is: die dieptestruktuur, die oppervlakstruktuur en die einde van die transformasionele siklus. Anders as die projeksiereëls, kan sy interpretatiewe reëls bydra tot die betekenis van die sin.

Jackendoff gee die onderstaande skematiese voorstelling van sy semantiese komponent se interaksie met die sintaktiese reëls.

(2.45)




Die funksionele struktuur spesifiseer die semantiese verhoudings tussen 'n predikaat en sy argumente in die sin. Hierdie struktuur word bepaal op die basis van die sintaktiese dieptestruktuur.

In die linguïstiese teorie word dikwels daarop gewys dat daar nie 'n direkte korrelasie bestaan tussen grammatikale verhoudings soos 'subjek' en semantiese verhoudings soos 'agent' nie. Dié insig lê reeds ten grondslag aan die kritiek teen die semantiese definisies van die tradisionele grammatika: In 'n sin soos Jan ondergaan die operasie kan die subjek byvoorbeeld nie deur die nosie 'dader van die handeling' geïdentifiseer word nie.

Jackendoff verkies om in sy sintaksis die tradisionele grammatikale verhoudings te handhaaf en die semantiese verhoudings in die funksionele struktuur van die semantiese komponent te beskryf. Die twee word deur middel van die leksikon met mekaar in verband gebring.

In sy leksikale inskrywings analiseer Jackendoff funksionele items soos verba en adjektiewe in semantiese funksies (predikate), waarvan die argumente deur variabele voorgestel word. Die inskrywing vir die transitiwewerbum open lyk byvoorbeeld soos volg.

(2.46)



Die verhouding waarin die semantiese predikate tot hul argumente staan, beskryf Jackendoff as tematiese verhoudinge. CAUSE het twee argumente, waarvan die een 'n individu en die ander 'n gebeurtenis is; eersgenoemde staan tot die predikaat in die tematiese verhouding 'agent'.

In die leksikale inskrywing korreleer die indekse van die NP's in die streng subkategoriseringskenmerke met dié van die argumente van die semantiese representasie. Die doel hiervan is dat die argumente van waardes voorsien kan word uit die lesings van die NP's waarmee die funksionele items in die sintaktiese dieptestruktuur verbind. Op dié wyse vorm die projeksierieëls die korrekte funksionele struktuur vir die sin.

(2.47) Charlie opened a pistachio nut

(2.48)

CAUSE(CHARLIE,	CHANGE physical state)	(A PISTACHIO NUT, NOT OPEN, OPEN))
----------------	--------------------------	---	---------------------------------------

Die tweede deel van die semantiese komponent, wat die modale struktuur spesifiseer, is van groot belang vir die beskrywing van die ontkenning. Jackendoff postuleer dat daar verskeie leksikale items is, behorende tot uiteenlopende sintaktiese kategorieë, wat modale operateurs in hul semantiese representasie bevat. Met elke operateur is 'n modale beperking (C_m) geassosieer. Die verbum want het 'n operateur met die beperking $C_{unrealized}$, met kwantore is die beperking $C_{multiple}$ en met negatiewe woorde die beperking $C_{negative}$ geassosieer.

Die modale beperkinge kan deur 'n projeksierieël geplaas word op die identifiseerbaarheid van die referente van NP's of die realiseerbaarheid van gebeure beskryf deur S'e, as die genoemde konstituente binne hul bereik val.

(2.49) (Modal projection rule)

Given a lexical item A whose semantic representation contains a modal operator M. If an NP or S is within the scope of A, it is optionally dependent on M in the modal structure, that is, subject to C_m . If an NP or S is outside the scope of M it is not dependent on M.

In (2.50) is die direkte objek a fish binne die bereik van die verbum want.

(2.50) John wants a fish

As die genoemde NP geïnterpreteer word as afhanklik van die modale operateur $C_{\text{unrealized}}$ dan word 'n nie-spesifieke lesing daaraan toegeken. Met ander woorde, daar sal slegs 'n identifiseerbare vis wees as die situasie gerealiseer word en John inderdaad 'n vis kry. As die NP egter nie van die operateur afhanklik gemaak word nie, dan verwys fish na 'n spesifieke vis. Dit het 'n identifiseerbare referent of die situasie gerealiseer word of nie. Die dubbelsinnigheid van (2.50) verantwoord Jackendoff dus nie deur twee verskillende sintaktiese strukture nie, maar deur twee modale strukture aan die sin toe te ken.

Die modale projeksierèls interpreteer verskillende vlakke van die sintaktiese struktuur, omdat items met modale operateurs, volgens Jackendoff, nie almal dieselfde soort bereik besit nie.

Verba en predikatiewe adjektiewe het tipe I-bereik wat in die diepte-struktuur bepaal word. Wat tipe II betref, die modale auxiliare, is daar geen feite wat dit verpligtend maak om hul bereik tot die een of ander vlak van die struktuur te beperk nie. Tipe III, wat voorkom by ontken-nende woorde soos not en verskeie determinators (waaronder Jackendoff ook kwantore reken), word egter in die oppervlakstruktuur bepaal. Daarmee verskil Jackendoff in 'n belangrike opsig van die ander generatiewe beskrywings van die ontkenning ná Syntactic structures wat die bereik van die ontkenning van verhoudings in die dieptestruktuur afhanklik gemaak het.

As bostaande uiteensetting van die verskillende soorte bereik van modale operateurs met (2.45) vergelyk word, blyk dit dat die diagram nie 'n volledige aanduiding gee van die vlakke waarop modale struktuur bepaal word

nie, Jackendoff (1972:304) gee self toe: '... the theory of modal structure ... is not constrained along lines usually considered "natural".'

Om die koreferensialiteit van NP's te beskryf, maak Jackendoff gebruik van 'n formalisme wat die koreferensietafel genoem word en wat die derde substruktuur van sy semantiese komponent uitmaak. Hierdie tafel word gekonstrueer deur interpretasiereëls wat op die uitvoer van die transformasionele siklus werk. Hulle stel pare op van elke NP met al die ander NP's in die sin en spesifiseer hul as $^+$ koreferensieel.

Die vierde semantiese aspek, fokus en presupposisie, dui aan watter inligting in die sin deur die spreker as nuut en watter as bekend veronderstel word. Hierdie aspek van die semantiese interpretasie word deur die oppervlakstruktuur bepaal. Jackendoff (1972:353) gee die volgende beknopte uiteensetting van hoe fokus en presupposisie in sy model gehanteer word.

(2.51) The semantic representation of a sentence is divided into focus and presupposition, where a mark F, realized as stress, marks focus constituents. The presupposition is formed by replacing the focus in the semantic interpretation by an appropriate variable, then applying the lambda operator. The presupposition and assertion are formed from the resulting expression. For example, (8.167) has the presupposition and assertion (8.168)

(8.167) FRED saw John

(8.168) Presupposition: λx [x saw John] is well-formed

Assertion: Fred = λx [x saw John]

Om te verseker dat die semantiese interpretasie wat aan sinne toegeken word, betekenisvol is, word ten slotte 'n stel welgevormdheidsvoorwaardes ('well-formedness conditions') aan semantiese interpretasies opgelê. Jackendoff gebruik hierdie voorwaardes ook om sinne uit te filtreer wat in Aspects as sintakties afwykend beskou sou word. Dit is 'n uitvloei-sel van sy uitgebreide leksikalistiese hipotese, waarvolgens, soos reeds aangedui is, transformasies so min as moontlik aan bande gelê word. Omdat T-reëls byvoorbeeld nie na koreferensialiteit kan verwys nie en refleksiewe pronomina dus in die basisstruktuur ingevul in plaas van transformasioneel afgelei te word, is (2.52) 'n moontlike dieptestruktuur in Jackendoff se grammatika.

(2.52) Finkelstein shot yourself

Die afwykende oppervlakstruktuur wat daarvan afgelei kan word, word geblokkeer deur die 'consistency condition on coreferents'.

(2.53) If the table of coreference marks two NPs coreferential those NPs must in fact be able to describe the same individual.

Finkelstein en die refleksiewe pronomens yourself moet as koreferensieel gespesifiseer word, maar die twee NPs kan nie na dieselfde individu verwys nie, dus sorg die semantiese voorwaarde dat die sin verwerp word.

Naas die spesiale welgevormdheidsvoorwaardes kan die semantiese interpretasiereëls ook 'n filterfunksie hê. In Deel 2 sal byvoorbeeld aange-
toon word dat sinne soos (2.54) waarin die adverbiaal en die ontkenning die verkeerde volgorde het, uitgeskakel moet word deur die reël wat adverbiale interpreteer.

(2.54) *Hy kom nie waarskynlik nie

Die beswaar dat so 'n benadering teen-intuïtief is, kan daarmee beantwoord word dat 'intuitions do not come clearly labeled with the source of the unacceptability, so they cannot be the arbiter in such decisions'.¹³

(2.54) kan byvoorbeeld beskou word as 'n nie-welgevormde sin wat wil uitdrukking gee aan die betekenis van Finkelstein shot himself/you of as 'n welgevormde sin met die anomaliese betekenis dat Finkelstein 'n tweede persoon geskiet het wat identies is met homself. In laasgenoemde geval moet die grammatika die sin se afleiding genereer en kan dit slegs deur 'n semantiese interpretasiereël verwerp word.

Ook as 'n mens toegee dat dit moeilik is om op intuïtiewe grond teen Jackendoff se reëls beswaar te maak, is daar twee aspekte van dié reëls wat myns insiens van nader bekyk moet word.

Een implikasie van die reëls is dat die distribusie van konstituente in Jackendoff se grammatika nie uitsluitlik deur sintaktiese reëls bepaal word nie, maar in 'n belangrike mate deur semantiese reëls. In Deel 2

13. Die aanhaling is uit Fodor (1977:200) en weerspieël 'n argument van Chomsky (1976:95). Vergelyk ook Jackendoff (1972:182).

sal verder aangetoon word hoe groot die rol is wat die semantiese reëls in hierdie verband speel. In die IS (of altans in Jackendoff se model) is dit gevolglik nie moontlik om deur eenvoudige sintaktiese reëls die meerderheid grammatikale sinne te genereer nie - die hele ingewikkelde semantiese apparaat moet daarby betrek word. Dit maak die voorgegewe skeiding van sintaksis en semantiek minder oortuigend en neutraliseer een van die argumente ten gunste van 'n sintaktiese dieptestruktuur.

'n Tweede, baie belangrike aspek, is dat die semantiese interpretasie-reëls nou veel meer krag gegee word as in die standaard-model; hulle ken nie alleen semantiese representasies aan sintaktiese strukture toe nie, maar dien ook as filters wat nie-welgevormde afleidings kan verwerp. Waar Jackendoff dit het oor die noodsaak om semantiese reëls in te perk, gee hy ook geen aanduiding van enige grense wat aan hierdie filterfunksie opgelê kan word nie.

Hierdie punt is veral van belang in die lig van Chomsky en andere se kritiek op globale afleidingsinperkinge. Daar is 'n onmiskenbare ooreenkoms tussen die afleidingsinperkinge van die GS en die interpretasie-reëls van die IS: albei lê 'n verband tussen die oppervlakstruktuur en semantiese representasie. Chomsky (1972:106vv., 116, 117) beweer dat die interpretasie-reëls meer beperk ('constrained') is as die afleidingsinperkinge, maar Jackendoff se grammatika lewer nie oortuigende bewys daarvan nie. Dit wil dus voorkom of die GS op grond van verklarende adekwaatheid nie summier ten gunste van die IS verwerp kan word nie. Bach (1974: 225) som dit soos volg op.

(2.55) Each theory makes use of a number of additions to grammatical theory: for the interpretivists, special rules of interpretation of relatively unrestricted form and with unlimited possibilities of interaction with other parts of the grammar; for the generativists, special kinds of abstract underlying structure, ad hoc transformations, and constraints on derivations of practically unlimited power ... In other words, I believe we are in a theoretical impasse that can be stated in the form of a thesis:

Generative and interpretive semantic-syntactic theories are strongly equivalent.

2.3.3. Jackendoff se beskrywing van die ontkenning

Jackendoff se teoretiese aannames het verreikende gevolge vir die beskrywing van die ontkenning. Seker die opvallendste is dat hy die konstituent NEG heeltemal uitskakel. In die eerste plek laat die leksikalistiese hipotese hom nie toe om items soos nobody en none, ens. transformasioneel te skep deur die samesmelting van NEG en 'n onbepaalde konstituent nie. Die genoemde woorde moet as selfstandige items in die leksikon verskyn en in die dieptestruktuur ingevoer word. Tweedens is dit nie meer nodig om negatiewe items op 'n eenvormige wyse in die dieptestruktuur te behandel nie, omdat hul bereik in die oppervlakstruktuur bepaal word.

Die sintaktiese beskrywing van negatiewe woorde maak Jackendoff afhanklik van die leksikale kategorie waartoe hul behoort. No is 'n kwantor, neither 'n konjunksie, nobody, ens. pronomina en never 'n adverbiaal. Die negatiewe partikel not word aan drie leksikale klasse toegeken: konjunksie, emfatiese partikel en adverbiaal van graad. Die verwantskap wat daar tussen negatiewe konstituentte bestaan, is volgens Jackendoff suiwer semanties en word verantwoord deur die modale operateur C_{neg} (1972:342).

- (2.56) Syntactically they will be of various classes ...
They will however share a semantic marker, the modal operator neg.

Hierdie benadering het tot gevolg dat negatiewe sinne met 'n verskillende oppervlakstruktuur maar dieselfde betekenis, verskillende dieptestrukture sal hê, byvoorbeeld die volgende.

- (2.57) a. I saw nobody
b. I didn't see anybody


Aan die ander kant sal aan negatiewe sinne met dieselfde oppervlakstruktuur maar verskillende betekenis, dieselfde dieptestruktuur toegeken word.

- (2.58) a. They are fighting about nothing
(It is not so that they are fighting about anything)
b. They are fighting about nothing
(They are fighting without reason)

As Jackendoff verklaar dat die bereik van negatiewe items (behalwe verba soos doubt) in die oppervlakstruktuur bepaal word, bedoel hy daarmee dat sowel die hiërargiese as die lineêre posisie van die item in die boomdiagram 'n rol speel. Hy definieer die bereik van die ontkenning as (1972:349):

- (2.59) Everything commanded by the negative morpheme and to its right.

Ek illustreer met 'n sin waarin not as emfatiese partikel optree.



Volgens die definisie val die lede van die konstituent VP binne die bereik van not.

Sinne soos (2.26)a. en b., wat ek hier herhaal as (2.61)a. en b. het in Jackendoff se grammatika, soos in Aspects, dieselfde dieptestruktuur.

- (2.61) a. Not many arrows hit the target
 b. Many arrows didn't hit the target

Die verskil in betekenis word toegeskryf aan die relatiewe volgorde van die ontkennende woord not en die kwantor many in die oppervlakstruktuur.

Dat (2.59) alleen nie 'n adekwate spesifisering van die bereik van die ontkenning is nie, blyk as 'n mens dit konfronteer met (2.57) hierbo. Saw staan links van die negatiewe morfeem en kan nie binne nobody se bereik val nie. Die sin beteken egter dat die gebeurtenis 'sien' nie plaasgevind het nie, sodat die verbum van die ontkenning afhanklik moet wees. Jackendoff maak hiervoor voorsiening deur die definisie van die kommandeer-verhouding uit te brei (1972:312).

- (2.62) There seems to be nothing in the established uses of command that conflicts with an extension of the definition, allowing A (d.w.s. neg - H.W.) also to command the lowest S dominating it.

As S deur 'n negatiewe item gekommandeer word, is dit verkieslik daarvan afhanklik. Die volgorde-bepערking word daarmee opgehef, wat hier beteken dat die verbum binne die bereik van die modale operateur kom en dat die

regte interpretasie aan die sin toegeken word. Let hier op dat waar die negatiewe item die S kommandeer, dit nie meebring dat die subjek-NP ook gekommandeer word nie. Daarom kan ek nie met Jackendoff saamstem dat (2.62) nie strydig is met die gebruik van kommandeer nie. As 'n knoop A 'n knoop B kommandeer, word gewoonlik aangeneem dat dit ook die knope kommandeer wat deur B gedomineer word. Jackendoff sluit hier egter, blykbaar op willekeurige wyse, een dogterkonstituent van S van die bereik van die ontkennde woord uit.

'n Ander aspek van Jackendoff se analise wat opval, is die feit dat C_{neg} opsioneel is. Konstituente binne die (sintakties bepaalde) bereik van negatiewe items is nie, soos in die ander teorieë, noodwendig semanties van hul afhanklik nie.

Eensyds stel die opsionele aard van die modale operateur Jackendoff in staat om gevalle soos (2.58)a. en b. te hanteer. Hoewel 'n S wat deur die ontkenningwoord gedomineer word, verkieslik daarvan afhanklik is (soos in a.), is dit ook moontlik dat dit nie deur die ontkenning geaffekteer word nie, sodat die b.-interpretasie aan dieselfde oppervlakstruktuur gegee kan word.

Die keersy van die saak is dat so 'n reël 'n groot aantal interpretasies voorspel wat eenvoudig nie bestaan nie. Hier is die ontkennde woorde anders as byvoorbeeld want, wat gereeld dubbelsinnigheid veroorsaak as daar 'n onbepaalde konstituent in sy bereik voorkom. So-ewe is daarop gewys dat (2.57)a. net die interpretasie kan hê waar die verbum ontken word.

Om beskrywende adekwaatheid te bereik, moet die grammatika op die een of ander wyse spesifiseer wanneer afhanklikheid van die modale operateur opsioneel en wanneer dit verpligtend is. Jackendoff se raamwerk, waarbinne die bereik van die ontkenning in oppervlakstruktuur bepaal word, skyn egter weinig moontlikheid te bied om dit op 'n nie-arbitrêre wyse te doen in die geval van sinne soos (2.58)a. en b.

Die effek van negatiewe items op ander konstituente van die sin word in Jackendoff se teorie nie alleen deur die modale struktuur beskryf nie, maar deels ook in die vierde onderdeel van die semantiese komponent (1972:361).

- (2.63) The rules for focus and presupposition interact with the behavior of negation to predict a rather wide range of data.

Daar word aangevoer dat sekere items, o.a. even, only, just en die ontkenkende woorde, assosiasie met die fokus van die sin kan ondergaan; in dié geval maak die item geen bydrae tot die presupposisie van die sin nie, maar verander die bewering.

- (2.64) Maxwell didn't kill the JUDGE with a silver hammer

Informeel gestel, word daar in (2.64) gepresupponeer dat Maxwell iemand doodgemaak het en beweer dat dit nie die regter is nie. Not het assosiasie met die fokus ondergaan.

Assosiasie met fokus vind plaas binne wat Jackendoff die 'gebied' ('range') van die ontkenning noem. Ontkenkende woorde het dieselfde gebied as even (1972:251).

- (2.65) If even is dominated by a node X the range of even includes X and all nodes dominated by X to the right of even, plus the subject if X is an S.

'Nodes' verwys na knope in die oppervlakstruktuur, sodat die gebied van die ontkenning prakties nie van sy bereik verskil nie, behalwe dat dit die subjek omvat.¹⁴

Even en only moet noodsaaklik met die fokus assosieer, maar by ontkenkende woorde bepaal die intonasiepatroon of assosiasie plaasvind of nie.

- (2.66) a. FRED didn't see John
B
b. FRED didn't see John
A

In albei sinne daal die toonhoogte onmiddellik ná die konstituent met die nadruksaksent, maar by A daal dit aan die einde van die sin, terwyl dit by B styg. Assosiasie met fokus vind plaas as die sin 'n enkele B-aksent het.

14. Jackendoff opper die moontlikheid dat vooropgestelde konstituent in 'Jiddiese' dialekte ook binne die gebied van die ontkenning kan val (1972:335, voetnoot 7).

In (2.66)a., waar not met die fokus Fred assosieer, is die presupposisie 'somebody saw John' en die bewering 'that somebody is not Fred'. By b. bly die ontkenning in die presupposisie 'somebody didn't see John', so dat die bewering lui: 'that somebody is Fred'.

Assosiasie met fokus word ook deur Jackendoff gebruik om die regte interpretasie te gee aan sinne wat lyk na uitsonderings op sy hipotese dat die bereik van die ontkenning slegs bestaan uit die konstituente regs van die ontkennende woord.

- (2.67) a. ALL the men didn't go
A
b. ALL the men didn't go
B

Volgens Jackendoff word (2.67)a. só geïnterpreteer dat kwantor all buite die ontkenning staan, dit wil sê, nie een van die mans het gegaan nie. Hierdie voorspelling is in ooreenstemming met bogenoemde hipotese. In die b.-sin interpreteer Jackendoff egter die kwantor as synde afhanklik van die ontkenning, hoewel dit links daarvan geplaas is. Omdat die sin 'n B-aksent het, kan Jackendoff dié interpretasie verklaar deur assosiasie met fokus. Die kwantor vorm die fokus van die sin en not het assosiasie daarmee ondergaan, want hoewel dit buite die bereik van die ontkennende woord is, kom dit binne die gebied daarvan. Die presupposisie is hier 'some number of the men went' en die bewering 'the number that went is not all'.

(2.67)b. is sinoniem met en volgens Jackendoff se eie analise transformasioneel verwant aan (2.68).

- (2.68) Not all the men went

Hier val die kwantor binne die bereik van die ontkenning en die semantiese effek daarvan word in die modale struktuur gerepresenteer. Maar dié effek, nl. afhanklikheid van die ontkenning, is presies dieselfde as in (2.67)b.

Dieselfde soort semantiese informasie word dus in twee verskillende onderdele van die semantiese komponent beskryf. Dit beteken dat die reëls van die modale struktuur en die begrip 'bereik' in Jackendoff se grammatika nie algemeen genoeg is om alle soortgelyke verskynsels te hanteer

nie, sodat die teorie verswak word deur die byvoeging van die naverwante nosie 'gebied'.

In 'n GS-raamwerk, waar die bereik van die ontkenning in onderliggende struktuur bepaal word en logiese elemente as hoër predikate gerepresenteer word, kan die bereik strek oor alle dele van die sin wat deur Jackendoff se 'bereik' plus 'gebied' gedek word.

- (2.69) a. Many students didn't fail
b. Not many students failed

Dit is byvoorbeeld moontlik dat in (2.69)a. sowel as b. die subjek van die sin binne die bereik van die ontkenning kom, terwyl die kwantor many in a. daarvan uitgesonder word.

Omdat Jackendoff die ontkenning se bereik afhanklik maak van die volgorde in die oppervlakstruktuur en kwantore analiseer as deel van die S waarin hul in die oppervlakstruktuur voorkom, kan hy nie toelaat dat die bereik van die ontkenning die subjek van die sin insluit nie. Dit sou hom sonder 'n moontlikheid laat om die verskil tussen die a.- en b-sin hierbo te verklaar.

Die gevolgtrekking skyn onvermydelik te wees dat dit die interpretasie van die ontkenning en kwantore in die oppervlakstruktuur is wat die gebrek aan generalisering veroorsaak.

2.3.4. Samevatting

Deur die Katz-Postal-hipotese te laat vaar en aan te neem dat die interpretasie van logiese elemente deur die oppervlakstruktuur bepaal word, kan 'n IS-grammatika soos dié van Jackendoff 'n konserwatiewe basis-komponent hê en die krag van transformasionele reëls streng aan bande lê. Aan die ander kant word dit nodig om die semantiese reëls 'n groter rol te laat speel, en soos aangetoon, is dit nog onseker hoe hierdie reëls beperk kan word, sodat die teorie verklarende adekwaatheid kan bereik.

2.4. 'n Hipotese oor die verband tussen die bereik van 'n ontkennde element en sy posisie in die oppervlakstruktuur

In hierdie hoofstuk is aangetoon watter meganismes die GS en IS onderskeidelik gebruik om die ontkenning te beskryf. Die onderskeid tussen die twee benaderings is duidelik: die GS weerspieël verskille in die bereik van die ontkenning deur NEG se relatiewe hoogte in die onderliggende struktuur, terwyl afleidingsinperkinge dié hoogte met die posisie van die ontkennde woord in die oppervlakstruktuur korreleer. Die IS bepaal die bereik van die ontkenning in die oppervlakstruktuur deur interpretatiewe reëls wat die lineêre en hiërargiese verhoudings van die konstituent met die modale operateur neg in ag neem.

Daar is aan die ander kant ook 'n besliste ooreenkoms tussen die twee teorieë op te merk. Albei maak dieselfde voorspelling oor die verband tussen die bereik van die ontkenning en sy posisie in die oppervlakstruktuur.

(2.70) 'n Konstituent val binne die bereik van 'n ontkennde element as dit in die oppervlakstruktuur daardeur gekommandeer word en regs daarvan staan. }

Hierdie formulering is 'n oorvereenvoudiging vir sover die GS die volgordevoorspelling net ten opsigte van logiese predikate maak, terwyl dit in die IS vir alle konstituentte geld. Solank hierdie punt in gedagte gehou word, is (2.70) myns insiens 'n goeie werkhipotese wanneer die distribusie van ontkennde elemente in die oppervlakstruktuur bestudeer word. Ek sal dit daarom as uitgangspunt gebruik vir my ondersoek na die Afrikaanse ontkenning in Deel 2.

DEEL 2

DIE BEREIK VAN DIE ONTKENNING IN AFRIKAANS

HOOFSTUK 3

BENADERINGS TOT DIE BESKRYWING VAN DIE AFRIKAANSE ONTKENNING

3.1. Die 'dubbele' ontkenning

Afrikaans se sogenaamde dubbele ontkenning is een van die opvallendste kenmerke waardeur hy hom van ander Indo-Europese standaardtale¹ onderskei. Soos reeds herhaaldelik in die vakliteratuur aangetoon is², kan die twee negatiewe elemente in Afrikaans nie gelykgestel word aan dié van byvoorbeeld Middelnederlands of Frans nie. Die eerste Afrikaanse ontkenningwoord, nie, niemand, ens., kom ooreen met die tweede negatiewe element, niet en pas, van die genoemde tale, terwyl die Afrikaanse tweede nie uniek is wat sy vorm en plasing betref.

Dit is moontlik dat die bewustheid van hierdie onderskeid 'n invloed uitgeoefen het op die wyse waarop die ontkenning tradisioneel in Afrikaans beskryf word. Dit neem hoofsaaklik die vorm aan van reëls ('aanduidinge' of 'wenke' is waarskynlik 'n beter term) oor waar 'n enkele en waar 'n dubbele ontkenning gebruik word.

Hierdie benadering is reeds op te merk by Malherbe (1923) wat, volgens Nienaber (1934:105), 'die eerste deeglike oorsig van die gebruik' gee en deur baie nagevolg is. In Nienaber se eie werk spreek die paragraafopskrifte van dieselfde instelling: 'Nie verskyn enkelvoudig', Nie verskyn tweevoudig', ens. Ook in moderne skoolgrammatikas word die ontkenning tot groot hoogte beskryf in terme van die aantal nies.

Een gevolg van die konsentrasie op enkele versus dubbele nie is dat die grammatici die wesenlike verskil tussen die eerste ontkenningwoord en die tweede nie uit die oog verloor. In gevalle waar daar net een nie in die sin voorkom, word dan nie ingesien dat dit die eerste ontkennings-

-
1. Daar is heelwat getuienis dat 'n dubbele ontkenning soos dié van Afrikaans in Nederlandse dialekte aangetref word, hoewel dit in die betrokke dialekte net fakultatief is en maar sporadies voorkom. Onder die linguïste wat dergelike materiaal gepubliseer het, is die bekendste Blanquart (1923) en Pauwels (1958).
 2. Sien byvoorbeeld Nienaber (1934:86-87).

woord moet wees nie, en dan kry ons uitsprake soos dié van Malherbe (1923:91) dat 'n¹ onder invloed van die sinsaksent weggelaat kan word'.

Hierdie verwarring kom ook nog voor in een van die jongste werke oor die Afrikaanse sintaksis. Ponelis (1968:27) noem die eerste en tweede nie onderskeidelik die 'ontkenningskop' en 'ontkenningstertjie' en verklaar: 'Die kop kan onder spesifieke voorwaardes ontbreek.'

'n Dergelike formulering kan gevind word in Landman (1974:99), wat blykbaar Ponelis volg. Ek haal 'n deel van sy ontkenningstransformasie aan.


(3.1) INSET - W - X - Y - Z

LEWERING - W - X - Y - ontkenningkop - Z - ontkenningstert

Voorwaarde vir optrede van ontkenningkop:

Die ontkenningkop tree nie op nie as

Z = \emptyset



Afgesien van die verkeerde voorstelling wat dit gee van die status van nie in 'n sin soos Ek werk nie, kan hierdie transformasie blykbaar nie 'n sin van die tipe Ek sien niemand lewer nie.

'n Veel ernstiger nadeel wat die tradisionele benadering meebring, is egter dat dit generalisering oor die Afrikaanse ontkenning bemoeilik. 'n Mens hoef maar net te kyk na die herhaling wat nodig is in 'n be-

skrywing soos dié van Barnes (s.j.:134-149) wat probeer om die ontkenning redelik volledig (volgens skoolgrammatika-standaarde) te behandel. Hy noem nie minder as ses keer nie dat 'die voegwoord al soms net een ontkenningwoord (neem)'.³

'n Vrugbaarder uitgangspunt, wat ook deur 'n generatiewe raamwerk gesteun word, is myns insiens om op die ooreenkomste tussen die ontkenning van Afrikaans en verwante tale te let.

In Afrikaans is daar, net soos in Nederlands en Engels, maar een woord in die sin wat daaraan 'n negatiewe interpretasie gee. Dit is die eerste ontkenningwoord, wat ek van nou af met die sambreelterm ont_1 sal aandui.³ Die tweede nie kan weggelaat word - soos dikwels in veral gedigte en koerantopskrifte gebeur - sonder dat dit afdoen aan die betekenis.

3. Tot die verteenwoordigers van ont_1 reken ek net nie, g'n (adverbiaal gebruik), nooit (nimmer), nêrens (niewêrs), niemand, geen, geeneen en niks.

Ont_1 maak die optrede van verskeie negatiewe polariteitsitems moontlik, maar hierin is dit nie uniek nie.

(3.2) Die verbum hoef in 'n stellende hoofsin

- a. *Jy hoef 'n bydrae te gee
- b. Jy hoef $\left\{ \begin{array}{l} \text{nie} \\ \text{g'n} \\ \text{nooit} \\ \text{nêrens} \\ \text{niemand} \\ \text{vir niks} \end{array} \right\}$ 'n bydrae te gee nie
- c. Jy hoef $\left\{ \begin{array}{l} \text{selde} \\ \text{weinig} \\ \text{skaars} \end{array} \right\}$ 'n bydrae te gee
- d. Jy hoef $\left\{ \begin{array}{l} \text{maar} \\ \text{bloot} \\ \text{alleenlik} \end{array} \right\}$ te roep en die verpleegster sal kom
- e. Jy hoef ongelukkig 'n bydrae te gee
- f. Jy hoef te twyfel

Dergelike polariteitsitems is ooit, 'n vinger verroer en hoegenaamd. Hulle het verskillende distribusie-moontlikhede, maar oor die algemeen kom hul in dieselfde sin saam met ont_1 en (sommige) woorde met inherente negatiewe betekenis voor, maar nie met woorde met 'n negatiewe affiks of die verbum twyfel nie. In die komplemente van laasgenoemde tree die polariteitsitems wel op.

Daarby is dit ook ont₁ wat die bereik van die ontkenning bepaal. Die bekende sinspaar illustreer dit goed.

- (3.3) a. Nie baie pyle het die teiken getref nie
 b. Baie pyle het nie die teiken getref nie

Die verskil in bereik, wat die betekenisonderskeid veroorsaak, hang ken-
 nelik saam met die posisie van ont₁, want die tweede nie behou dieselfde
 plek in albei sinne.

3. (Vervolg)

- (3.4) a. *Ek twyfel ooit
 b. Ek twyfel of hy ooit kom
- (3.5) a. *Hy is hoegenaamd ongelukkig
 b. Dit is onseker of hy hoegenaamd kom

In navolging van Klima sou 'n mens dus kon sê dat twyfel en die woorde met negatiewe affikse slegs konstituent-ontkenning veroorsaak, terwyl sowel ont₁ as die items in (3.2)c. en d. se bereik oor die hele sin kan strek.

Om ont₁ as aparte klas te behandel, kan 'n verdere beroep op Klima gemaak word, naamlik op sy opvatting dat daar kontekste bestaan wat onderskei tussen sterk en swak sinsontkenning.

Die verteenwoordigers van ont₁ is die enigste wat voldoen aan Kraak se toetse vir sinsontkenning, nl. newsikking met ook nie en selfs nie.

- (3.6) a. Frans eet nooit tussen maaltye nie en ek ook nie
 b. *Frans eet skaars tussen maaltye en ek ook nie
- (3.7) a. Die kinders het hom nie gesteur nie en die musiek ook nie
 b. *Die kinders het hom weinig gesteur en die musiek ook nie
- (3.8) a. Hy het niks geëet nie, selfs nie op die party nie
 b. *Hy het net geëet, selfs nie op die party nie

Die heel belangrikste konteks is die tweede nie; daar is skaars voorbeelde nodig om te bewys dat alleen die verteenwoordigers van ont₁ hiermee voorkom. 'n Sin soos Hy kan onmoontlik nie kom nie, is nie 'n teenvoorbeeld nie, want dit bevat ook 'n lid van ont₁.

Streng gesproke, is dit daarom nie korrek om van 'n 'dubbele ontkenning' in Afrikaans te praat nie.⁴ In die woorde van Nienaber (1934: 157):

(3.9) Daar word maar één keer ontken, presies soos in A.B.-Nederlands.

Die posisie in Afrikaans is dat die eerste ontkenningwoord in alle opsigte met die enkele ontkenning van Nederlands of Engels vergelyk kan word. Daarbenewens bevat Afrikaans 'n bykomende element, die tweede nie (voortaan ont₂).

Die funksie van ont₂ is vroeër dikwels aangedui as versterking van die

4. Die term 'dubbele ontkenning' word in die algemene taalkunde hoofsaaklik gebruik vir gevalle waar daar twee woorde wat sinsontkenning kan veroorsaak, in dieselfde simplekssin voorkom.

(3.10) a. Ek het nooit niks lekkers gekry nie
b. Hy kon nie niemand gesien het nie

(Sien Baker (1970:171); Jespersen (1917:62vv.); Postal (1974:234vv.))

(3.10)a. is bedoel om net een ontkenning te bevat, nl. van die proposisie Ek het lekkers gekry, maar vir spesiale nadruk word twee ontkenningwoorde gebruik in plaas van die een wat logies voldoende sou gewees het.

In (3.10)b. negeer die ontkenningwoord nie die predikaat wat reeds 'n verteenwoordiger van ont₁ bevat. Grammatikaal is die sin positief, maar die semantiese waarde is nie dieselfde as dié van 'n gewone positiewe sin nie. Daar is byvoorbeeld 'n presupposisie dat 'n vorige spreker beweer het dat 'hy' niemand gesien het nie.

In navolging van Klima se analise word (3.10)a. dikwels beskryf in terme van NEG-aantrekking deur 'n onbepaalde konstituent. NEG word hier nie alleen in die eerste onbepaalde konstituent (ooit) gefinkorporeer nie, maar ook in die tweede, wat hier enige kan wees.

By (3.10)b. word daar aangeneem dat die dieptestruktuur 'n dubbele NEG bevat. (Sien byvoorbeeld Labov (1972)).

Wat buite die Afrikaanse grammatika as dubbele ontkenning aangedui word, verskil dus wesenlik van die normale Afrikaanse sinsontkenning.

ontkenning.⁵ In die lig van wat hierbo gesê is, is dit egter nie baie plousibel nie. As ont₂ weggelaat kan word sonder semantiese gevolge, kan dit nouliks bydra tot die ontkenkende betekenis. Bowendien word dit met 'n swak klem uitgespreek.

My eie mening is dat daar 'n verband aangetoon kan word tussen ont₂ en die bereik van die ontkenning. So-ewe is genoem dat ont₂ net voorkom saam met die lede van ont₁, maar 'n verdere vereiste is dat hul bereik 'n hele sin (subjek-predikaatsverbinding) moet beslaan.

- (3.11) a. Hulle sal oor niks baklei nie
 (Dit is nie so dat hulle oor iets sal baklei nie)
 b. Hulle sal oor niks baklei nie en ons ook nie
 c. Hulle sal oor niks baklei nie, selfs nie oor geld nie

- (3.12) a. Hulle sal oor niks baklei
 (Hulle sal oor 'n nietigheid baklei)
 b. *Hulle sal oor niks baklei en ons ook nie
 c. *Hulle sal oor niks baklei, selfs nie oor geld nie

Ont₂ tree net op as die bereik van ont₁, volgens die toetse, 'n sin beslaan.

Dit is verder ook duidelik dat die bereik van die ontkenning die posisie van ont₂ beïnvloed.

- (3.13) a. Hulle reis nie per motor omdat dit reën nie
 b. Hulle reis nie per motor nie, omdat dit reën

In (3.13)a. word ontken dat die reën die rede is waarom hul per motor reis; die adverbiale bysin val binne die bereik van die ontkenning. In b. bepaal die bysin die ontkenkende hoofsin: die reën is die rede waarom hul nie per motor reis nie. Die bysin kom nie onder die bereik van die ontkenning nie. Dit lyk dus asof ont₂ nie kan volg op materiaal wat buite die ontkenning se bereik staan nie.

Ek postuleer daarom dat ont₂ se funksie daarin bestaan dat dit die regterkantse grens van die ontkenning se bereik, aandui. Gevolglik verskil

5. Onder andere deur Blanquaert (1923) en Botha en Burger (1937).

ek van Heiberg (1974) wat beweer dat ont_2 geen logiese funksie het nie. Myns insiens kan hierdie partikel vergelyk word met die hakies in logiese notasies wat die bereik van die operateur merk.⁶

3.2. Die ont_1 - en die ont_2 -hipotese

Die voorafgaande paragraaf suggereer dat 'n ondersoek na die Afrikaanse ontkenning by ont_1 moet begin en dat die korrelasie tussen sy posisie en die bereik van die ontkenning nagegaan moet word. Aangesien ek argumenteer dat ont_1 vergelykbaar is met die Engelse ontkenningsswoorde, sal ek dié ondersoek onderneem aan die hand van (2.70), wat ek nou die ont_1 -hipotese noem.

My postulaat oor die rol van die tweede nie, waarna ek as die ont_2 -hipotese sal verwys, kan dan telkens getoets word sodra daar op grond van ont_1 'n stelling oor die bereik van die ontkenning gemaak is.

Hierdie tweede hipotese is klaarblyklik 'n aanvulling van die eerste. As ont_2 bygehaal word, kan (2.70) soos volg uitgebrei word.

(3.14) 'n Konstituent val binne die bereik van die ontkenning as dit in die oppervlakstruktuur deur ont_1 gedomineer word en regs van ont_1 en links van ont_2 staan.

As die ont_2 -hipotese geregverdig is, sal dit daarom beteken dat 'n IS-grammatika se interpretatiewe reëls die posisie van ont_2 in ag moet neem, terwyl 'n GS-grammatika 'n afleidingsinperking nodig sal hê om die posisie van ont_2 in oppervlakstruktuur te reël.

6. Nienaber (1934:111) opper dieselfde gedagte, hoewel hy dit in psigologistiese terme inkleef:

(3.15) Insover as die terme nie noodsaaklik oorlap nie, mag 'n mens die rol van nie₂ voorlopig as 'n psigologiese afrondingsmiddel van die negasiegroep bestempel. Die gevoel dat wat die ontkenningseenheid uitmaak, nou af is, vind sy uiting daarin dat die nie-partikel nogeens opklink aan die slot.

Sien ook Nienaber (1965:27).

HOOFSTUK 4

ENKELE BASIESE POSISIES VAN DIE ONTKENNING

4.1. Simplekse

In hierdie paragraaf word daar gekyk na die posisie van die adverbiale ontkenningsterme ten opsigte van verba. Om dit te beskryf word sinne ondersoek waarvan die predikaat net verbale vorme bevat. Vervolgens word die posisie van ont_2 in sulke sinne nagegaan.

Die terme 'hoofsin' en 'bysin', soos hul hier gebruik word, het net betrekking op die volgorde van konstituente in die oppervlakstruktuur. Die hoofsinvolgorde word daardeur gekenmerk dat die subjek en verbum finitum langs mekaar staan en moeilik deur 'n ander konstituent geskei kan word.¹ In die bysinvolgorde kom die subjek (as dit in die oppervlakstruktuur verteenwoordig is) direk ná die voegwoord. Hier bestaan dieselfde hegte verband tussen subjek en voegwoord as tussen die subjek en verbum finitum (Vf) in die hoofsin. Die verbale vorme in die bysin staan aan die einde van die sin.

4.1.1. Die posisie van ont_1 (adverbiale ontkenningsterme)4.1.1.1. Hoofsinne

In sinne sonder inversie van die subjek en Vf volg ont_1 altyd op die Vf en gaan vooraf aan enige ander verbale vorme, insluitende die eerste deel van sogenaamd skeidbaar samegestelde werkwoorde.

- (i) a. Die baba huil nie
- b. So-iets slaag nooit (nie)
- c. Hy werk nêrens (nie)

- (ii) a. Die trek gaan nie voort nie
- b. Die werk hou nooit op nie
- c. Hulle hou nêrens stil nie

1. Enkele sinsadverbiale met 'n teenoorstellende betekenis kan wel tussen die subjek en Vf staan, soos in die volgende voorbeeld wat in die WAT opgeteken is: Hy is 'n lui en slordige vent, sy broer daarenteen is fluks en presies.

- (iii) a. Dit kon nie slaag nie
 b. Die pasiënt moes nooit opgestaan het nie
 c. Dit sou nêrens kon gebeur het nie

In sinne met inversie word ont_1 nie saam met die Vf verskuif nie, sodat dit dan op die subjek volg.

- (iv) a. Werk hy nie?
 b. Slaap hulle nooit (nie)?
 c. Hou hulle nêrens stil nie?
- (v) a. Die ma gaan kyk, al huil die baba nie
 b. Die plan is onbekook, daarom kan dit nooit slaag nie
 c. Die pad was baie lank, gevolglik het ons nêrens stilgehou nie.

As 'n sin die voorlopige subjek daar bevat, ruil laasgenoemde met die Vf om. Ont_1 volg dan op die voorlopige subjek en staan voor die ware subjek.

- (vi) a. Is daar nie 'n beter voorstel nie?
 b. Is daar nooit meer deelnemers nie?
 c. Tree daar nêrens sulke kunstenaars op nie?
- (vii) a. Hulle sal gaan reis, al is daar geen geld nie
 b. Die vader is werkloos, gevolglik is daar nooit kos nie
 c. Die reën het weggebly, dus was daar nêrens blomme nie

4.1.1.2. Bysinne

Ont_1 gaan in die bysin altyd aan die Vf vooraf, dit staan ná die subjek, of die voegwoord as daar geen oppervlakstruktuur-subjek is nie.

- (i) a. Die vee wei waar hulle nie ploeg nie
 b. Hy het bedank omdat hy nooit wil saamwerk nie
 c. Dit is die man wat nêrens kon rus nie

4.1.2. Die bereik van ont_1

Die hoofverbum van die sin val altyd binne die bereik van ont_1 , of dit daardeur gevolg of voorafgegaan word. Eersgenoemde posisie is natuurlik nie 'n potensiële uitsondering op die ont_1 -hipotese nie. Lakoff se in-

perking 1 geld nie vir 'n predikaat wat nie die neerlatingstransformasie ondergaan het nie, en Jackendoff maak daarvoor voorsiening dat die verbum in sulke gevalle binne die bereik van die modale operateur kan kom (sien § 2.3.3.).

Ten minste sommige modale auxiliare kan sowel binne as buite die bereik van ont_1 staan.²

- (4.1) a. Hy kan nie kom nie
 b. Dit is vir hom nie moontlik om te kom nie
 c. Dit is moontlik dat hy nie kom nie

(4.1)b. en c. is parafrases van die twee interpretasies wat aan a. geheg kan word. In interpretasie b. word die auxiliaar ontken, maar nie in c. nie.

In hoofsinne met meer as een auxiliaar en in bysinne het die modale auxiliaar net een interpretasie.

- (4.2) a. Hy sal nie kan kom nie
 b. Ons meen dat hy nie kan kom nie

Volgens my oordeel, beteken (4.2)a. net Dit sal nie vir hom moontlik wees om te kom nie en b. Ons meen dat dit nie vir hom moontlik is om te kom nie.

Aangesien ont_1 in (4.2) aan die auxiliaar voorafgaan, is die kwessie of die auxiliaar deur die ont_1 -hipotese geraak word, nie so belangrik nie. Vir (4.1) is dit wel ter sake, want hier staan die auxiliaar links van ont_1 en kan tog onder sy bereik kom.

Omdat die GS auxiliare as hoër predikate analiseer wat in die oppervlakhoofsin laat sak moet word, is dit denkbaar dat hulle inperking 1 moet gehoorsaam. Jackendoff brei ook nie sy meganisme wat hy vir verba voorstel tot die auxiliare uit nie. (4.1)a. in die interpretasie c. kan daarom as 'n teenvoorbeeld teen die ont_1 -hipotese beskou word.

2. Kraak (1966:109) gee 'n dergelike voorbeeld, hoewel hy geen oplossing vir hierdie soort teenvoorbeeld teen die Katz-Postal-hipotese voorstel nie.

4.1.3. Die posisie van ont₂

As daar verbale vorme op ont₁ volg, tree ont₂ op en staan regs van dié vorme. Dit is in ooreenstemming met die ont₂-hipotese, omdat die verbale vorme volgens die voorspelling van die GS sowel as die IS binne ont₁ se bereik val.

'n Vergelykbare sin wat 'n skynbare teenvoorbeeld vorm, is (4.3).

(4.3) Ek sal nie kom nie, hoor!


Hoor is hier egter geen verbale vorm nie, maar 'n interjeksie. Reeds in die tradisionele grammatika is interjeksies nie as deel van die sin beskou nie.³ Dit is daarom te verwagte dat hul nie binne die bereik van die ontkenning sal val nie. Dieselfde geld vir vokatiwe, wat ewe-eens op ont₂ volg.

(4.4) Ek sal nie kom nie, Piet

4.2. Komplekse sinne: die posisie van ont₂

Komplekse sinne bevat meer as een S in hul afleiding, waartussen daar veral twee soorte verhoudings kan bestaan: koördinasie en subordinasie. By koördinasie is die S'e gelykwaardig, met 'n struktuur wat ruweg deur (4.5) voorgestel kan word.

(4.5)



Die sinne word verbind deur wat Dik (1972:25) 'n 'linking device' noem: eenvoudige jukstaposisie of 'n koördinator. As koördinator beskou ek die tradisionele neweskikkende voegwoorde en, of, maar, want en die voegwoordelike bywoorde soos al, gevolglik, dus, ens.


3. Van Es (1966:65): En evenals de interjeksie treedt de vocatief dikwils als inleidend of begeleidend element op bij een andere 'zin', waarmee hij één spreek-eenheid kan gaan vormen zonder deel te zijn van de zinvormende groep of daarin te kunnen worden opgenomen als secundaire bepaling.

Omdat die een gekoördineerde sin nie die ander domineer nie, moet die bereik van die ontkenning tot die betrokke S beperk bly. Die ont₂-hipotese voorspel dan dat die tweede nie in sulke sinne sal staan aan die einde van die S wat ont₁ bevat. Hierdie voorspelling word bevestig deur sinne soos (4.6).

- (4.6)
- a. Dit het nie gereën nie en die werk het voortgegaan
 - b. Die huisvrou was ontevrede, want die bediende het nie opgedaag nie
 - c. Hy het die gedruip nie, al het hy nooit gewerk nie

Subordinasie is die verhouding wat daar bestaan tussen twee S'e in 'n afleiding waar die een deur die ander gedomineer word. In transformasioneel-generatiewe grammatika word die dominerende sin ook die matriksin genoem en die ander die konstituent- of ingebedde sin.

(4.7)



Gesubordineerde sinne word met hul matrikse verbind deur die tradisionele onderskikkende voegwoorde en het die volgorde van die bysin.

Aangesien 'n gesubordineerde sin deur die matriks gedomineer word, kan die bereik van sy ont₁ nie oor die matriks strek nie. Ons vind dan ook dat ont₂ in sulke gevalle sonder uitsondering aan die einde van die ingebedde sin staan.

- (4.8)
- a. Hulle skors die speler wat nooit opgedaag het nie
 - b. Die afrigter sal die speler wat nie opgedaag het nie, uit die span skors.
 - c. Omdat hy nie opgedaag het nie, is die speler geskors

As gevolg van hul hiërargiese ordening sluit die bereik van ont₁ in 'n

matrikssin egter die ingebedde sin in. Dit beteken dat ont₂ aan die einde van die gesubordineerde sin moet kan staan.

- (4.9) a. Ons aanvaar nie inskrywings wat laat ingelewer is nie
 b. Jy kan nie 'n huis bou waar daar vroeër 'n moeras was
 nie

Met ont₁ in die matriks, is die posisie van ont₂ egter nie so probleemloos as wanneer ont₁ in die ingebedde sin voorkom nie. In die volgende hoofstukke sal verder op hierdie kwessie ingegaan word.

Die feit dat die bereik van ont₁ in die matrikssin die hele komplekse sin beslaan, gee 'n verklaring vir die ongelyke aantal ontkenningsswoorde in sinne soos (4.10).

- (4.10) a. Ek het nie geweet dat hy nie opgedaag het nie)
 b. Ek was nie daarvan bewus dat sy hul nie daarvan in kennis gestel het dat die voorsitter nie betyds kan opdaag nie

Ont₂ van die matrikssin sowel as dié van die (laaste) ingebedde sin moet aan die einde van die komplekse sin geplaas word. Daar kan egter net een ont₂ aan die sinseinde voorkom, en dus bevat die sinne respektiewelik net drie en vyf ontkenningsswoorde.

HOOFSTUK 5

DIE ONTKENNING EN DIE NOMINALE KONSTITUENT

5.1. Inleiding: die kenmerke van die nominale konstituent

Kommunikasie deur middel van uitinge sou onmoontlik gewees het sonder sekere meganismes wat dien om die "voorwerpe", individue, besonderhede, situasies, ens.¹ waaroor daar iets meegedeel word, te identifiseer. Hierdie meganismes word met die nominale konstituent geassosieer en hul speel 'n belangrike rol in die posisie wat die ontkenning met betrekking tot die nominale konstituent (voortaan NP) kan inneem. Om hierdie rede is dit nodig om hul eers kortliks te bespreek. Ek verwys na hulle as kenmerke van die NP, maar wil daarmee nie te kenne gee dat hul noodwendig as sintaktiese of semantiese kenmerke in die grammatika gerepresenteer word nie.

5.1.1. Bepaaldheid en onbepaaldheid (⁺ Def)

Die semantiese aspek van bepaaldheid word deur Dik (1973:311) soos volg gedefinieer.

- (5.1) In using a definite description the speaker indicates that he presupposes that there exists, in some world, just one entity such that his addressee ... is able to identify that entity as the entity to which the speaker intends his definite description to apply.

Bierwisch (1970:30) wys verder daarop dat die referent van die NP wat uniek geïdentifiseer word, nie 'n individu is nie, maar 'n versameling.

- (5.2) ...the feature DEFINITE applies to uniquely specified sets - those containing one element being a special case.

'n Onbepaalde NP verskil van 'n bepaalde hoofsaaklik daarin dat die spreker nie veronderstel dat die referent aan die hoorder bekend is nie. Die spreker kan 'n spesifieke referent (ook geïnterpreteer as 'n versameling) in gedagte hê. Die NP identifiseer egter nie dié referent nie, maar dui slegs die klas aan waartoe die referent behoort.²

1. Bellert (1969:34)

2. Sien Bellert (1970:22)

Daar word gewoonlik aangeneem dat bepaalde NP's se oppervlakstruktuur die soort konstituente bevat wat in (5.3) aangedui word.³

- (5.3) a. Eiename: Johannes, Kaapstad, Perdepoort ...
 b. Persoonlike pronomina: ons, hulle, julle ...
 c. Bepaalde determinators: artikels soos die, hierdie daardie; possessiewe pronomina soos my, sy; possessiewe nomina soos Jan se
 d. Selfstandige possessiewe pronomina: myne, hare ...

Die onbepaalde NP's se oppervlakstruktuur het die konstituente aangetoon in (5.4).

- (5.4) a. Onbepaalde artikels: 'n, Ø
 b. Onbepaalde pronomina: iemand, iets

5.1.2. Spesifisiteit (+ Spes)

Onbepaalde NP's word verder gekenmerk as spesifiek (+ Spes) of nie-spesifiek (- Spes). In die literatuur is dit gebruiklik om hierdie onderskeid te verduidelik aan die hand van sinne soos (5.5).

- (5.5) Sannie wil met 'n Amerikaner trou

In een interpretasie presupponeer die spreker dat daar 'n sekere Amerikaner is en beweer dat Sannie met hom wil trou. Die NP is in dié geval (+ Spes). As die ander moontlike interpretasie aan (5.5) gegee word, veronderstel die spreker nie dat daar 'n spesifieke referent vir die NP 'n Amerikaner' bestaan nie. Hy beweer alleen dat Sannie se toekomstige man tot die Amerikaanse volk moet behoort. Met so 'n interpretasie is die NP nie-spesifiek.

Sommige linguiste sê van 'n spesifieke NP dat dit 'n unieke referent het. Die term 'unieke referent' beteken dan egter nie presies dieselfde as wanneer dit van 'n bepaalde NP gebruik word nie. 'n Mens kan sê dat die referent van 'n spesifieke NP altyd as 't ware uit 'n groter versameling uitgelig is, terwyl 'n bepaalde NP se referent iets kan aandui wat enig in sy soort is.

3. Sien Faerch (1975:319) en Van Schalkwyk (1972).

'n Toets wat dikwels gebruik word om spesifieke en nie-spesifieke NP's te onderskei, is dat eersgenoemde geparafraseer kan word met 'n ooreenstemmende NP wat die woord sekere of bepaalde bevat.

(5.6) Sannie wil met 'n sekere Amerikaner trou

In (5.6) kan net geles word dat die spreker 'n spesifieke referent vir die NP in gedagte het.

Die onderskeid tussen spesifiek en nie-spesifiek is nie altyd so duidelik soos in die konteks (5.5) nie, en dit gee aanleiding tot heelwat meningsverskil onder linguïste.

Jackendoff (1972:284vv.) is, soos vroeër aangedui is, die mening toegegaan dat 'n NP die kenmerk (+ Spes) net kry as dit afhanklik is van 'n modale operateur.

- (5.7) a. C_{unrealized} - Jan wil 'n vis vang
 b. C_{future} - Jan sal 'n vis vang
 c. C_{neg} - Jan het nie 'n vis gevang nie

(5.7)a. en b. kan so geïnterpreteer word dat daar slegs 'n referent vir die NP 'n vis sal wees as Jan inderdaad een vang, terwyl daar in c. geen referent vir die NP is nie.

Volgens Jackendoff se analise moet 'n nie-spesifieke NP altyd in die bereik van 'n modale operateur voorkom. Fodor (1977:128) stel dié standpunt uitdruklik.

(5.8) Nonspecific noun phrases are NOT normally found in single-clause sentences such as (34) and (35)

(34) Mary brought an eraser

(35) Mary found an eraser

(If Mary brought or found an eraser at all, then there is some specific eraser that she brought or found. It is possible to look for a nonspecific eraser, but it isn't possible to find one.)

So 'n opvatting impliseer dat 'n nie-spesifieke NP nooit 'n identifiseerbare referent het nie. Op grond van waarneminge oor ontkennde sinne is ek eerder geneig om saam te stem met taalkudiges soos Schermer-

Vermeer (1972:73) wat aanvoer dat nie-spesifieke NP's ook in nie-modale kontekste kan voorkom. Hy interpreteer byvoorbeeld die onbepaalde NP in (5.9) as nie-spesifiek.

(5.9) Jan het 'n vis gevang

In hierdie sin word beweer dat daar 'n vis bestaan sodanig dat Jan hom gevang het, m.a.w. dat die NP 'n referent het. Die spreker presupponeer egter nie die bestaan van 'n sekere vis buite die bewering om nie, daarom is die NP nie (+ Spes) nie.

Die bewering in (5.9) kan natuurlik gemodifiseer word deur 'n modale element tot die sin toe te voeg. As dit byvoorbeeld ontken word, word ook die bewering ontken dat daar 'n referent vir 'n vis is.

Die slotsom van my argument is dan dit: as 'n onbepaalde NP afhanklik is van die ontkenning, dan is dit myns insiens (- Spes) en het geen identifiseerbare referent nie. 'n Nie-spesifieke NP kan egter ook buite die (semantiese) bereik van die ontkenning voorkom.

5.1.3. Kwantifisering

Die referent van 'n NP is hierbo gekenmerk as 'n versameling. NP's kan konstituente bevat wat 'n sekere deel van die versameling aandui of die grootte daarvan beskryf. In die tradisionele grammatika behoort hierdie konstituente tot verskeie woordsoorte, in die generatiewe taalkunde word hul gewoonlik kwantore genoem.

Die logika onderskei tussen universele en eksistensiële kwantifisering. Die universele kwantor $\forall x$ (vir alle $x \dots$) dui aan dat 'n predikaat geld vir alle dinge x wat tot 'n sekere diskussiedomein behoort. Verteenwoordigers van hierdie kwantor in Afrikaans is:

(5.10) elk, elkeen, iedereen, enigeen, enige, albei, beide,
al, almal, algar, heel

As die eksistensiële kwantor $\exists x$ (daar is 'n $x \dots$) gebruik word, dan is daar ten minste een ding x in die diskussiedomein waarvoor die predikaat geld. Hierdie kwantor word gerepresenteer deur:

- (5.11) sommige, party, baie, verskeie, etlike, enkele, veel
weinig, min, 'n paar, sowel as al die hoofelwoorde

NP's met eksistensiële kwantore vertoon die kenmerke (+Def) of (- Def) (⁺ Spes), terwyl NP's met 'n universele kwantor nie deel het aan dié onderskeidings nie.

- (5.12) a. Ek het die drie boeke gevind
b. Ek het drie boeke gelees en hul geniet
c. Ek wil drie boeke vir die kinders koop

- (5.13) a. Ek het elke boek in sy huis gelees
b. Ek het al die boeke in sy huis gelees

In (5.12)a. veronderstel die spreker dat die hoorder die drie boeke kan identifiseer, sodat die NP bepaald is. Bepaalde NP's met en sonder kwantore verskil nie in hul sintaktiese gedrag nie, sodat hul nie by die beskrywing van die ontkenning onderskei hoef te word nie.

Die objek-NP's van sin (5.12)b. en c. is (- Def), want die referent van drie boeke is nie identifiseerbaar deur die hoorder nie. Daarby het die spreker by b. 'n spesifieke referent in gedagte, sodat die NP (+ Spes) is, maar by c. is dit nie noodwendig die geval nie; die NP kan (⁺ Spes) wees.

(5.13)a. sowel as b. gee te kenne dat die predikaat vir alle objekte in 'n versameling geld, dus kom die kwessie van identifiseerbaarheid nie ter sprake nie. Die betekenis van die twee sinne is dan ook dieselfde, hoewel een 'n bepaalde artikel ná die kwantor bevat en die ander nie.

Op grond van die gegewens wat hier bespreek is, verdeel ek die NP's in drie groepe: bepaald, onbepaald-kwantifiserend (afgekort tot onbep-kwant) en universeel wanneer ek hul posisie ten opsigte van ont₁ beskryf.

Van die tweede klas moet dié NP's uitgesonder word wat as die predikaat van 'n kopula dien en wat nie referensieel is nie, maar attributief.

- (5.14) Piet is 'n onderwyser

In die terme van Burton-Roberts (1976:428) kan 'n mens sê dat 'n onderwyser nie na 'n objek verwys nie, maar as 'n konsep funksioneer. Die

uitdrukking (5.14) word gebruik om te beweer dat Piet die attribute het wat in die konsep 'onderwyser' vervat word; dit verwys nie na 'n saak 'onderwyser' in die werklikheid nie. Ja.

5.1.4. Kategorialiteit

NP's wat die artikels die, 'n of \emptyset bevat, is nie almal bepaald of onbepaald-kwantifiserend nie. Die subjek-NP's in (5.15) word in die generatiewe taalkunde gekarakteriseer as 'kategoriaal'.

- (5.15) a. 'n Walvis is 'n soogdier
 b. Walvisse is soogdiere
 c. Melk is wit
 d. Die perd is 'n edel dier

Kategorialiteit is 'n verskynsel wat baie probleme oplewer en waaroor daar nog nie veel bekend is nie - met die onvermydelike gevolg dat die menings daarvoor sterk uiteenloop.

Volgens Jackendoff (1972:309) het die spreker wat 'n kategoriale NP gebruik nie 'n identifiseerbare referent in gedagte nie; hy sal enige referent aanvaar wat die hoorder kies uit die kategorie aangedui deur die NP. Hierdie interpretasie kom ooreen met dié wat Vendler (1967) voorstel vir NP's met die kwantor any.

Burton-Roberts (1976) is daarenteen van mening dat kategoriale NP's met die artikel 'n of \emptyset glad nie refereer nie, net soos predikaats-NP's. 'n Walvis in (5.15)a. dui vir hom nie 'n objek aan nie, maar 'n konsep. Hy ken daarom aan die sin 'n dieptestruktuur toe wat geparafraseer kan word met (5.16).

- (5.16) Om 'n walvis te wees, is om 'n soogdier te wees

Hy redeneer egter dat 'n kategoriale NP met die artikel die 'n klas as geheel aandui, wat 'n objek is, en daarom beskou hy hierdie soort NP wel as referensieel.

Kraak en Klooster (1968) vind ook dat kategoriale NP's met die groter ooreenkoms vertoon met gewone bepaalde NP's as met die 'onbepaalde' kategoriale NP's. Waar hulle egter die sinonimiteit van sinne met enkel-

voudige en meervoudige NP's as kenmerkend vir kategorialiteit beskou, redeneer Burton-Roberts dat 'n NP met 'n meervoudige nulartikel nie kategoriaal is nie en dat 'the plural indefinite generic and the plural non-specific indefinite are one and the same thing' (1976:444).

Die gedrag van NP's onder ontkenning gee steun aan die opvatting dat kategoriale en nie-kategoriale bepaalde NP's nie onderskei hoef te word nie. Ek sal dus onder die kategoriale NP's net dié met die interne bou van die NP's in (5.15)a. tot c. beskryf. 'Plural indefinite generic' NP's soos (5.15)b. word nie uitgesluit en saam met onbepaald-kwantifiserende NP's gegroepeer nie, want hul gedra hul anders as laasgenoemde wat die ontkenning betref, soos aangetoon sal word.

5.1.5. Die grammatikale representasie

In die IS word die sintaksis van die konstituente wat eksponente is van die verskillende kenmerke van die NP, deur hul leksikale kategorie bepaal, net soos met ontkenkende woorde die geval is. Elke item se referensiële funksie hang deels af van sy semantiese representasie in die leksikon: die artikel die kry byvoorbeeld die kenmerk (+ Def). Verder word referensiële funksie bepaal deur afhanklikheid van die een of ander operateur. Daar is reeds aangedui watter modale operateurs volgens Jackendoff 'n nie-spesifieke interpretasie aan 'n NP met die artikel 'n of \emptyset kan gee. Hy postuleer ook 'n modale operateur C_{generic} wat verantwoordelik is vir die kategorialiteit van die NP wat daarvan afhanklik is.

In die GS moet al die kenmerke vanselfsprekend in die onderliggende struktuur verteenwoordig wees. Oor presies hoe dit bewerkstellig moet word, bestaan daar egter groot onsekerheid. Vergelyk byvoorbeeld wat in § 2.2.1.1. oor artikels in die basisstruktuur gesê is.

Een moontlikheid wat lyk of dit goed inpas by die algemene GS-raamwerk, is deur Bach (1968:106) voorgestel.

- (5.17) It is natural to think about adapting a system of operators (quantifiers) like those used in logical systems and allowing these operators to function with the variables (d.w.s. die referensiële indekse van NP's - H.W.) in the deep structures of sentences. The class of operators will include the more abstract elements underlying such forms as articles, some and the like. We define the scope of an operator Q as the string dominated

by the highest S to which Q is prefixed. If an operator Q is followed immediately by a variable x then we say that every occurrence of x within the scope of Q is bound by Q. Among the operators will be a generic operator, an all operator, a some, a focus or definiteness operator, a question operator, and the like.

Die verskil tussen 'n spesifieke en nie-spesifieke NP wil Bach uitdruk deur 'the placement and scope of the linguistic analogue of the existential operator'. Die onderliggende struktuur van (5.5) kan daarvolgens voorgestel word deur (5.18)

- (5.18) a. x (x is 'n Amerikaner en Sannie wil met x trou)
 b. Sannie wil (x (x is 'n Amerikaner en Sannie trou met x)

(5.18)a. verteenwoordig die spesifieke lesing en b. die nie-spesifieke.

Dit is natuurlik duidelik dat, as NEG 'n hoër predikaat moet wees, soos algemeen in die GS aangeneem word, die hiërargiese struktuur wat Bach vir die operateurs voorstel, nie voldoende is nie. As NEG bo die S staan wat sy bereik vorm, terwyl die operateurs daarenteen voor aan die S toegevoeg word, sal daar nie aan hul relatiewe bereik uitdrukking gegee kan word nie. Bach se operateurs sal gevolglik ook soos predikate behandel moet word, maar dit lyk my nie na 'n wesenlike wysiging van die voorstel nie.

5.2. Die posisie van die ontkenningwoorde ten opsigte van die nominale konstituent

5.2.1. Ont₁ in simplekssinne

5.2.1.1. Inleiding

In hierdie afdeling gee ek telkens eers 'n hoeveelheid data wat die posisies illustreer wat ont₁ teenoor NP's in die simplekssin inneem, en bespreek dan die verband wat daar tussen die plasing van die ontkenningwoord en sy bereik bestaan, dit wil sê, of die betrokke NP binne of buite die bereik van die ontkenning val.

Die aanbieding van die stof volg die indeling wat in § 5.1. bespreek is, naamlik bepaalde, onbepaald-kwantifiserende, universele en kategoriale konstituente. Verder word daar onderverdelings gemaak volgens die interne bou van die NP en sy funksie, en die sinstipe, waar dit ter sake is.

Waar ont₁ die vorm aanneem van 'n adverbiale ontkenningwoord, gebruik ek net nie, omdat dit die wydste distribusie het. Ek meen dat hierdie beperking geregverdig is, aangesien dit nie die doel van die studie is om die distribusie van elke ontkenningwoord in besonderhede te beskryf nie, maar om die korrelasie tussen die posisie en bereik van ont₁ na te gaan.

Dit is nodig om hier duidelik te stel watter beleid gevolg word ten opsigte van die plasing van nie voor subjekte en vooropgestelde NP's. As die NP met kontrasterende aksent⁴ uitgespreek word, kan nie in byna elke sin hierdie posisie inneem. (Die aksent word met hoofletters aangedui.)

- (5.19) a. Nie JAN het opgedaag nie
 b. Nie die KINDERS het ek gesien nie
 c. Nie ALMAL het dit geglo nie
 d. Nie BAIE mense het gekom nie
 e. Nie BROOD eet hy graag nie

In die geval van bepaalde konstituente kan nie in hierdie posisies nooit sonder die spesiale klem voorkom nie.

- (5.20) a. *Nie Jan het opgedaag nie
 b. *Nie die kinders het ek gesien nie

Die vooropstelling van nie verander ook slegs die presupposisie van die sin, nie die waarheidswaarde nie, sodat daar geen getuienis is dat dit 'n verskil in bereik veroorsaak nie. By die beskrywing van bepaalde NP's ignoreer ek gevolglik hierdie plasingmoontlikheid van nie.

By onbep-kwant of universele konstituente kan nie daarenteen dikwels in die genoemde posisies staan, ook as hul geen kontrasterende klem kry nie. Origens word hul deur ont₁ voorafgegaan in dié sin dat hul deur 'n negatiewe teëhanger vervang word - 'n eienskap wat die kategoriale konstituente met hul deel. Ek sal daarom by hierdie tipes NP altyd aandui of nie aan die begin van die sin voor die subjek of objek kan staan en dan duidelik merk waar dit net met kontrasterende klem moontlik is.

4. In sinne met kontrasterende aksent is daar 'n kontras tussen die bewering en die presupposisie. By (5.19)a. word daar gepresupponeer dat iemand opgedaag het, en beweer dat dit nie Jan was nie. Sien Hubers (1974:46).

5.2.1.2. Bepaalde nominale konstituente5.2.1.2.1. Die subjek

As die subjek-NP bepaald is, kan ont₁ net in die predikaat staan, soos beskryf in Hoofstuk 4.

In die passiewe vorm van sinne met 'n bepaalde subjek, kom ont₁ òf links òf regs van die deur-frase voor.

- (i) a. Die man verwilder nie die hond nie
 b. Die hond word nie deur die man verwilder nie
 c. Die hond word deur die man nie verwilder nie

5.2.1.2.2. Die objek

In Afrikaans bestaan daar 'n besonder hegte verband tussen die subjek + Vf en objekte wat persoonlike pronomina en eiename bevat. Dit blyk daaruit dat hierdie objekte deur geen konstituent van die Vf en die subjek in hoofsinne of die subjek in bysinne geskei kan word nie, behalwe as die tipies Afrikaanse vir dit voorafgaan.

- (i) a. Ek sien hom vandag
 b. Sy sê dat sy hom vandag sien
 c. Ek sien Piet vandag
 d. Sy sê dat sy Piet vandag sien
- (ii) a. *Ek sien vandag hom
 b. *Sy sê dat sy vandag hom sien
 c. *Ek sien vandag Piet
 d. *Sy sê dat sy vandag Piet sien
- (iii) a. Ek sien vandag vir hom
 b. Sy sê dat sy vandag vir hom sien
 c. Ek sien vandag vir Piet
 d. Sy sê dat sy vandag vir Piet sien

Insgelyks kan ont₁ net op hierdie objekte volg as hul alleen voorkom, maar ook aan hulle voorafgaan as vir optree. X

- (iv) a. Ek glo hom

- b. Ek glo hom nie
 - c. *Ek glo nie hom nie
- (v) a. Ek glo vir hom
 - b. Ek glo vir hom nie
 - c. Ek glo nie vir hom nie
- (vi) a. Ek glo Piet
 - b. Ek glo Piet nie
 - c. *Ek glo nie Piet nie
- (vii) a. Ek glo vir Piet
 - b. Ek glo vir Piet nie
 - c. Ek glo nie vir Piet nie

Onder die eiename vorm die name van tale 'n interessante uitsondering wat die plasingsmoontlikhede van ont₁ betref.

- (viii) a. Die student ken Frans
- b. Die student ken nie Frans nie
- c. Die student ken geen Frans nie
- d. Die student ken Frans nie goed genoeg nie

Die name van tale gedra hul net soos onbep-kwant NP's met 'n nulartikel (sien § 5.2.1.3.1.), behalwe dat hul deur ont₁ gevolg kan word mits die sin nog 'n bepaling bevat, soos goed genoeg in (viii)a.

As die objek 'n refleksiewe pronomens bevat, het ont₁ dieselfde plasingsmoontlikhede as by die persoonlike pronomina, maar die wederkerige pronomens mekaar kan ook sonder die voorsetsel vir deur ont₁ voorafgegaan en gevolg word. Vir mekaar + ont₁ klink egter nie baie natuurlik nie.

- (ix) a. Ons het mekaar raakgeloop
- b. Ons het mekaar nie raakgeloop nie
- c. ?Ons het vir mekaar nie raakgeloop nie
- d. Ons het nie mekaar raakgeloop nie
- e. Ons het nie vir mekaar raakgeloop nie

Na aanleiding van (ix)d. wil ek daarop wys dat daar in die Afrikaanse spreektaal 'n sterk neiging bestaan om ook voor persoonlike pronomina

adverbiale, insluitende nie, te gebruik, veral by dit. In bevelsinne met moenie is nie voor hom en haar ook algemeen.

- (x) a. Hy het nie dit gesê nie
b. Moenie hom slaan nie

Met die uitsondering van die konstituente wat hierbo genoem is, kan alle bepaalde NP's in die objeksfunksie deur ont_1 òf voorafgegaan òf gevolg word.

- (xi) a. Die duiwe vreet die mielies
b. Die duiwe vreet nie die mielies nie
c. Die duiwe vreet die mielies nie
- (xii) a. Hulle sloop daardie historiese ou huis
b. Hulle sloop nie daardie historiese ou huis nie
c. Hulle sloop daardie historiese ou huis nie
- (xiii) a. Die agent verhoog my huur
b. Die agent verhoog nie my huur nie
c. Die agent verhoog my huur nie
- (xiv) a. Die onderwyser vind Jan se boek
b. Die onderwyser vind nie Jan se boek nie
c. Die onderwyser vind Jan se boek nie
- (xv) a. Hy ken syne
b. Hy ken nie syne nie
c. Hy ken syne nie

5.2.1.2.3. Die bereik van ont_1

In geeneen van die gevalle waar ont_1 òf voor òf ná die NP kan staan, is daar 'n verskil in betekenis nie. Dit kan verklaar word in terme van die semantiese eienskappe van die kenmerk bepaaldheid. Van bepaalde NP's word, soos gesien, veronderstel dat hul 'n unieke referent het. As die NP op ont_1 volg en volgens die voorspelling van die hipotese binne sy bereik val, kan hierdie presupposisie nie ontken word nie. Wat ontken word, is dat die realisering van die handeling, deur die verbum uitgedruk, aan die NP toegeskryf word. As die NP deur ont_1 gevolg word, val

dit buite sy bereik; hier word die realisering van die handeling ontken en die nie-realisering word aan die NP toegeskryf. In albei gevalle kom dit dus daarop neer dat geen realisering van die handeling van die NP beweer word nie. Die waarheidswaarde van die twee sinne is gevolglik dieselfde.

Omdat 'n verskil in bereik by bepaalde NP's nie 'n verskil in waarheidswaarde meebring nie, is sinne met hierdie soort konstituent nie 'n goeie toets vir die ont₁-hipotese nie.

5.2.1.3. Onbepaald-kwantifiserende nominale konstituent

5.2.1.3.1. NP's met die artikel \emptyset

5.2.1.3.1.1. Die subjek van 'n aktiewe sin

Onbep-kwant NP's kan met die voorlopige subjek daar verbind as die verbale konstituent intransitief is.⁵ Afgesien van sommige sinne met die kopula wees, is daar nie verpligtend nie, sodat wisselvorme met en sonder die voorlopige subjek voorkom.

- (i) a. Dwang was nodig
 b. Geen dwang was nodig nie
 c. Nie dwang was nodig nie (Net moontlik met kontrasterende)
 d. Dwang was nie nodig nie (aksent - voortaan KA)
- (ii) a. Daar staan melk op die tafel
 b. Daar staan geen melk op die tafel nie
 c. Daar staan nie melk op die tafel nie
 d. *Daar staan melk nie op die tafel nie
 e. Melk staan daar nie op die tafel nie
 f. ?Geen melk staan daar op die tafel nie
 g. Nie melk staan daar op die tafel nie (KA)
- (iii) a. Kinders loop in die strate
 b. Geen kinders loop in die strate nie

- c. Nie kinders loop in die strate nie (KA)
 d. Kinders loop nie in die strate nie (Kan net kategoriaal)
 (geïnterpreteer word)
- (iv) a. Daar loop kinders in die strate
 b. Daar loop geen kinders in die strate nie
 c. Daar loop nie kinders in die strate nie
 d. *Daar loop kinders nie in die strate nie
 e. Kinders loop daar nie in die strate nie
 f. ?Geen kinders loop daar in die strate nie
 g. Nie kinders loop daar in die strate nie (KA)

5.2.1.3.1.2. Die deur-frase van 'n passiewe sin

Die deur-frase word ná die subjek behandel, omdat laasgenoemde transformasioneel na hierdie posisie verskuif. Die deur-frase kan self ook weer deur topikalisering in die sinsaanloop⁶ geplaas word.

- (i) a. Hy is deur kritiek ontmoedig
 b. Hy is deur geen kritiek ontmoedig nie
 c. Hy is nie deur kritiek ontmoedig nie
 d. Hy is deur kritiek nie ontmoedig nie (Kan net kategoriaal)
 (geïnterpreteer word)
- (ii) a. Deur geen kritiek is hy ontmoedig nie
 b. Nie deur kritiek is hy ontmoedig nie (KA)
 c. Deur kritiek is hy nie ontmoedig nie
- (iii) a. Ons word deur verkoopsmanne gepla
 b. Ons word deur geen verkoopsmanne gepla nie
 c. Ons word nie deur verkoopsmanne gepla nie
 d. Ons word deur verkoopsmanne nie gepla nie (Kan net kate-)
 (goriaal geïn-)
 (terpreteer word)
- (iv) a. Deur geen verkoopsmanne word ons gepla nie
 b. Nie deur verkoopsmanne word ons gepla nie (KA)
 c. Deur verkoopsmanne word ons nie gepla nie

5.2.1.3.1.3. Die direkte objek

In hierdie paragraaf word objekte behandel wat op die verbum volg en dié

6. Ek sal hierdie gerieflike term van Paardekooper gebruik vir konstituentte wat voor die subjek van die sin staan.

wat deur die topikaliserings-transformasie na die sinsaanloop verskuif is.

- (i)
 - a. Ons het kos voorberei
 - b. Ons het geen kos voorberei nie
 - c. Ons het nie kos voorberei nie
 - d. *Ons het kos nie voorberei nie

- (ii)
 - a. Kos het ons voorberei
 - b. *Geen kos het ons voorberei nie
 - c. Nie kos het ons voorberei nie (KA)
 - d. Kos het ons nie voorberei nie

- (iii)
 - a. Ons het boeke geskenk
 - b. Ons het geen boeke geskenk nie
 - c. Ons het nie boeke geskenk nie
 - d. *Ons het boeke nie geskenk nie

- (iv)
 - a. Boeke het ons geskenk
 - b. *Geen boeke het ons geskenk nie
 - c. Nie boeke het ons geskenk nie (KA)
 - d. Boeke het ons nie geskenk nie

5.2.1.3.1.4. Die subjek van 'n passiewe sin

Die transformasionele verband tussen die objekte van aktiewe en die subjekte van passiewe sinne is weer die motivering vir die ordening van dié twee groepe.

- (i)
 - a. Kos is deur ons voorberei
 - b. Geen kos is deur ons voorberei nie
 - c. Nie kos is deur ons voorberei nie (KA)
 - d. Kos is nie deur ons voorberei nie

- (ii)
 - a. Daar is kos deur ons voorberei
 - b. Daar is geen kos deur ons voorberei nie
 - c. Daar is nie kos deur ons voorberei nie
 - d. *Daar is kos nie deur ons voorberei nie
 - e. Kos is daar nie deur ons voorberei nie
 - f. ? Geen kos is daar deur ons voorberei nie

- g. ?Nie kos is daar deur ons voorberei nie (KA)
- (iii) a. Boeke is deur ons geskenk
 b. Geen boeke is deur ons geskenk nie
 c. Nie boeke is deur ons geskenk nie (KA)
 d. Boeke is nie deur ons geskenk nie
- (iv) a. Daar is boeke deur ons geskenk
 b. Daar is geen boeke deur ons geskenk nie
 c. Daar is nie boeke deur ons geskenk nie
 d. *Daar is boeke nie deur ons geskenk nie
 e. ?Boeke is daar nie deur ons geskenk nie
 f. ?Geen boeke is daar deur ons geskenk nie
 g. ?Nie boeke is daar deur ons geskenk nie (KA)

5.2.1.3.1.5. Die bereik van ont₁

Wat 'n mens die meeste opval van ont₁ se posisie by onbep-kwant NP's met 'n nulartikel, is dat dit so dikwels net voor die NP kan staan. ('Voor' sluit hier die gevalle in waar die artikel deur geen vervang word.) Ont₁ ná die NP is onmoontlik by:

- (a) Die subjekte van aktiewe sinne as die NP meervoudig is of by enkel- sowel as meervoud wanneer die voorlopige subjek daar optree, en daar geen inversie is nie.
- (b) Direkte objekte wat ná die Vf staan.
- (c) Die deur-frase van 'n passiewe sin wat op die Vf volg. Meer-voudige substantiewe met 'n nulartikel kan in hierdie posisie beslis nie deur ont₁ gevolg word en nog 'n onbepaalde interpretasie behou nie. Oor die NP's met nie-telbare substantiewe het ek nie baie duidelike intuïesies nie, maar ek meen tog dat hulle, soos aangedui, hoofsaaklik kategoriaal geïnterpreteer word.

In al die betrokke sinne het die NP geen referent nie; dit val dus binne die bereik van die ontkenning en stem ooreen met die voorspelling van die ont₁-hipotese.

Die posisies waarin NP's met die nulartikel deur ont₁ voorafgegaan of gevolg kan word, is die volgende:

- (a) Die subjek van aktiewe sinne, as die NP 'n nie-telbare substantief kan bevat.
- (b) Direkte objekte en deur-frases wat na die sinsaanloop verskuif is.
- (c) Die subjek van passiewe sinne

Net in een posisie kan NP's met die nulartikel alleen aan ont₁ voorafgaan:

- (a) Die vooropgeplaaste subjek van 'n daar-sin, d.w.s. as 'n mens afsien van sinne soos § 5.2.1.3.1.1. (ii)g. wat net met kontrasterende aksent moontlik is.

Oral waar die NP voor die ontkenning staan, val dit volgens sy interpretasie nogtans binne die bereik daarvan. Sulke sinne is teenvoorbeelde teen die ont₁-hipotese.

5.2.1.3.2. NP's met die artikel 'n

5.2.1.3.2.1. Die subjek van 'n aktiewe sin

- (i)
 - a. 'n Kind werk in die tuin
 - b. Geen kind werk in die tuin nie
 - c. Nie 'n kind werk in die tuin nie
 - d. 'n Kind werk nie in die tuin nie
- (ii)
 - a. Daar werk 'n kind in die tuin
 - b. Daar werk geen kind in die tuin nie
 - c. Daar werk nie 'n kind in die tuin nie
 - (d) *Daar werk 'n kind nie in die tuin nie
 - e. ?'n Kind werk daar nie in die tuin nie
 - f. ?Geen kind werk daar in die tuin nie
 - g. ?Nie 'n kind werk daar in die tuin nie

5.2.1.3.2.2. Die deur-frase van 'n passiewe sin

- (i) a. Daardie man word deur 'n kollega vermy
 b. Daardie man word deur geen kollega vermy nie
 c. Daardie man word nie deur 'n kollega vermy nie
 d. Daardie man word deur 'n kollega nie vermy nie
- (ii) a. Deur geen kollega word daardie man vermy nie
 b. ?Deur nie 'n kollega word daardie man vermy nie
 c. Nie deur 'n kollega word daardie man vermy nie
 d. Deur 'n kollega word daardie man nie vermy nie

5.2.1.3.2.3. Die direkte objek

- (i) a. Die leerling het 'n boek verloor
 b. Die leerling het geen boek verloor nie
 c. Die leerling het nie 'n boek verloor nie
 d. Die leerling het 'n boek nie verloor nie
- (ii) a. 'n Boek het die leerling verloor
 b. *Geen boek het die leerling verloor nie
 c. Nie 'n boek het die leerling verloor nie
 d. 'n Boek het die leerling nie verloor nie

5.2.1.3.2.4. Die subjek van 'n passiewe sin

- (i) a. 'n Boek is deur die leerling verloor
 b. Geen boek is deur die leerling verloor nie
 c. Nie 'n boek is deur die leerling verloor nie
 d. 'n Boek is nie deur die leerling verloor nie
- (ii) a. Daar is 'n boek deur die leerling verloor
 b. Daar is geen boek deur die leerling verloor nie
 c. Daar is nie 'n boek deur die leerling verloor nie
 (d) *Daar is 'n boek nie deur die leerling verloor nie
 e. *'n Boek is daar nie deur die leerling verloor nie
 f. *Geen boek is daar deur die leerling verloor nie
 g. ?Nie 'n boek is daar deur die leerling verloor nie

5.2.1.3.2.5. Die bereik van ont₁

Anders as die onbep-kwant NP's wat 'n nulartikel bevat, kan dié met die artikel 'n feitlik altyd deur ont₁ òf voorafgegaan òf gevolg word. Die enigste duidelike uitsondering is §5.2.1.3.2.1. (ii)d. en § 5.2.1.3.2.4. (ii)d. waar die sin met 'n voorlopige subjek begin.

As nie geplaas word voor 'n NP wat in die subjek optree of in 'n objek of deur-frase wat na die aanloop verskuif is, is daar sterk klem op die substantief nodig.

(5.21) Nie 'n bóék is deur die leerling verloor nie

Hier het ons nie te doen met kontrasterende aksent nie (hoewel dit ook by dieselfde soort sin kan voorkom); die spreker wil net beklemtoon dat die leerling nie een enkele boek verloor het nie.

In sommige posisies is die interpretasie van die NP met die artikel 'n volgens die voorspelling van die ont₁-hipotese. Die NP is spesifiek as dit aan ont₁ vóorafgaan en staan dus buite sy bereik; as die NP op ont₁ volg, is dit nie-spesifiek met geen referent nie, sodat dit blykbaar binne die bereik kom.

(a) In die subjek van aktiewe sinne.

(b) In 'n direkte objek en deur-frases wat op die Vf volg.

Teenvoorbeelde teen die hipotese kom in die volgende posisies voor:

(a) In direkte objekte en deur-frases wat in die sinsaanloop staan.

(b) In die subjek van passiewe sinne.

As ont₁ in die genoemde posisies links van die NP staan, dan kom laasgenoemde altyd binne sy bereik. Waar ont₁ op die NP volg, is daar egter twee interpretasies, een waar die NP, soos verwag, buite die ontkenning staan en een waar dit wel ontken word. Die voor-die-handliggendheid van 'n interpretasie binne of buite die ontkenning se bereik, skyn van sin tot sin te verskil.

(5.22) a. 'n Boek is nie op die rak teruggeplaas nie

b. 'n Tydtafel is nog nie daarvoor uitgewerk nie

In (5.22)a. sal 'n boek waarskynlik in die eerste plek as spesifiek geïnterpreteer word, en daarom buite die ontkenning se bereik, terwyl 'n nie-spesifieke interpretasie vir b. die natuurlikste lyk.

Daar skyn 'n verband te wees tussen die interpretasie van hierdie sinne en die moontlikheid om die NP's deur geen te ontken.

- (5.23) a. Geen boek is op die rak teruggeplaas nie
b. ?Geen tydtafel is nog daarvoor uitgewerk nie

Dus, waar ont₁ voor die NP nie baie natuurlik is nie, val die NP maklik onder sy bereik as dit regs daarvan staan.

5.2.1.3.3. NP's met onbepaalde pronomina

5.2.1.3.3.1. Die subjek van 'n aktiewe sin

- (i) a. Iemand werk in die tuin
b. Niemand werk in die tuin nie
c. Nie iemand werk in die tuin nie
d. Iemand werk nie in die tuin nie
- (ii) a. Daar werk iemand in die tuin
b. Daar werk niemand in die tuin nie
c. Daar werk nie iemand in die tuin nie.
d. *Daar werk iemand nie in die tuin nie
e. *Iemand werk daar nie in die tuin nie
f. ?Niemand werk daar in die tuin nie
g. *Nie iemand werk daar in die tuin nie
- (iii) a. Iets het verkeerd geloop
b. Niks het verkeerd geloop nie
c. Nie iets het verkeerd geloop nie
d. Iets het nie verkeerd geloop nie
- (iv) a. Daar het iets verkeerd geloop
b. Daar het niks verkeerd geloop nie
c. Daar het nie iets verkeerd geloop nie
d. *Daar het iets nie verkeerd geloop nie
e. *Iets het daar nie verkeerd geloop nie

- f. *Niks het daar verkeerd geloop nie
 - g. *Nie iets het daar verkeerd geloop nie
- (v)
 - a. Een het opgedaag
 - b. Geeneen het opgedaag nie
 - c. Nie een het opgedaag nie
 - d. Een het nie opgedaag nie
- (vi)
 - a. Daar het een opgedaag
 - b. Daar het geeneen opgedaag nie
 - c. Daar het nie een opgedaag nie
 - d. ?Daar het een nie opgedaag nie
 - e. ?Een het daar nie opgedaag nie
 - f. ?Geeneen het daar opgedaag nie
 - g. ?Nie een het daar opgedaag nie

5.2.1.3.3.2. Die deur-frase van 'n passiewe sin

- (i)
 - a. Die bestuurder is deur iemand aangekla
 - b. Die bestuurder is deur niemand aangekla nie
 - c. Die bestuurder is nie deur iemand aangekla nie
 - d. Die bestuurder is deur iemand nie aangekla nie
- (ii)
 - a. Deur niemand is die bestuurder aangekla nie
 - b. *Deur nie iemand is die bestuurder aangekla nie
 - c. *Nie deur iemand is die bestuurder aangekla nie
 - d. Deur iemand is die bestuurder nie aangekla nie
- (iii)
 - a. Die speler is deur iets ontstel
 - b. Die speler is deur niks ontstel nie
 - c. Die speler is nie deur iets ontstel nie
 - d. Die speler is deur iets nie ontstel nie
- (iv)
 - a. Deur niks is die speler ontstel nie
 - b. *Deur nie iets is die speler ontstel nie
 - c. *Nie deur iets is die speler ontstel nie
 - d. Deur iets is die speler nie ontstel nie
- (v)
 - a. Die speler is deur een ontstel
 - b. Die speler is deur geeneen ontstel nie

- c. Die speler is nie deur een ontstel nie
- d. Die speler is deur een nie ontstel nie

- (vi) a. Deur geeneen is die speler ontstel nie
- b. Deur nie een is die speler ontstel nie
- c. Nie deur een is die speler ontstel nie
- d. Deur een is die speler nie ontstel nie

5.2.1.3.3.3. Die direkte objek

- (i) a. Hulle het iemand beskuldig
- b. Hulle het niemand beskuldig nie
- c. Hulle het nie iemand beskuldig nie
- d. Hulle het iemand nie beskuldig nie
- (ii) a. Iemand het hulle beskuldig
- b. Niemand het hulle beskuldig nie
- c. ?Nie iemand het hulle beskuldig nie
- d. Iemand het hulle nie beskuldig nie
- (iii) a. Ek het iets vergeet
- b. Ek het niks vergeet nie
- c. Ek het nie iets vergeet nie
- d. Ek het iets nie vergeet nie
- (iv) a. Iets het ek vergeet
- b. Niks het ek vergeet nie
- c. ?Nie iets het ek vergeet nie
- d. Iets het ek nie vergeet nie
- (v) a. Ons het een beskuldig
- b. Ons het geeneen beskuldig nie
- c. Ons het nie een beskuldig nie
- d. Ons het een nie beskuldig nie
- (vi) a. Een het ons beskuldig
- b. *Geeneen het ons beskuldig nie
- c. Nie een het ons beskuldig nie
- d. Een het ons nie beskuldig nie

5.2.1.3.3.4. Die subjek van 'n passiewe sin

- (i) a. Iemand is deur hulle beskuldig
 b. Niemand is deur hulle beskuldig nie
 c. ?Nie iemand is deur hulle beskuldig nie
 d. Iemand is nie deur hulle beskuldig nie
- (ii) a. Daar is iemand deur hulle beskuldig
 b. Daar is niemand deur hulle beskuldig nie
 c. Daar is nie iemand deur hulle beskuldig nie
 d. *Daar is iemand nie deur hulle beskuldig nie
 e. *Iemand is daar nie deur hulle beskuldig nie
 f. *Niemand is daar deur hulle beskuldig nie
 g. *Nie iemand is daar deur hulle beskuldig nie
- (iii) a. Iets is deur my vergeet
 b. Niks is deur my vergeet nie
 c. ?Nie iets is deur my vergeet nie
 d. Iets is nie deur my vergeet nie
- (iv) a. Daar is iets deur my vergeet
 b. Daar is niks deur my vergeet nie
 c. Daar is nie iets deur my vergeet nie
 d. *Daar is iets nie deur my vergeet nie
 e. *Iets is daar nie deur my vergeet nie
 f. *Niks is daar deur my vergeet nie
 g. *Nie iets is daar deur my vergeet nie
- (v) a. Een is deur ons beskuldig
 b. Geeneen is deur ons beskuldig nie
 c. Nie een is deur ons beskuldig nie
 d. Een is nie deur ons beskuldig nie
- (vi) a. Daar is een deur ons beskuldig
 b. Daar is geeneen deur ons beskuldig nie
 c. Daar is nie een deur ons beskuldig nie
 d. ?Daar is een nie deur ons beskuldig nie
 e. *Een is daar nie deur ons beskuldig nie
 f. *Nie een is daar deur ons beskuldig nie

5.2.1.3.3.5. Die bereik van ont₁

NP's met onbepaalde pronomina kan in 'n groot aantal gevalle òf deur ont₁ voorafgegaan òf daardeur gevolg word. Net soos die lede van die vorige twee klasse staan dit egter altyd ná ont₁ as die sin 'n voorlopige subjek daar het. 'n Moontlike uitsondering is § 5.2.1.3.3.1. (vi)d. en § 5.2.1.3.3.4. (vi)d., maar dit lyk vir my asof een dan as 'n kwantor geïnterpreteer moet word. Dit wil sê, daar word beklemtoon dat die getal wat nie opgedaag het of beskuldig is nie, net een is.

As die direkte objek in die aanloop staan, is nie iemand en nie iets weer net aanvaarbaar met sterk klem, soos hoër op verduidelik is. Niks en niemand kom hier ook nie baie dikwels voor nie, maar ek glo dit is moontlik.

Watter posisie die NP's met onbepaalde pronomina ook al inneem, hul interpretasie is altyd volgens die voorspelling van die ont₁-hipotese.

5.2.1.3.4. NP's met kwantore5.2.1.3.4.1. Die subjek van 'n aktiewe sin

- (i)
- a. Een kind speel in die park
 - b. Geen kind speel in die park nie
 - c. Nie een kind speel in die park nie
 - d. Een kind speel nie in die park nie
- (ii)
- a. Daar speel een kind in die park
 - b. Daar speel geen kind in die park nie
 - c. Daar speel nie een kind in die park nie
 - d. ?Daar speel een kind nie in die park nie
 - e. *Een kind speel daar nie in die park nie
 - f. *Geen kind speel daar in die park nie
 - g. *Nie een kind speel daar in die park nie

NP's met die woorde 'n enkele het dieselfde plasingmoontlikhede as een.

Die bepaalde hooftelwoorde bó een, asook die onbepaalde telwoorde 'n paar, 'n klomp, 'n aantal, etlike, heelparty, verskeie, min en weinig het die ontkeningspatroon wat hieronder aan twee geïllustreer word.

- (iii) a. Twee kinders speel in die park
 b. Nie twee kinders speel in die park nie (KA)
 c. Twee kinders speel nie in die park nie
- (iv) a. Daar speel twee kinders in die park
 b. Daar speel nie twee kinders in die park nie
 c. ?Daar speel twee kinders nie in die park nie
 d. *Twee kinders speel daar nie in die park nie
 e. *Nie twee kinders speel daar in die park nie

Baie, genoeg en veel kan ook sonder 'n voorlopige subjek of kontrasterende aksent deur ont₁ voorafgegaan word as hul in die subjek verskyn.

- (v) a. Baie kinders speel in die park
 b. Nie baie kinders speel in die park nie
 c. Baie kinders speel nie in die park nie
- (vi) a. Daar speel baie kinders in die park
 b. Daar speel nie baie kinders in die park nie
 c. ?Daar speel baie kinders nie in die park nie
 d. *Baie kinders speel daar nie in die park nie
 e. *Nie baie kinders speel daar in die park nie

Sommige, menige en party kan slegs deur ont₁ gevolg word, behalwe as dit kontrasterende aksent kry, en kan ook nie in daar-sinne voorkom nie.

- (vii) a. Sommige kinders speel in die park
 b. Nie sommige kinders speel in die park nie (KA)
 c. Sommige kinders speel nie in die park nie
- (viii) a. *Daar speel sommige kinders in die park

5.2.1.3.4.2. Die deur-frase van 'n passiewe sin

- (i) a. Ons word deur een voorstel geraak
 b. Ons word deur geen voorstel geraak nie
 c. Ons word deur nie een voorstel geraak nie
 d. Ons word nie deur een voorstel geraak nie
 e. Ons word deur een voorstel nie geraak nie

- (ii) a. Deur geen voorstel word ons geraak nie
b. Deur nie een voorstel word ons geraak nie
c. Nie deur een voorstel word ons geraak nie
d. Deur een voorstel word ons nie geraak nie
- (iii) a. Ons word deur twee boewe agtervolg
b. Ons word nie deur twee boewe agtervolg nie
c. *Ons word deur nie twee boewe agtervolg nie
d. Ons word deur twee boewe nie agtervolg nie
- (iv) a. Deur twee boewe word ons nie agtervolg nie
b. Nie deur twee boewe word ons agtervolg nie (KA)
- (v) a. Hulle is deur baie mense toegejuig
b. Hulle is nie deur baie mense toegejuig nie
c. *Hulle is deur nie baie mense toegejuig nie
d. Hulle is deur baie mense nie toegejuig nie
- (vi) a. Nie deur baie mense is hul toegejuig nie (KA)
b. Deur baie mense is hul nie toegejuig nie
- (vii) a. Die boek is deur sommige kritici veroordeel
b. Die boek is nie deur sommige kritici veroordeel nie (KA)
c. Die boek is deur sommige kritici nie veroordeel nie
- (viii) a. Nie deur sommige kritici is die boek veroordeel nie (KA)
b. Deur sommige kritici is die boek nie veroordeel nie

5.2.1.3.4.3. Die direkte objek

- (i) a. Die mense het een kind gewaar
b. Die mense het geen kind gewaar nie
c. Die mense het nie een kind gewaar nie
d. Die mense het een kind nie gewaar nie
- (ii) a. Een kind het die mense gewaar
b. *Geen kind het die mense gewaar nie
c. Nie een kind het die mense gewaar nie
d. Een kind het die mense nie gewaar nie

- (iii) a. Die kandidaat het twee vrae weggelaat
- b. Die kandidaat het nie twee vrae weggelaat nie
- c. Die kandidaat het twee vrae nie weggelaat nie

- (iv) a. Twee vrae het die kandidaat weggelaat
- b. Nie twee vrae het die kandidaat weggelaat nie (KA)
- c. Twee vrae het die kandidaat nie weggelaat nie

- (v) a. Ek kon baie vrae onthou
- b. Ek kon nie baie vrae onthou nie
- c. Ek kon baie vrae nie onthou nie

- (vi) a. Baie vrae kon ek onthou
- b. Nie baie vrae kon ek onthou nie
- c. Baie vrae kon ek nie onthou nie

- (vii) a. Die onderwyser het sommige kinders gestraf
- b. Die onderwyser het nie sommige kinders gestraf nie (KA)
- c. Die onderwyser het sommige kinders nie gestraf nie

- (viii) a. Sommige kinders het die onderwyser gestraf
- b. Nie sommige kinders het die onderwyser gestraf nie
- c. Sommige kinders het die onderwyser nie gestraf nie

5.2.1.3.4.4. Die subjek van 'n passiewe sin

- (i) a. Een kind is deur die mense gewaar
- b. Geen kind is deur die mense gewaar nie
- c. Nie een kind is deur die mense gewaar nie
- d. Een kind is nie deur die mense gewaar nie

- (ii) a. Daar is een kind deur die mense gewaar
- b. Daar is geen kind deur die mense gewaar nie
- c. Daar is nie een kind deur die mense gewaar nie
- d. ?Daar is een kind nie deur die mense gewaar nie
- e. *Een kind is daar nie deur die mense gewaar nie
- f. *Geen kind is daar deur die mense gewaar nie
- g. *Nie een kind is daar deur die mense gewaar nie

- (iii) a. Twee vrae is deur die kandidaat weggelaat

- b. Nie twee vrae is deur die kandidaat weggelaat nie (KA)
 c. Twee vrae is nie deur die kandidaat weggelaat nie
- (iv) a. Daar is twee vrae deur die kandidaat weggelaat
 b. Daar is nie twee vrae deur die kandidaat weggelaat nie
 c. ?Daar is twee vrae nie deur die kandidaat weggelaat nie
 d. *Twee vrae is daar nie deur die kandidaat weggelaat nie
 e. ?Nie twee vrae is daar deur die kandidaat weggelaat nie (KA)
- (v) a. Baie vrae kon deur hulle beantwoord word
 b. Nie baie vrae kon deur hulle beantwoord word nie
 c. Baie vrae kon nie deur hulle beantwoord word nie
- (vi) a. Daar kon baie vrae deur hulle beantwoord word
 b. Daar kon nie baie vrae deur hulle beantwoord word nie
 c. ?Daar kon baie vrae nie deur hul beantwoord word nie
 d. *Baie vrae kon daar nie deur hul beantwoord word nie
 e. ?Nie baie vrae kon daar deur hul beantwoord word nie (KA)
- (vii) a. Sommige kinders is deur die onderwyser gestraf
 b. Nie sommige kinders is deur die onderwyser gestraf nie (KA)
 c. Sommige kinders is nie deur die onderwyser gestraf nie
- (viii) a. *Daar is sommige kinders deur die onderwyser gestraf

5.2.1.3.4.5. Die bereik van ont₁

Soos die voorbeelde toon, verskil kwantore onderling wat hul ontkenningpatroon betref. Die sommige-groep kan met normale aksent alleen deur ont₁ gevolg word en staan dan buite sy bereik. Hierdie gedrag is in ooreenstemming met die inherent-spesifieke interpretasie van dié woorde (wat ook blyk uit die feit dat hul nie met daar as voorlopige subjek kan verbind nie)⁷.

Wanneer sommige met kontrasterende aksent deur ont₁ voorafgegaan word (en dit geld ook vir twee, ens.) word daar eintlik 'n suggestie van die

7. Vergelyk wat Jackendoff (1972:287) oor certain sê.

vorige spreker ontken oor die grootte van die versameling wat die NP se referent uitmaak. Dus, nie net sommige kinders is gestraf nie, maar almal.

Die orige kwantore kan òf gevolg word deur ont_1 òf voorafgegaan, hoewel die twee-groep soms die voorlopige subjek daar vereis as hul, met normale intonasie, regs van ont_1 moet staan.

NP's met kwantore kan in daar-sinne ook deur ont_1 gevolg word, al is die sinne soms op die rand van aanvaarbaarheid. As die NP nie 'n substantief bevat nie, is dié volgorde meer natuurlik.

(5.24) Daar het twee nie opgedaag nie

Soos in § 5.2.1.3.3.3. opgemerk is, moet dit hier blykbaar gaan om die getal waaraan die nie-realisering van 'n handeling toegeskryf word.

Die interpretasie van die sinne is in ooreenstemming met die hipotese as die NP in die subjek van aktiewe sinne optree, of in die deur-frase of direkte objek wat op die Vf volg.

As die twee-groep in die subjek van 'n passiewe sin voorkom en deur ont_1 gevolg word, is daar twee moontlike interpretasies. Die mees voor-die-hand-liggende is dat hul spesifiek is en daarom buite ont_1 se bereik val. Daarbenewens kan hul egter ook as binne die bereik van die ontkenning geïnterpreteer word. Dieselfde dubbelsinnigheid word aangetref by hierdie groep in die direkte objek en deur-frase wat na die sinsaanloop verskuif is. Hier kan die NP met die kwantor slegs deur ont_1 gevolg word, maar daar is twee interpretasies.

By die kwantore wat twee plasingsmoontlikhede het, soos een en die baie-groep, tref 'n mens myns insiens nie twee interpretasies aan waar die NP deur ont_1 gevolg word nie en hul lewer dus nie teenvoorbeelde teen die hipotese op nie.

5.2.1.4. Universele nominale konstituente5.2.1.4.1. Die subjek van 'n aktiewe sin

- (i) a. Alle/al die kinders skryf hierdie eksamen
- b. Nie alle/al die kinders skryf hierdie eksamen nie
- c. Alle/al die kinders skryf nie hierdie eksamen nie

- (ii) a. Almal skryf hierdie eksamen
- b. Nie almal skryf hierdie eksamen nie
- c. Almal skryf nie hierdie eksamen nie

- (iii) a. Albei/albei die koeëls het die skyf getref
- b. Nie albei/albei die koeëls het die skyf getref nie
- c. Albei/albei die koeëls het nie die skyf getref nie

- (iv) a. Albei het die skyf getref
- b. Nie albei het die skyf getref nie
- c. Albei het nie die skyf getref nie

- (v) a. Elke inwoner het die vlieënde piering gewaar
- b. Nie elke inwoner het die vlieënde piering gewaar nie
- c. *Elke inwoner het nie die vlieënde piering gewaar nie

- (vi) a. Elkeen het die vlieënde piering gewaar
- b. Nie elkeen het die vlieënde piering gewaar nie
- c. *Elkeen het nie die vlieënde piering gewaar nie

- (vii) a. Enige mens kon die geld opgetel het
- b. Nie enige mens kon die geld opgetel het nie
- c. *Enige mens kon nie die geld opgetel het nie

- (viii) a. Enigeen kon die geld opgetel het
- b. Nie enigeen kon die geld opgetel het nie
- c. *Enigeen kon nie die geld opgetel het nie

5.2.1.4.2. Die deur-frase van 'n passiewe sin

Slegs sinne met die deur-frase wat op die Vf volg, word aangegee, omdat dit meestal baie onnatuurlik klink as dié frase met 'n universele kwantor na die aanloop verskuif word.

- (i)
 - a. Die eksamen word deur alle/al die kinders geskryf
 - b. Die eksamen word nie deur alle/al die kinders geskryf nie
 - c. *Die eksamen word deur alle/al die kinders nie geskryf nie
- (ii)
 - a. Die eksamen word deur almal geskryf
 - b. Die eksamen word nie deur almal geskryf nie
 - c. *Die eksamen word deur almal nie geskryf nie
- (iii)
 - a. Die skyf is deur albei/albei die koeëls getref
 - b. Die skyf is nie deur albei/albei die koeëls getref nie
 - c. *Die skyf is deur albei/albei die koeëls nie getref nie
- (iv)
 - a. Die skyf is deur albei getref
 - b. Die skyf is nie deur albei getref nie
 - c. *Die skyf is deur albei nie getref nie
- (v)
 - a. Die vlieënde piering is deur elke inwoner gewaar
 - b. Die vlieënde piering is nie deur elke inwoner gewaar nie
 - c. *Die vlieënde piering is deur elke inwoner nie gewaar nie
- (vi)
 - a. Die vlieënde piering is deur elkeen gewaar
 - b. Die vlieënde piering is nie deur elkeen gewaar nie
 - c. *Die vlieënde piering is deur elkeen nie gewaar nie
- (vii)
 - a. Die geld kon deur enige mens opgetel gewees het
 - b. Die geld kon nie deur enige mens opgetel gewees het nie
 - c. *Die geld kon deur enige mens nie opgetel gewees het nie
- (viii)
 - a. Die geld kon deur enigeen opgetel gewees het
 - b. Die geld kon nie deur enigeen opgetel gewees het nie
 - c. *Die geld kon deur enigeen nie opgetel gewees het nie

5.2.1.4.3. Die direkte objek

- (i)
 - a. Hulle het alle/al die kinders gestraf
 - b. Hulle het nie alle/al die kinders gestraf nie
 - c. *Hulle het alle/al die kinders nie gestraf nie
- (ii)
 - a. Alle/al die kinders het hulle gestraf
 - b. Nie alle/al die kinders het hulle gestraf nie
 - c. Alle/al die kinders het hulle nie gestraf nie

- (iii) a. Hulle het almal gestraf
 b. Hulle het nie almal gestraf nie
 c. *Hulle het almal nie gestraf nie
- (iv) a. Almal het hulle gestraf
 b. Nie almal het hulle gestraf nie
 c. Almal het hulle nie gestraf nie
- (v) a. Die seuns het albei/albei die kinders gered
 b. Die seuns het nie albei/albei die kinders gered nie
 c. *Die seuns het albei/albei die kinders nie gered nie
- (vi) a. Albei/albei die kinders het die seuns gered
 b. Nie albei/albei die kinders het die seuns gered nie
 c. Albei/albei die kinders het die seuns nie gered nie
- (vii) a. Die seuns het albei gered
 b. Die seuns het nie albei gered nie
 c. *Die seuns het albei nie gered nie
- (viii) a. Albei het die seuns gered
 b. Nie albei het die seuns gered nie
 c. Albei het die seuns nie gered nie
- (ix) a. Die bestuurder het elke tjek onderteken
 b. Die bestuurder het nie elke tjek onderteken nie
 c. *Die bestuurder het elke tjek nie onderteken nie
- (x) a. Elke tjek het die bestuurder onderteken
 b. Nie elke tjek het die bestuurder onderteken nie
 c. *Elke tjek het die bestuurder nie onderteken nie
- (xi) a. Die bestuurder het elkeen onderteken
 b. Die bestuurder het nie elkeen onderteken nie
 c. *Die bestuurder het elkeen nie onderteken nie
- (xii) a. Elkeen het die bestuurder onderteken
 b. Nie elkeen het die bestuurder onderteken nie
 c. *Elkeen het die bestuurder nie onderteken nie
- (xiii) a. Hulle sal enige kandidaat aanvaar

- b. Hulle sal nie enige kandidaat aanvaar nie
 - c. *Hulle sal enige kandidaat nie aanvaar nie
- (xiv)
- a. Enige kandidaat sal hulle aanvaar
 - b. Nie enige kandidaat sal hulle aanvaar nie
 - c. *Enige kandidaat sal hulle nie aanvaar nie
- (xv)
- a. Hulle sal enigeen aanvaar
 - b. Hulle sal nie enigeen aanvaar nie
 - c. *Hulle sal enigeen nie aanvaar nie
- (xvi)
- a. Enigeen sal hulle aanvaar
 - b. Nie enigeen sal hulle aanvaar nie
 - c. *Enigeen sal hulle nie aanvaar nie

5.2.1.4.4. Die subjek van 'n passiewe sin

- (i)
- a. Alle/al die kinders is deur hulle gestraf
 - b. Nie alle/al die kinders is deur hulle gestraf nie
 - c. Alle/al die kinders is nie deur hulle gestraf nie
- (ii)
- a. Almal is deur hulle gestraf
 - b. Nie almal is deur hulle gestraf nie
 - c. Almal is nie deur hulle gestraf nie
- (iii)
- a. Albei/albei die kinders is deur die seuns gered
 - b. Nie albei/albei die kinders is deur die seuns gered nie
 - c. Albei/albei die kinders is nie deur die seuns gered nie
- (iv)
- a. Albei is deur die seuns gered
 - b. Nie albei is deur die seuns gered nie
 - c. Albei is nie deur die seuns gered nie
- (v)
- a. Elke tjek is deur die bestuurder onderteken
 - b. Nie elke tjek is deur die bestuurder onderteken nie
 - c. *Elke tjek is nie deur die bestuurder onderteken nie
- (vi)
- a. Elkeen is deur die bestuurder onderteken
 - b. Nie elkeen is deur die bestuurder onderteken nie
 - c. *Elkeen is nie deur die bestuurder onderteken nie

- (vii) a. Enige kandidaat sal deur hulle aanvaar word
 b. Nie enige kandidaat sal deur hulle aanvaar word nie
 c. *Enige kandidaat sal nie deur hulle aanvaar word nie
- (viii) a. Enigeen sal deur hulle aanvaar word
 b. Nie enigeen sal deur hulle aanvaar word nie
 c. *Enigeen sal nie deur hulle aanvaar word nie

5.2.1.4.5. Die bereik van ont₁

Die voorbeeldsinne toon dat die universele kwantore nie almal dieselfde distribusie in negatiewe sinne het nie. Enige/enigeen en elke/elkeen staan altyd regs van ont₁. Soos die hipotese voorspel, val hul binne die bereik van die ontkenning. Die semantiese effek daarvan by 'n universele kwantor is, in die terme van Jespersen⁸, dat die 'absolute element' ontken word. Die predikaat geld nie vir elke lid of alle lede van 'n versameling nie, maar net vir sommige.

Die ander universele kwantore, alle, al, almal, albei, volg in sommige posisies ook net op ont₁, naamlik in die direkte objek en deur-frases wat regs van die Vf staan. Ook hier is die interpretasie in ooreenstemming met die hipotese, want die NP staan altyd binne die ontkenning se bereik.

In die posisies wat hieronder genoem word, gee ek benewens die sinne waar ont₁ links van die kwantor voorkom, ook voorbeelde met ont₁ wat op die kwantor volg:

- (a) In die subjek van aktiewe en passiewe sinne
- (b) In die direkte objek wat in die sinsaanloop staan

Van der Merwe (1975:204), soos ook ander Afrikaanse taalkundiges, beskou sinne met ont₁ regs van die universele kwantor as 'n Anglisisme indien hul só geïnterpreteer word dat die kwantor binne die ontkenning se bereik val. Een van Van der Merwe se voorbeelde is (5.25).

(5.25) Hy is 'n eerlike man, maar al die mense is nie eerlik nie

8. Sien Jespersen (1917:80vv.)

Oor hierdie sin merk hy op: 'Nou ja, as al die mense nie eerlik is nie, hoe kan hy dan eerlik wees?', sodat hy blykbaar meen dat die ontkenning in Afrikaans in sulke gevalle binne die bereik van die kwantor kom.⁹

Ek is self nie daarvan oortuig dat (5.25) hoegenaamd die interpretasie kan hê wat Van der Merwe in gedagte het nie. Myns insiens gebruik ons liever 'n woord met 'n negatiewe affiks of inherent negatiewe betekenis as ons 'n ontkennde predikaat aan 'n argument met 'n universele kwantor wil toeskryf.

(5.26) As al die mense oneerlik is, hoe kan hy dan eerlik wees?

Sinne met 'n universele kwantor wat deur ont₁ gevolg word, maar binne sy bereik staan, kom egter algemeen in die spreektaal en ook in geskryfte voor. Ek meen dat dit in sommige sinne met modale adverbiale moeilik vermy kan word.

- (5.27) a. Almal kan tog nie ryk wees nie
b. ?Nie almal kan tog ryk wees nie

Dit lyk gevolglik geregverdig om sinne van hierdie tipe as teenvoorbeelde teen die hipotese aan te merk.

5.2.1.5. Kategoriale nominale konstituent

5.2.1.5.1. NP's met die artikel \emptyset

5.2.1.5.1.1. Die subjek van aktiewe sinne

- (i) a. Melk smaak lekker
b. *Geen melk smaak lekker nie
c. Nie melk smaak lekker nie (KA)
d. Melk smaak nie lekker nie

9. Jackendoff (1972:352) is natuurlik ook van mening dat die ontkenning in Engels binne die bereik van die universele kwantor kan val. Jespersen (1917:89) verklaar egter oor hierdie soort sin: 'I know no English examples of this negation.'

- (ii) a. Kinders staan vroeg op
 b. Geen kinders staan vroeg op nie
 c. Nie kinders staan vroeg op nie (KA)
 d. Kinders staan nie vroeg op nie

5.2.1.5.1.2. Die deur-frase van 'n passiewe sin

Soos Jackendoff¹⁰ opmerk, is die NP van die deur-frase in die passiewe ekwivalent van sinne met 'n kategoriale subjek, nooit kategoriaal nie. Dit beteken egter nie dat kategoriale NP's tot die subjeksfunksie beperk is nie, getuie die sinne in die volgende paragraaf.

5.2.1.5.1.3. Die direkte objek

- (i) a. Ons eet jellie uit groot borde
 b. Ons eet nie jellie uit groot borde nie
 c. *Ons eet geen jellie uit groot borde nie
 d. Ons eet jellie nie uit groot borde nie
- (ii) a. Jellie eet ons uit groot borde
 b. *Geen jellie eet ons uit groot borde nie
 c. Nie jellie eet ons uit groot borde nie (KA)
 d. Jellie eet ons nie uit groot borde nie
- (iii) a. Hierdie mense ken toeriste
 b. Hierdie mense ken geen toeriste nie (Net in onbep-kwant)
 c. Hierdie mense ken nie toeriste nie (interpretasie)
 d. Hierdie mense ken toeriste nie.
- (iv) a. Toeriste ken hierdie mense
 b. Toeriste ken hierdie mense nie
 c. *Geen toeriste ken hierdie mense nie
 d. Nie toeriste ken hierdie mense nie (KA)

5.2.1.5.1.4. Die subjek van 'n passiewe sin

- (i) a. Jellie word uit groot borde geëet

10. Jackendoff (1972:309): ' a generic sentence states a property of the surface subject.'

- b. *Geen jellie word uit groot borde geëet nie
- c. Nie jellie word uit groot borde geëet nie (KA)
- d. Jellie word nie uit groot borde geëet nie

- (ii) a. Toeriste word deur hierdie mense vermy
- b. Geen toeriste word deur hierdie mense vermy nie (Onbep-kwant)
- c. Nie toeriste word deur hierdie mense vermy nie (KA)
- d. Toeriste word nie deur hierdie mense vermy nie

5.2.1.5.2. NP's met die artikel 'n

5.2.1.5.2.1. Die subjek van aktiewe sinne

- (i) a. 'n Kind staan vroeg op
- b. Geen kind staan vroeg op nie
- c. Nie 'n kind staan vroeg op nie
- d. 'n Kind staan nie vroeg op nie

5.2.1.5.2.2. Die direkte objek

- (i) a. Hy sal 'n kind ontsien
- b. Hy sal geen kind ontsien nie
- c. Hy sal nie 'n kind ontsien nie
- d. Hy sal 'n kind nie ontsien nie
- (ii) a. 'n Kind sal hy ontsien
- b. Geen kind sal hy ontsien nie
- c. Nie 'n kind sal hy ontsien nie (KA)
- d. 'n Kind sal hy nie ontsien nie

5.2.1.5.2.3. Passiewe sinne

- (i) a. 'n Kind sal deur hom ontsien word
- b. Geen kind sal deur hom ontsien word nie
- c. Nie 'n kind sal deur hom ontsien word nie (KA)
- d. 'n Kind sal nie deur hom ontsien word nie

5.2.1.5.3. Die bereik van ont₁

Kategoriale NP's kan altyd deur ont₁ gevolg word. Die gevalle waar dit, ✓

met gewone intonasie, nie ook deur die ontkenning voorafgegaan kan word nie, is toe te skryf aan die feit dat geen nie daar kan optree nie.

In § 5.2.1.3.1. en § 5.2.1.3.2. is ook deur die voorbeelde aangetoon dat onbep-kwant NP's met die artikel \emptyset en 'n nie oral deur geen ontken kan word nie. Die posisie van die NP speel hier blykbaar 'n rol: geen is onmoontlik of nie baie aanvaarbaar nie as die konstituent tot voor die subjek verskuif word. By die kategoriale NP's is dit ook die geval (vergelyk § 5.2.1.5.1.3. en § 5.2.1.5.2.2.), maar daarbenewens is die aard van die NP self ook ter sake, want ontkenning met geen is glad nie moontlik nie by nie-telbare substantiewe met 'n nulartikel.

Die nie-voorkoms van geen onder hierdie omstandighede is 'n interessante verskynsel, maar dit kom my nie voor asof dit met die bereik van die ontkenning verband hou nie, en daarom kan ek nie verder daarop ingaan nie. Ek wil net opmerk dat daar wat die vorm van ont_1 betref, 'n duidelike verskil is tussen onbepaalde en kategoriale NP's. Eersgenoemde kan wel deur geen ontken word as dit 'n nie-telbare substantief bevat. Daarby word die onbepaalde NP's met 'n nulartikel in die objeksfunksie nie deur ont_1 gevolg nie, terwyl dit normaal is dat die ontkenning hier regs van die kategoriale NP staan. Die patroon van die ontkenning in Afrikaans weerspreek daarom die tese van Burton-Roberts waarna in die inleiding verwys is, dat daar geen verskil tussen kategoriale en onbepaalde NP's met die nulartikel bestaan nie.

Sinne met kategoriale NP's het dieselfde betekenis of ont_1 links of regs van die NP staan. Aangesien hierdie NP's nie-referensieel is, word daar in die uiting waarin een van hulle voorkom, geen bewering oor die bestaan van 'n referent gemaak wat ontken kan word nie. As die NP regs van ont_1 staan en in sy bereik val, word ontken dat die realisering van die handeling aan die betrokke kategorie toegeskryf word. Staan die NP links van ont_1 en buite sy bereik, word die handeling ontken en die nie-realisering daarvan aan die kategorie toegeskryf. Soos by bepaalde NP's bly die waarheidswaarde dieselfde.

5.2.1.6. Nominale konstituente met sulke, so 'n, so iemand en so iets

NP's met die genoemde konstituente is moeilik om onder òf die onbepaald-kwantifiserende òf die kategoriale groep tuis te bring, want hul ver-

toon kenmerke van al twee. Om hierdie rede bespreek ek hul in 'n aparte paragraaf.

5.2.1.6.1. Die subjek van 'n aktiewe sin

Soos onbep-kwant NP's kan die sulke-groep in die subjeksfunksie met en sonder die voorlopige subjek daar voorkom.

- (i) a. Sulke kinders werk in die tuin
 b. ?Geen sulke kinders werk in die tuin nie
 c. *Nie sulke kinders werk in die tuin nie
 d. Sulke kinders werk nie in die tuin nie
- (ii) a. Daar werk sulke kinders in die tuin
 b. ?Daar werk geen sulke kinders in die tuin nie
 c. Daar werk nie sulke kinders in die tuin nie
- (iii) a. So 'n kind werk in die tuin
 b. ?Geen so 'n kind werk in die tuin nie
 c. *Nie so 'n kind werk in die tuin nie
 d. So 'n kind werk nie in die tuin nie
- (iv) a. Daar werk so 'n kind in die tuin
 b. ?Daar werk geen so 'n kind in die tuin nie
 c. Daar werk nie so 'n kind in die tuin nie
- (v) a. So iemand werk in die tuin
 b. ?Geen so iemand werk in die tuin nie
 c. *Nie so iemand werk in die tuin nie
 d. So iemand werk nie in die tuin nie
- (vi) a. Daar werk so iemand in die tuin
 b. ?Daar werk geen so iemand in die tuin nie
 c. Daar werk nie so iemand in die tuin nie
- (vii) a. So iets het op ons dorp gebeur
 b. ?Geen so iets het op ons dorp gebeur nie
 c. *Nie so iets het op ons dorp gebeur nie
 d. So iets het nie op ons dorp gebeur nie

- (viii) a. Daar het so iets op ons dorp gebeur
 b. ?Daar het geen so iets op ons dorp gebeur nie
 c. Daar het nie so iets op ons dorp gebeur nie

5.2.1.6.2. Die deur-frase van 'n passiewe sin

- (i) a. Die hoof word deur sulke mense geïmponeer
 b. ?Die hoof word deur geen sulke mense geïmponeer nie
 c. Die hoof word nie deur sulke mense geïmponeer nie
 d. Die hoof word deur sulke mense nie geïmponeer nie
- (ii) a. Die hoof word deur so 'n leerling geïmponeer
 b. ?Die hoof word deur geen so 'n leerling geïmponeer nie
 c. Die hoof word nie deur so 'n leerling geïmponeer nie
 d. Die hoof word deur so 'n leerling nie geïmponeer nie
- (iii) a. Die hoof word deur so iemand geïmponeer
 b. ?Die hoof word deur geen so iemand geïmponeer nie
 c. Die hoof word nie deur so iemand geïmponeer nie
 d. Die hoof word deur so iemand nie geïmponeer nie
- (iv) a. Die hoof word deur so iets van stryk gebring
 b. ?Die hoof word deur geen so iets van stryk gebring nie
 c. Die hoof word nie deur so iets van stryk gebring nie
 d. Die hoof word deur so iets nie van stryk gebring nie

5.2.1.6.3. Die direkte objek

- (i) a. Ek ken sulke kinders
 b. ?Ek ken geen sulke kinders nie
 c. Ek ken nie sulke kinders nie
 d. *Ek ken sulke kinders nie
- (ii) a. Sulke kinders ken ek nie
 b. *Geen sulke kinders ken ek nie
 c. *Nie sulke kinders ken ek nie
 d. Sulke kinders ken ek nie
- (iii) a. Ek vertrou sulke kinders
 b. ?Ek vertrou geen sulke kinders nie

- c. Ek vertrou nie sulke kinders nie
 d. Ek vertrou sulke kinders nie
- (iv) a. Sulke kinders vertrou ek
 b. *Geen sulke kinders vertrou ek nie
 c. *Nie sulke kinders vertrou ek nie
 d. Sulke kinders vertrou ek nie
- (v) a. Ek ken so iemand
 b. ?Ek ken geen so iemand nie
 c. Ek ken nie so iemand nie
 d. ?Ek ken so iemand nie
- (vi) a. So iemand ken ek
 b. *Geen so iemand ken ek nie
 c. *Nie so iemand ken ek nie
 d. So iemand ken ek nie
- (vii) a. Ek vertrou so iemand
 b. ?Ek vertrou geen so iemand nie
 c. Ek vertrou nie so iemand nie
 d. Ek vertrou so iemand nie
- (viii) a. So iemand vertrou ek
 b. *Geen so iemand vertrou ek nie
 c. *Nie so iemand vertrou ek nie
 d. So iemand vertrou ek nie
- (ix) a. Ek ken so 'n persoon
 b. ?Ek ken geen so 'n persoon nie
 c. Ek ken nie so 'n persoon nie
 d. ?Ek ken so 'n persoon nie
- (x) a. So 'n persoon ken ek
 b. *Geen so 'n persoon ken ek nie
 c. *Nie so 'n persoon ken ek nie
 d. So 'n persoon ken ek nie
- (xi) a. Ek het so iets gehoor
 b. ?Ek het geen so iets gehoor nie

- c. Ek het nie so iets gehoor nie
 d. *Ek het so iets nie gehoor nie
- (xii) a. So iets het ek gehoor
 b. *Geen so iets het ek gehoor nie
 c. *Nie so iets het ek gehoor nie
 d. So iets het ek nie gehoor nie
- (xiii) a. Ek sal so iets glo
 b. ?Ek sal geen so iets glo nie
 c. Ek sal nie so iets glo nie
 d. Ek sal so iets nie glo nie
- (xiv) a. So iets sal ek glo
 b. *Geen so iets sal ek glo nie
 c. *Nie so iets sal ek glo nie
 d. So iets sal ek nie glo nie
- 5.2.1.6.4. Die subjek van 'n passiewe sin
- (i) a. Sulke mense word deur hulle gehaat
 b. ?Geen sulke mense word deur hulle gehaat nie
 c. *Nie sulke mense word deur hulle gehaat nie
 d. Sulke mense word nie deur hulle gehaat nie
- (ii) a. ?Daar word sulke boeke op die parade verkoop
 b. ?Daar word geen sulke boeke op die parade verkoop nie
 c. ?Daar word nie sulke boeke op die parade verkoop nie
- (iii) a. So 'n mens word deur hulle gehaat
 b. ?Geen so 'n mens word deur hulle gehaat nie
 c. *Nie so 'n mens word deur hulle gehaat nie
 d. So 'n mens word nie deur hulle gehaat nie
- (iv) a. ?Daar word so 'n skildery in die museum vertoon
 b. ?Daar word geen so 'n skildery in die museum vertoon nie
 c. ?Daar word nie so 'n skildery in die museum vertoon nie
- (v) a. So iets word deur hulle afgekeur
 b. ?Geen so iets word deur hulle afgekeur nie

- c. *Nie so iets word deur hulle afgekeur nie
- d. So iets word nie deur hulle afgekeur nie

- (vi) a. ?Daar word so iets beweer
- b. ?Daar word geen so iets beweer nie
- c. ?Daar word nie so iets beweer nie

5.2.1.6.5. Die bereik van ont₁

Die betrokke NP's kan kategoriaal geïnterpreteer word as hul optree in die subjek van 'n aktiewe of passiewe sin wat nie met daar verbind nie, in die direkte objek, veral dié van verba soos vertrou en verrassenderwyse ook in die deur-frase van passiewe sinne (vergelyk § 5.2.1.5.1.2). Miskien kan 'n mens hier praat van 'n inherent kategoriale betekenis wat die konstituent selfs in dié posisie behou.

Oral waar die kategoriale interpretasie moontlik is, is die posisie van ont₁ dieselfde as by die kategoriale NP's in die vorige paragraaf. Ek het die vorme wat met geen ontken word, telkens bevraagteken, want hoewel sommige sprekers hul aanvaar, vind ek hul ongrammatikaal. Hulle het in elk geval nie 'n kategoriale betekenis nie.

Naas die kategoriale is daar ook 'n ander soort interpretasie moontlik by hierdie soort NP's. Dit kom voor in die subjek sonder daar, is die enigste moontlike in sinne met die voorlopige subjek en lê voor die hand by objekte wat met verba soos ken verbind. Dit is moeilik om dié interpretasie presies te karakteriseer, maar ek meen dat dit die naaste aan dié van onbepaalde NP's lê.

Waar 'n NP hierdie interpretasie het, val dit altyd binne die bereik van die ontkenning. In § 5.2.1.6.3. (ii)d. kry die sin Sulke kinders ken ek nie byvoorbeeld 'n onnatuurlike interpretasie as aangeneem moet word dat net die verbum ken genegeer word. Aangesien die NP in sulke vooropgeplaaste objekte en in die subjek sonder daar voor ont₁ staan, vorm hul teenvoorbeelde teen die ont₁-hipotese.

5.2.1.7. Samevatting

Die bespreking van die posisies van ont₁ en die interpretasies wat daarmee saamgaan, toon dat daar 'n sekere patroon is in die gevalle wat

ooreenstem met of uitsonderings vorm op die voorspelling van die ont₁-hipotese. In Hoofstuk 9 waar al die uitsonderings saam behandel word, sal ek verder daarop ingaan.

5.2.2. Ont₂ in simplekssinne

Oor die posisie van ont₂ in simplekssinne met nominale konstituente in die predikaat val daar nie veel op te merk nie. Volgens die voorspelling van albei teorieë kom die NP's in die funksies wat in die voorbeeldsinne verteenwoordig is, binne die bereik van die ontkenning as hul regs van ont₁ staan. Ont₂ moet dus op hierdie konstituente volg, en dit is inderdaad die geval in al die sinne. X

5.2.3. Ont₁ en ont₂ in komplekse sinne

In hierdie afdeling ondersoek ek die posisie van ont₁ en ont₂ in komplekse wat 'n NP met 'n ingebedde sin bevat en waar ont₁ in die matriks voorkom. Die sinstipes wat behandel word, is komplemente van die NP en relatiewe sinne. By laasgenoemde is daar natuurlik die probleem dat nie alle soorte sinne wat tradisioneel met hierdie term aangedui word, konstituente van die NP is nie. Dit lyk vir my egter die eenvoudigste om die algemene gebruik te volg en sulke sinne saam te bespreek. So 'n werkwysie het ook die voordeel dat die verskil in die distribusie van ontkenningselemente in sinne wat oppervlakkig eenders lyk, dan beter belig kan word. X

Omdat die bespreking van simplekssinne getoon het dat onbep-kwant NP's die beste toets vir die voorspelling van die ont₁-hipotese verskaf, sal ek my hier beperk tot sinne met dié soort NP.


5.2.3.1. Subjekskomplemente

Die onderstreepte konstituente in (5.28) is voorbeelde van subjekskomplemente.

- (5.28) a. Dat hy een boek vergeet het, is waarskynlik
 b. Dit is waarskynlik dat hy een boek vergeet het

Daar word (redelik) algemeen aangeneem dat (5.28)a. en b. dieselfde onderliggende struktuur het en dat b. van hierdie struktuur afgelei is deur

die ekstraposisie-transformasie. Rosenbaum (1967), wat hierdie transformasie die eerste geformuleer het, se onderliggende struktuur lyk soos hieronder.



Ekstraposisie moet soms verpligtend gemaak word om sinne soos (5.30)a. uit te skakel.

- (5.30) a. *Dat hy hiernatoe kom, is nie verniet nie
b. Dit is nie verniet dat hy hiernatoe kom nie

Waar daar wel 'n sinonieme paar met subjekskomplemente voorkom, kan ont₁ van die matrikssin voor of ná die komplement staan.

- (5.31) a. Dat hy een boek vergeet het, is nie waarskynlik nie
b. Dit is nie waarskynlik dat hy een boek vergeet het nie

- (5.32) a. Dat hy 'n kind geslaan het, is nie onmoontlik nie
b. Dit is nie onmoontlik dat hy 'n kind geslaan het nie

- (5.33) a. Dat hy 'n prys gewen het, is nie/geen wonder nie
b. Dit is nie 'n/geen wonder dat hy 'n prys gewen het nie

In (5.31) tot (5.33) het sowel die a.- as die b.-sinne na my mening twee moontlike interpretasies. Die eerste hiervan, kan soos in c. geparafraseer word.¹¹

- (5.31) c. Dit is nie so dat dit waarskynlik is dat hy een boek vergeet het nie

11. Hierdie soort parafrase word gebruik deur Lakoff (1971:245).

(5.32) c. Dit is nie so dat dit onmoontlik is dat hy 'n kind geslaan het nie

(5.33) c. Dit is nie so dat dit 'n wonder is dat hy 'n prys gewen het nie.

Hier val die komplement as geheel duidelik binne die bereik van die ontkenning, maar die NP's binne die komplement, naamlik een boek, 'n kind en 'n prys, skyn nie deur die ontkenning geraak te word nie. Die sinne kan nie met (5.31) tot (5.33) d. geparafraseer word nie.

(5.31) d. Daar is nie een boek waarvan dit waarskynlik is dat hy dit vergeet het nie

(5.32) d. Daar is nie 'n kind van wie dit onmoontlik is dat hy hom geslaan het nie

(5.33) d. Daar is nie 'n prys waarvan dit 'n wonder is dat hy dit gewen het nie

Let op dat 'nie deur die ontkenning geraak word nie' nie inhou dat die NP's spesifiek is nie. Die persoon wat hierdie uitdrukkings gebruik, het nie 'n spesifieke referent in gedagte nie, maar terselfdertyd word die bestaan van 'n moontlike referent nie ontken nie. (5.33)a. en b. het die duidelike presupposisie dat daar een of ander prys is wat hy gewen het, terwyl (5.31) en (5.32) a. en b. beskou kan word as reaksie op 'n suggestie dat daar 'n boek bestaan wat vergeet is, of 'n kind wat pak gekry het.

Die tweede interpretasiemoontlikheid wat geopper is, kan voorkom as die onbepaalde NP's sterk geaksentueer word. In dié geval is hul dan wel spesifiek en die sinne se parafrase lui soos in e.

(5.31) e. Daar is een boek waarvan dit nie waarskynlik is dat hy dit vergeet het nie

(5.32) e. Daar is 'n kind van wie dit nie onmoontlik is dat hy hom geslaan het nie

(5.33) e. Daar is 'n prys waarvan dit nie 'n wonder is dat hy dit gewen het nie

Subjekskomplemente lewer dan twee soorte teenvoorbeelde teen die ont₁-hipotese op. 'n NP in die komplement kan regs van ont₁ staan en buite sy bereik wees, of links daarvan en nogtans binne die bereik van die ontkenning kom. Daarbenewens kan 'n NP blykbaar binne die bereik van die ontkenning val, sonder dat dit daardeur geraak word.

(5.30) tot (5.33)b. ondersteun die ont₂-hipotese. Die komplement word deur die ontkenning gekommandeer (volgens die GS in onderliggende struktuur en volgens die IS in oppervlakstruktuur¹²) dus moet ont₂ regs daarvan staan as dit op die matriks volg.

Ont₂ kan hier egter ook opsioneel voor die komplement geplaas word.

(5.31) f. Dit is nie waarskynlik nie dat hy een boek vergeet het

(5.32) f. Dit is nie onmoontlik nie dat hy 'n kind geslaan het


(5.33) f. Dit is nie 'n wonder nie dat hy 'n prys gewen het

Hierdie variante het volgens my oordeel dieselfde interpretasie-moontlikhede as die sinne met ont₂ aan die einde van die komplement. Daar is dus geen getuigenis dat hul buite die bereik van die ontkenning staan nie, sodat (5.31) tot (5.33) f. uitsonderings op die hipotese vorm.

5.2.3.2. Objekskomplemente


Net soos vir subjekskomplemente, postuleer Rosenbaum (1967) dat objekskomplemente altyd 'n kernnomen ('head noun') in hul onderliggende struktuur bevat.

12. Indien die lewering van die ekstraposisie-transformasie met Jackendoff se reëls vir die ontkenning gekombineer word, gee dit die struktuur (5.34) aan (5.31)b.



(5.35) a. Ek weet dat die kantoor sluit

(5.35) b.



Die verbum van die matrikssin bepaal of die kernnomen ook in die oppervlakstruktuur kan voorkom en of dit opsioneel of verpligtend is.

As die objek op die verbum van die matrikssin volg en 'n substantief as kernnomen bevat, kan ont_1 voor of ná die kern + komplement staan. Waar die kern 'n pronomes is, of daar geen kern in die oppervlakstruktuur verskyn nie, gaan ont_1 net aan die komplement vooraf.

- (5.36) a. Ek glo een van die berigte dat hul mishandel is
 b. Ek glo nie een van die berigte dat hul mishandel is nie
 c. Ek glo geeneen van die berigte dat hul mishandel is nie
 d. Ek glo een van die berigte dat hul mishandel is, nie maklik nie
 e. Een van die berigte dat hul mishandel is, glo ek nie
 f. Geeneen van die berigte dat hul mishandel is, glo ek nie

- (5.37) a. Ek glo dit dat een kind mishandel is
 b. Ek glo dit nie dat een kind mishandel is nie
 c. *Ek glo dit dat een kind mishandel is, nie maklik nie

- (5.38) a. Ek glo dat een kind mishandel is
 b. Ek glo nie dat een kind mishandel is nie
 c. *Ek glo dat een kind mishandel is, nie maklik nie
 d. Dat een kind mishandel is, glo ek nie

Verba wat nie 'n substantief as kernnomen toelaat nie, is onder andere beweer en weet.

- (5.39) a. Die joernaliste het beweer dat een van hulle gearresteer is
 b. Die joernaliste het nie beweer dat een van hulle gearresteer is nie
 c. Dat een van hulle gearresteer is, het die joernaliste nie beweer nie
- (5.40) a. Ek het geweet dat hy 'n seiljag gekoop het
 b. Ek het nie geweet dat hy 'n seiljag gekoop het nie
 c. Dat hy 'n seiljag gekoop het, het ek nie geweet nie
- (5.41) a. Ek weet waar een student woon
 b. Ek weet nie waar een student woon nie
 c. Waar een student woon, weet ek nie
- (5.42) a. Ek weet hoe een student gevaar het
 b. Ek weet nie hoe een student gevaar het nie
 c. Hoe een student gevaar het, weet ek nie

Die komplekse objek met 'n substantief as kernnomen (5.36) gedra hom ten opsigte van die ontkenning net soos vergelykbare objekte sonder 'n ingebedde S, en hoef nie verder bespreek te word nie. Wat hier van belang is, is die komplemente sonder 'n substantiewiese kern.

Vir (5.38) en (5.39) bestaan daar twee van die parafrase-moontlikhede wat onder die subjekskomplemente genoem is.

- (5.38) e. Dit is nie so dat ek glo dat een kind mishandel is nie
 f. Daar is nie een kind van wie ek glo dat hy mishandel is nie
- (5.39) d. Dit is nie so dat die joernaliste beweer dat een van hulle gearresteer is nie
 e. Daar is nie een van hulle van wie die joernaliste beweer dat hy gearresteer is nie

In die eerste parafrase val die NP binne die bereik van die ontkenning, maar word nie daardeur geraak nie, soos by die subjekskomplemente verduidelik is. In die tweede parafrase word die bestaan van 'n referent vir die NP ontken.

(5.37) en (5.40) kan net op een wyse geparafraseer word, naamlik só dat die NP buite die semantiese effek van die ontkenning staan.

(5.37) d. Dit is nie so dat ek dit glo dat een kind mishandel is nie

(5.40) d. Dit is nie so dat ek weet dat hy 'n seiljag gekoop het nie

Die bestaan van 'n referent vir 'n seiljag kan nie ontken word nie, omdat weet dat 'n faktiewe predikaat is wat die waarheid van sy komplement veronderstel. In (5.37) is daar 'n suggestie dat daar 'n referent kan bestaan vir een kind en dit kan blykbaar ewe-eens nie ontken word nie.

(5.41) en (5.46) kan soos volg geparafraseer word:

(5.41) d. Daar is nie een student van wie ek weet waar hy woon nie

e. Daar is een student van wie ek nie weet waar hy woon nie

(5.42) d. Daar is nie een student van wie ek weet hoe hy gevaar het nie

e. Daar is een student van wie ek nie weet hoe hy gevaar het nie

In die d.-sinne is die NP's binne die bereik van ont_1 en word ontken; hulle het geen referent nie. In e. val hul buite die bereik van die ontkenning en is spesifiek. Vir hierdie interpretasie is dit nodig dat die NP sterk beklemtoon word.

Die laasgenoemde interpretasie is ook die enigste wat geheg kan word aan (5.41) en (5.42) c., waar die komplement in die aanloop staan. Dit is in ooreenstemming met die voorspelling van die ont_1 -hipotese, maar die b.-sinne, waar die komplement regs van ont_1 staan, vorm uitsonderings teen die hipotese.

Die boomdiagram (5.35)b. toon dat die komplement van 'n objek deur die ontkenning van die matriksin gedomineer sal word. As die komplement regs van die matriks staan, moet dit gevolglik binne die bereik van die ontkenning kom en daarom deur ont_2 gevolg word. Al die negatiewe sinne van (5.36) tot (5.42) wat tot dusver opgenoem is, bewaarheid hierdie voorspelling. Waar ont_1 in sulke sinne nie die laaste konstituent van die matriks is nie, kan ont_2 egter ook voor die komplement geplaas word en

sodoende verdere teenvoorbeelde teen die ont₂-hipotese oplewer.

(5.36) g. Ek glo nie een van die berigte nie, dat hul mishandel is

(5.37) e. Ek kan dit nie glo nie dat een kind mishandel is

(5.38) g. Ek kan nie glo nie dat een kind mishandel is

(5.39) f. Die joernaliste het nie beweer nie dat een van hulle ge-
arresteer is

(5.40) e. Ek het nie geweet nie dat hy 'n seiljag gekoop het

(5.41) f. ?Ek het nie geweet nie waar een student woon

(5.42) f. ?Ek het nie geweet nie hoe een student gevaar het

In die laaste twee sinne is ont₂ voor die komplement vir my heelwat minder aanvaarbaar as by die voorafgaandes. Ook in hierdie opsig verskil hul dus van die ander sinne met objekskomplemente.

5.2.3.3. Relatiewe sinne

In die tradisionele grammatika word (5.43) tot (5.45) almal onder die klas relatiewe sinne ingedeel.

(5.43) Die bestuurder luister na klante wat baie klagtes het

(5.44) Die bestuurder luister na die klant, wat baie klagtes het

(5.45) Die bestuurder luister na die klant, wat my baie verbaas

Van die eerste twee sinstipes verklaar Den Hertog (1915:32) dat hul respektiewelik 'n selfstandigheid 'bepaalt of beperkt' en 'uitbreidt, d.w.z. iets bijzonders van een persoon of zaak mededeelt, sonder dat dit als onderscheidingsmiddel bedoeld wordt'. Kraak en Klooster (1968) volg waarskynlik vir Den Hertog as hul die terme beperkende en uitbreidende relatiewe sin vir hierdie sinne gebruik.

(5.45) sonder Den Hertog uit as 'n aparte soort relatiewe sin 'waarvan het antécédent uit den geheelen inhoud van den hoofdzin bestaat'.¹³

13. Soos aangehaal deur Bos (1964:72).

In die gedrag van die ontkenning is daar 'n duidelike verskil op te merk tussen hierdie drie soorte sinne. Ek gee eers voorbeelde van beperkende relatiewe sinne.

- (5.46)
- a. Ek het een van die kinders wat daar speel, herken
 - b. Ek het nie een/geeneen van die kinders wat daar speel, herken nie
 - c. Ek het een van die kinders wat daar speel, nie herken nie
 - d. Ek het nie een van die kinders herken nie, wat daar speel

Ont₁ staan voor die antesedent plus relatiewe sin, òf daarna. Dit is dieselfde plasingmoontlikhede as by 'n objek wat net 'n eenvoudige NP bevat, en ons kry hier ook die betekenisverskil wat by die onbep-kwant objekte opgemerk is.

Ont₂ kan op die relatiewe sin volg, of daaraan voorafgaan, soos in d., maar myns insiens is daar geen verskil in betekenis nie.

As daar 'n ontkenningwoord in die matrikssin is, klink uitbreidende relatiewe sinne die natuurlikste as hul posisies soos die onderstaande inneem.

- (5.47)
- a. Walvisse, wat te groot is, vang ons nie
 - b. Die tannie het nooit met Piet geraas nie, wat maar 'n klein hartjie het
 - c. Ek sal nooit weer hierdie man, wat my lelik bedrieg het, met my geld vertrou nie

Vergelyk hiermee (5.48):

- (5.48)
- a. ?Ons vang nie walvisse, wat te groot is, nie
 - b. ?Ons vang nie walvisse nie, wat te groot is

In (5.47) word die antesedent van die relatiewe sin telkens ontken, selfs in a. waar dit aan ont₁ voorafgaan, maar die relatiewe sin self staan buite die ontkenning. Dit word nie ontken nie en bepaal ook nie die ne-


gatiewe proposisie nie, maar slegs die NP. Hierin verskil dit van die derde tipe relatiewe sin.

- (5.49) a. Ons bestuurder luister na klagtes, wat my baie verbaas
 b. Ons bestuurder luister nie na klagtes nie, wat my baie verbaas
 c. Ons bestuurder wou, wat my baie verbaas het, nie na hul klagtes luister nie
 d. *Ons bestuurder luister nie na klagtes, wat my baie verbaas nie

Intuïtief geoordeel, staan die relatiewe sin hier ook buite die ontkenning, maar dit bepaal self die negatiewe proposisie wat in die matriks vervat is. Hierdie interpretasie stem ooreen met die posisie van die ontkenningswoorde; ont₁ volg net op die relatiewe sin en ont₂ gaan net daaraan vooraf.

As 'n mens probeer nagaan watter voorspellings die generatiewe teorie oor die bereik van die ontkenning in relatiewe sinne maak, stuit jy op die probleem dat daar heelwat meningsverskil en onsekerheid oor dié sinne se struktuur is.


Wat die beperkende relatiewe sinne betref, bestaan daar wel 'n redelike konsensus dat hul in die antesedent-NP ingebed is. Waarskynlik die bekendste onder die mededingende strukture is dié met Chomsky-adjunksie.



As die beperkende relatiewe sin aanvaar word as konstituent van die NP, behoort dit onder die bereik van die ontkenning te val wat die antesedent ontken. (5.46)d. waar die relatiewe sin regs van ont₂ staan, is dus 'n uitsondering op die ont₂-hipotese.

Vir uitbreidende relatiewe sinne is voorgestel dat hul 'n onderliggende struktuur met gekoördineerde sinne het.¹⁴

- (5.51) a. Ons ken hierdie kinders, wat naby ons woon
b.



So 'n onderliggende struktuur sou in 'n GS-raamwerk verklaar waarom die relatiewe sin (S_2) nie deur die ontkenning in die matriks (S_1) geraak word nie. Dit verklaar egter nie waarom die relatiewe sin, soos in (5.48)b. nie op die tweede nie kan volg nie. Miskien het ons hier met stilistiese faktore te doen.

Wat die derde soort sin betref, weet ek van geen struktuur wat in die GS voorgestel is nie. Dit is egter nie denkbaar dat daaraan 'n struktuur toegeken kan word waarin die relatiewe sin binne die bereik van die ontkenning in die matriks val nie.

'n Werk van Jackendoff¹⁵ wat ek onder oë gekry het toe hierdie studie reeds in 'n gevorderde stadium was, bied 'n interpretatiewe voorstel vir al drie soorte relatiewe sinne.

Jackendoff ondersoek hier die moontlikhede van konstituente-struktuur-reëls wat gebruik maak van Chomsky se X-notasie.¹⁶ Die relatiewe sinne hanteer hy as komplemente; hul verskil net ten opsigte van die kategorie van hul antesedent en hul hiërargiese posisie. Beperkende en uitbreidende relatiewe sinne is respektiewelik komplemente van N' en N'' (1977:169).


14. Onder andere in Jacobs en Rosenbaum (1968).

15. Jackendoff (1977).

16. Chomsky (1970).

(5.52) a. the man who came to dinner, who Bill dislikes

b.



Relatiewe sinne van die derde tipe is ook X'''-komplemente, soos die uitbreidende ('appositive') sinne, maar hul antesedente is ander kategorieë as N, nl. V, A en V. (5.53) is een van Jackendoff (1977:175) se voorbeelde van 'n adjektief-komplement.

(5.53) Bill is drunk all the time, which is probably how you'd like to be

Wat nou van die ontkenning in sulke sinne? Jackendoff verklaar op verskeie plekke dat X'-komplemente deur sinsontkenning geraak kan word, maar X'''-komplemente nie (1977:173).

(5.54) Restrictives, like other X' complements, can be focused and negated, but appositives, like other X''' complements cannot.

Dit wil dus voorkom of die bereik van die ontkenning hier op 'n ander wyse bepaal word as in Jackendoff (1972), want dit is moeilik om mens voor te stel hoe 'n uitbreidende relatiewe sin wat 'n komplement van 'n objek-NP is, nie deur die ontkenning in die auxiliaar of subjek gekommandeer kan word nie. By gebrek aan 'n eksplisiete beskrywing van die ontkenning in terme van die herskryfreëls wat hier voorgestel word, is dit egter onmoontlik om vas te stel wat die implikasies van so 'n wysiging sal wees.

HOOFSTUK 6

DIE ONTKENNING EN VERBALE KOMPLEMENTE

6.1. Algemeen

Daar is verskeie verba wat in die predikaat noodsaaklik met 'n konstitu-ent verbind wat nie die funksie van objek of adverbiale bepaling het nie. Dit is sulke aanvullings wat ek hier as verbale komplemente aandui en waarvan die posisie met betrekking tot die ontkenning beskryf word.

Tradisioneel is altans sommige van hulle as inherente deel van die predikaat beskou, en in die generatiewe grammatika skyn die opvatting ook te wees dat hul tot die minimum subjek-predikaatsverbinding behoort, dit wil sê, dat hul verba streng subkategoriseer, of, soos by wees, self die hoofpredikaat vorm.¹

6.2. Predikatiewe verba

Die term 'predicative' verb word deur Lees (1966:7) gebruik vir alle verba wat gevolg word deur 'predicate nouns and adjectives', oftewel predikaats-NP's en predikaats-AP's.

As hierdie kriterium aangelê word, dan behoort tot die klas van predikatiewe verba eerstens die tradisionele koppelwerkwoorde wees, word, bly, lyk, heet, raak en voorkom. Blyk en skyn kan in my taal net deur sinne of infinitief-frases gevolg word, en ek laat hul hier buite rekening.

Ná verwant aan die koppelwerkwoorde is die groep wat Lees (1966:12) 'verbs of sensation' noem: voel, smaak, ruik, klink. Botha (1975) voer argumente aan dat hierdie verba, net soos die tradisionele koppelwerkwoorde, almal die 'betekenisatoom' wees in hul semantiese representasie bevat.

1. Sien in hierdie verband Den Hertog (1915, Dl. 1:11), Lakoff (1970b: 118vv.), Jackendoff (1972:65-66).

6.2.1. Predikaats-AP's

- (i) a. Die boek is interessant
 b. Die boek is nie interessant nie
 c. *Die boek is interessant nie
 d. Interessant is die boek nie
- (ii) a. Hy word kwaad
 b. Hy word nie kwaad nie
 c. *Hy word kwaad nie
 d. Kwaad word hy nie
- (iii) a. Die stoel lyk goed
 b. Die stoel lyk nie goed nie
 c. *Die stoel lyk goed nie
 d. Goed lyk die stoel nie

6.2.2. Predikaats-NP's

Dit is 'n feit waarop meermale reeds kommentaar gelewer is, dat predikaats-NP's hul anders gedra as 'n NP wat met 'n nie-predikatiewe verbum verbind. 'n NP met eersgenoemde funksie kan byvoorbeeld nie vryelik enige soort nomen of determinator bevat nie, en dit is dikwels die subjekts-NP wat vir die beperking verantwoordelik is.

Predikaats-NP's verskil verder ook van objekts-NP's in dié opsig dat hul nie altyd na die aanloop van die sin verskuif kan word nie. Hoewel ek hierdie verskynsel nie in besonderhede ondersoek het nie, wil ek beweer dat vooropstelling net moontlik is waar die subjekts-NP en die predikaats-NP nie omruilbaar is nie.

6.2.2.1. Bepaalde nominale konstituent

'n Predikaats-NP met 'n persoonlike pronomens is net moontlik as die subjek 'n dergelike konstituent bevat en as die verbum wees gebruik word.

- (i) a. Hy is ek
 b. Hy is nie ek nie
 c. *Ek is hy nie (aan 'n v.w. p.)
 d. *Die man is ek

- e. *Hy bly ek

In c. kan die predikaats-NP nie in die aanloop staan nie, omdat dit omruilbaar is met die subjek.

- f. Ek is hy

Predikaats-NP's met substantiewe kan bepaald wees, maar hulle kan weer nie saam met enige onbepaalde subjek voorkom nie.

- (ii) a. Die wenner is Piet Visagie
 b. Die wenner is nie Piet Visagie nie
 c. *Die wenner is Piet Visagie nie

Sin c. is net aanvaarbaar as die wenner geïnterpreteer word as 'n vooropgestelde predikaats-NP. In (ii) kan die predikaats-NP nie na die aanloop verskuif word nie, want dit is omruilbaar met die subjek. Vergelyk:

- d. *Piet Visagie is die wenner nie
 e. Piet Visagie is die wenner

Ook in (iii) is die subjek en predikaats-NP omruilbaar, sodat lg. nie na die aanloop kan gaan nie.

- (iii) a. Blomme is sy stokperdjie
 b. Blomme is nie sy stokperdjie nie
 c. *Blomme is sy stokperdjie nie
 d. *Sy stokperdjie is blomme nie
Vergelyk
 e. Sy stokperdjie is blomme

In (iii) is die subjek-NP onbepaald, maar kan met 'n bepaalde predikaats-NP verbind. 'n Kombinasie soos in (iv) is daarenteen nie moontlik nie.

- (iv) a. *'n Wenner is Piet Visagie

6.2.2.2. Onbepaald-kwantifiserende nominale konstituent

Substantiewe met die artikel 'n en \emptyset is die minste beperk wat voorkoms in die predikaats-NP betref.

- (i) a. Hierdie vloeistof is melk
 b. Hierdie vloeistof is nie melk nie

- c. *Hierdie vloeistof is geen melk nie
- d. *Hierdie vloeistof is melk nie
- e. Melk is hierdie vloeistof nie

Vergelyk

- f. *Melk is hierdie vloeistof
- g. *Geen melk is hierdie vloeistof nie

- (ii) a. Die kinders sal grootmense word
- b. Die kinders sal nie grootmense word nie
- c. *Die kinders sal geen grootmense word nie
- d. *Die kinders sal grootmense nie word nie
- e. Grootmense sal die kinders nie word nie

Vergelyk

- f. Grootmense sal die kinders word
- g. Geen grootmense sal die kinders word nie

- (iii) a. Jan is 'n onderwyser
- b. Jan is nie 'n onderwyser nie
- c. Jan is geen onderwyser nie
- d. *Jan is 'n onderwyser nie
- e. 'n Onderwyser is Jan nie

Vergelyk

- f. *'n Onderwyser is Jan
- g. *Geen onderwyser is Jan nie

- (iv) a. So iemand bly 'n sukkelaar
- b. So iemand bly nie 'n sukkelaar nie
- c. So iemand bly geen sukkelaar nie
- d. *So iemand bly 'n sukkelaar nie
- e. 'n Sukkelaar bly so iemand nie

Vergelyk

- f. 'n Sukkelaar bly so iemand
- g. *Geen sukkelaar bly so iemand nie

Predikaats-NP's met onbepaalde pronomina en kwantore en ook met universele konstituente kom baie selde voor. Ek sal in Hoofstuk 8 kortliks na NP's met kwantore verwys.

6.3. Middelverba

Die benaming middelverbum ('middle verb') is ook afkomstig van Lees. Hy beskou hierdie verba as transitief en hul komplemente as objekte, hoewel hul nie kan passiviseer of met adverbiale van wyse kan verbind nie. Daar is egter verskeie taalkundiges wat hierdie komplemente nie tot die objekte reken nie,² en aangesien hul ontkenningpatroon ook van dié van objekte verskil, behandel ek hul hier onder die verbale komplemente.

Die middelverba sluit in kos, weeg, duur, bedra, bevat, hou, beslaan, ens. Lees voeg die verbum het tot die klas toe, maar, soos aangetoon sal word, steun die plasing van die ontkenning nie hierdie klassifisering nie.

- (i) a. Die boek kos vyf rand
- b. Die boek kos nie vyf rand nie
- c. Die boek kos geen vyf rand nie
- d. *Die boek kos vyf rand nie
- e. Vyf rand kos die boek nie
- f. *Geen vyf rand kos die boek nie

- (ii) a. Die boek kos duur
- b. Die boek kos nie duur nie
- c. *Die boek kos duur nie
- d. Duur kos die boek nie

- (iii) a. Die vergadering duur 'n uur
- b. Die vergadering duur nie 'n uur nie
- c. Die vergadering duur geen uur nie
- d. *Die vergadering duur 'n uur nie
- e. 'n Uur duur die vergadering nie
- g. *Geen uur duur die vergadering nie

- (iv) a. Ek het een boek
- b. Ek het nie een boek nie

2. Vergelyk Roberts (1967:43).

- c. Ek het geen boek nie
- d. Ek het een boek nie
- e. Een boek het ek nie
- d. *Geen boek het ek nie

6.4. Die bereik van ont₁

Die verbale komplemente wat hier geïllustreer is, kan in die predikaat altyd net deur ont₁ voorafgegaan word. Die enigste uitsondering is het se nominale aanvulling wat, net soos 'n onbep-kwant objek, ook deur nie gevolg kan word.

Waar die komplemente na die aanloop verskuif, bly hul binne die bereik van die ontkenning, hoewel hul links van ont₁ staan, en vorm daardeur uitsonderings op die ont₁-hipotese. Die komplement van het gedra hom weer anders, want dit staan in die aanloop buite die ontkenning.

Onbepaalde predikaats-NP's vertoon dieselfde eienskap wat nou al meermale opgemerk is, nl. dat hul in die aanloop nie deur geen ontken kan word nie.

HOOFSTUK 7

DIE ONTKENNING EN ADVERBIALE BEPALINGE

7.1. Die klassifisering van adverbiale bepalinge

Dit het in die vakliteratuur al 'n cliché geword dat adverbiale bepalinge in die oppervlakstruktuur uiters heterogeen van aard is. Vir die doel van die beskrywing van die ontkenning sal ek die onderstaande almal as adverbiale bepalinge beskou.

- (7.1) a. Eenwoord-adverbiale soos dalk, vandag, hier, ens., wat tradisioneel onder die rededeel bywoord ingedeel word
- b. Adverbiale frases soos weens die reëns, op die dak, ens.
- c. Sinne soos omdat dit reën, waar die water val, ens. - die tradisionele bywoordelike bysinne

'n Probleem wat hom altyd voordoën by die beskrywing van adverbiale bepalinge is die klassifisering van hierdie konstituente. Soos Bartsch (1976:16vv.) betoog, is die posisie wat 'n adverbiale bepaling teenoor die ontkenning kan inneem, self 'n belangrike kriterium vir sy kategorisering. Dit sou dus weinig sin hê om 'n bestaande stel kategorieë as uitgangspunt te neem en hul posisie ten opsigte van ont₁ en ont₂ te beskryf.¹

Die aangewese werkwyse lyk vir my om die bepalinge in die eerste plek in te deel op grond van hul gedrag onder ontkenning. Wat ont₁ betref, sal ek die posisie van die adverbiaal in die predikaat as maatstaf gebruik, omdat dit klaarblyklik meer basies is as byvoorbeeld die sinsaanloop.

'n Indeling op hierdie grondslag lewer drie hoofklasse.

- (7.2) a. Adverbiale bepalinge wat voor ont₁ of ná ont₂ kan staan.
- b. Adverbiale bepalinge wat voor ont₁ of ná ont₂ òf ná ont₁ en voor ont₂ kan staan
- c. Adverbiale bepalinge wat ná ont₁ of voor ont₂ staan

1. Na my wete bevat Van Staden (1968) die uitvoerigste klassifikasie van adverbiale in die moderne Afrikaanse grammatika. Haar klasse word egter slegs onderskei op grond van hul verbindbaarheid met verskeie soorte verba.

Binne die hoofklasse word subklasse onderskei, wat dikwels in 'n mate ooreenkom met die subkategorieë wat in die tradisionele en/of generatiewe grammatika erken word.

By 'n klassifisering soos dié wat ek hier maak, is dit noodsaaklik om ekstensief te werk te gaan, anders is die gegewens nie kontroleerbaar nie. Ek noem daarom sover moontlik al die lede van 'n klas op. Vir die eenwoord-adverbiale wat nie tot 'n oop klas behoort nie, het ek die inskrywings van HAT geëkserepeer.

7.2. Klas A: Adverbiale bepalinge wat voor ont₁ of ná ont₂ kan staan

Die lede van hierdie klas word tradisioneel tot die subkategorieë modaliteit, gevolg en toegewing gereken, en 'n paar word adverbiale van graad genoem. Generatiewe grammatici gebruik vir hulle dikwels die term 'sins-adverbiaal'.

7.2.1. Eenwoord-adverbiale

Aans, also, altans, altemits, amper, beslis, blykbaar, boonop, bowenal, buitendien, bygevolg, bykans, byna, byvoorbeeld, daarenteen, dalk, dan, darem, definitief, derhalwe, desondanks, dus, eenvoudig, eerlikwaar, egieter, ewenwel, feitlik, gansegaar, gelukkig, gevolglik, gewis, glad, heelaas, hoegenaamd, hoeka, inderdaad, inteendeel, juistement, kamma, klaarblyklik, konsuis, lank, liefs, liewer, miskien, mooi, mos, natuurlik, net-net, nietemin, nogtans, nou, oënskynlik, ongelukkig, ongetwyfeld, onteenseglik, origens, reeds, seker, selfs, skynbaar, sowaar, stellig, straks, tog, tewens, waarskynlik, wel, wellig, weliswaar, wyslik.

- (i) a. Die skip het waarskynlik gestrand
- b. *Die skip het nie waarskynlik gestrand nie
- c. Die skip het waarskynlik nie gestrand nie
- d. Waarskynlik het die skip nie gestrand nie

- (ii) a. Die bestelling het gevolglik betyds opgedaag
- b. *Die bestelling het nie gevolglik betyds opgedaag nie
- c. Die bestelling het gevolglik nie betyds opgedaag nie
- d. Gevolglik het die bestelling nie betyds opgedaag nie

- (iii)
- a. Die poging het amper geslaag
 - b. *Die poging het nie amper geslaag nie
 - c. Die poging het amper nie geslaag nie
 - d. Amper het die poging nie geslaag nie

7.2.2. Frases

Afgesien van NP, behalwe ADV-TYD, glad en al, in werklikheid, in elk geval, myns insiens, nieteenstaande NP, nou wel, ondanks NP, op 'n nerf na, tot POSS ontsteltenis, verbasing, ens., volgens POSS oordeel, mening, ens.

- (i)
- a. Die skip sal volgens my oordeel strand
 - b. *Die skip sal nie volgens my oordeel strand nie
 - c. Volgens my oordeel sal die skip nie strand nie
 - d. Die skip sal nie strand nie, volgens my oordeel

7.2.3. Sinne

Asof dit so ADJ is; na dit lyk; volgens NP beweer; wat NP betref. Verder sinne ingelei deur aangesien, behalwe, daar, hoe... ook al, hoewel, sodat, vir sover.

- (i)
- a. Hy het, wat my betref, die paal gehaal
 - b. Hy het nie, wat my betref, die paal ge aal nie
 - c. Hy het, wat my betref, nie die paal gehaal nie
 - d. Wat my betref, het hy nie die paal gehaal nie
 - e. Hy het nie die paal gehaal nie, wat my betref
- (ii)
- a. Die onderneming het misluk, hoewel hy sy bes gedoen het
 - b. *Die onderneming het nie misluk, hoewel hy sy bes gedoen het nie
 - c. Die onderneming het nie misluk nie, (hoewel hy sy bes gedoen het)
 - d. Hoewel hy sy bes gedoen het, het die onderneming nie misluk nie

7.2.4. Die bereik van die ontkenning

Die adverbiale bepalinge van hierdie klas staan voor ont_1 in die predikaat of sinsaanloop, òf ná ont_2 aan die einde van die sin en val buite die bereik van die ontkenning, soos die ont_1 - en ont_2 -hipotese voorspel.

Die eenwoord-adverbiale en frases kan ook in die predikaat op ont_1 volg, maar dan net as 'n soort eggo van 'n vorige bewering of as 'n parentetiese invoeging en daarom het ek dit ongrammatikaal gemerk. 'n Uitdrukking soos wat my betref, wat uiteraard 'n bystelling is, is egter heeltemal natuurlik in hierdie posisie. Omdat parentetiese konstituente dikwels volgorde-reëls veronagsaam, sal ek hulle nie as uitsonderings op die hipotese beskou nie en ook nie verder aan dié plasingmoontlikhede aandag gee nie.

Daar is 'n aantal kontekste, wat nie in die voorbeelde verteenwoordig is nie en waarin daar wel teenvoorbeelde teen die hipotese voorkom. In die eerste plek kan 'n adverbiaal volg op ont_1 wat deel is van die subjek. Afrikaanse sprekers (ekself ingeslote) het nie baie duidelike intuïties oor watter adverbiale in hierdie posisie kan voorkom nie. Ek meen egter dat die volgende daar redelik aanvaarbaar is.

(7.3) altans, blykbaar, buitendien, byvoorbeeld, daarenteen, dan darem, derhalwe, dus, eenvoudig, egter, ewenwel, gelukkig gevolglik, hoegenaamd, kamma, konsuis, liefs, liewer, mos natuurlik, oënskynlik, seker, selfs, tog, waarskynlik, weliswaar.

(7.4) a. Niks kon hom blykbaar ontstel nie
 b. Niemand wou darem huis toe gaan nie
 c. Nie een kon kamma die naam raai nie
 d. Niks het gelukkig verlore gegaan nie

Baie adverbiale van klas A tree hoegenaamd nie in vraagsinne op nie, X maar daar is 'n aantal wat wel in dié sinstipe voorkom en dan twee plasingmoontlikhede ten opsigte van ont_1 het, voor sowel as ná.

(7.5) altemits, amper, buitendien, bykans, byna, boonop, bowenal byvoorbeeld, dalk, darem, derhalwe, desondanks, feitlik, gevolglik, inderdaad, kamma, konsuis, liewer, miskien, net-net,

nietemin, nogtans, ongetwyfeld, origens, selfs, straks

- (7.6) a. i. Het hy dalk gekom?
 ii. Het hy dalk nie gekom nie?
 iii. Het hy nie dalk gekom nie?
- b. i. Ek wonder of hy dalk gekom het
 ii. Ek wonder of hy dalk nie gekom het nie
 iii. Ek wonder of hy nie dalk gekom het nie
- c. i. Het hy desondanks geslaag?
 ii. Het hy desondanks nie geslaag nie?
 iii. Het hy nie desondanks geslaag nie?
- d. i. Het hy byna geslaag?
 ii. Het hy byna nie geslaag nie?
 iii. Het hy nie byna geslaag nie
- e. i. Ek wonder of hy byna geslaag het
 ii. Ek wonder of hy byna nie geslaag het nie
 iii. Ek wonder of hy nie byna geslaag het nie

Die adverbiale dalk en miskien kan nie in positiewe bevelende sinne optree nie, maar wel in negatiewe bevelsinne en dan volg hul op ont₁.

- (7.7) Jy moet nie (dalk) Vrydag kom nie
 (miskien)

In ingebede sinne wat ingelei word deur as en uitdrukking gee aan 'n voorwaarde, of ingelei word deur dat en sodat en 'n doel aandui, kan daar ook 'n aantal adverbiale uit klas A ná ont₁ optree.

- (7.8) amper, altemits, boonop, buitendien, dalk, desondanks, eenvoudig, liewer, miskien, straks

- (7.9) a. Hy sal laat kom, as hy nie dalk heeltemal wegbly nie
 b. Hy sal laat kom, as hy nie eenvoudig wegbly nie
 c. Ons kon hom hier laat bly het as hy nie boonop siek was nie
 d. Jy mag hier bly, as jy nie liewer huis toe wil gaan nie
 e. As hy nie desondanks gaan nie, is hy 'n lafaard
 f. Hy kon gewen het, as hy nie amper gestruikel het nie

- g. Ons help hom, dat hy nie dalk druip nie
- h. Hulle beskerm hom, sodat hy nie boonop beseer word nie
- i. Die kandidaat kry bydraes, sodat hy nie amper gerufineer word nie

In (7.6) het die iii.-sinne, waar ont_1 aan die adverbiaal voorafgaan, die vorm van 'n negatiewe sin, maar is logies nie 'n ontkenning van die proposisie wat in die ooreenstemmende positiewe sin vervat is nie. B. iii. is byvoorbeeld nie 'n ontkenning van Hy het dalk gekom soos B.ii. dit van Hy het gekom is nie.

Katz (1972:329) sê dat ons in sulke gevalle te doen het met 'negation', maar nie met 'denial' nie. Volgens Seuren (1969:134) is nie hier 'not the normal negation element, since nothing is denied'. Die betrokke sinne kan dus nie as teenvoorbeelde voorgehou word nie.

(7.7) en (7.9) bevat daarenteen wel 'n ontkenning van 'n positiewe proposisie. In (7.7) word byvoorbeeld Jy moet Vrydag kom ontken. Daar is egter niks in die interpretasie wat daarop dui dat die adverbiaal semanties binne die bereik van die ontkenning val of dat die ontkenning deur die adverbiaal bepaal word nie.

As amper in (7.9)f. binne die bereik van nie geval het, sou dit beteken het dat die persoon regtig gestruikel het; as amper die proposisie Hy het nie gestruikel nie bepaal het, sou die gevolg vir die interpretasie ongeveer dieselfde wees. Dat dit nie die geval is nie, word duidelik getoon in die parafrase (7.10)

(7.10) Hy kon gewen het as dit nie so was dat hy amper gestruikel
het nie

Die sinne van (7.7) en (7.9) met die adverbiaal ná ont_1 is dus nie eenvoudige uitsonderings op die ont_1 -hipotese nie. 'n Mens kan hul vergelyk met die komplemente in § 5.2.3.1. en § 5.2.3.2., waar 'n konstituent volgens sy posisie binne die bereik van ont_1 kom, maar semanties nie daardeur geraak word nie.

7.3. Klas B: Adverbiale wat voor ont₁ of ná ont₂ òf ná ont₁ en voor ont₂ kan staan

7.3.1. Klas B₁

G.A. van Es (1966:205vv.) is die enigste tradisionele grammatikus wat na hierdie tipe adverbiaal verwys, maar hy gee geen naam daaraan nie. Bellert (1977:347) gebruik daarvoor die term 'domein-adverbiale': hulle beskryf 'n sekere gebied, dissipline of omstandighede waarin 'n proposisie geld of nie geld nie.

Domein-adverbiale bestaan feitlik almal uit enkele woorde, bv. amptelik wetlik, fisies, formeel, histories, offisieel, prakties, ens.

- (i) a. Ons kan offisieel op die vraag antwoord
- b. Ons kan nie offisieel op die vraag antwoord nie
- c. Ons kan offisieel nie op die vraag antwoord nie
- d. Offisieel kan ons nie op die vraag antwoord nie

Hierdie adverbiale gedra hul soos bepaalde konstituente; die sin se waarheidswaarde bly dieselfde of hulle binne òf buite die bereik van die ontkenning val.

7.3.2. Klas B₂

Onder hierdie klas is daar adverbiale wat tradisioneel bepalinge van modaliteit en graad genoem word, soos eintlik en bloot, en ook 'n paar van Jackendoff se 'subject-oriented adverbials' soos graag. Die klas bevat hoofsaaklik eenwoord-adverbiale en 'n paar voorsetskonstituente. Laasgenoemde kan nie in die uitloop op ont₂ volg nie, wat die klas van B₃ onderskei.

7.3.2.1. Eenwoord-adverbiale

Alleen, almaardeur, bloot, deurgaans, doelbewus, eens, eintlik, gedeeltelik, geheel en al, graag, grotendeels, heeltemal, maar, net, nog, ook, regtig, self, slegs, sommer, spesiaal, toevallig, vanselfsprekend, veral, volstrek

- (i) a. Die motor het nie eens uitgeswaai nie
- b. Die motor het eens nie uitgeswaai nie

- (ii) a. Hulle kon die saak nie maar met rus laat nie
- b. Hulle kon die saak maar nie met rus laat nie

- (iii) a. Hy het alleen betaal
- b. Hy het nie alleen betaal nie ...
- c. Hy het alleen nie betaal nie
- d. Nie alleen het hy betaal nie ...

- (iv) a. Hulle het ook gekom
- b. Hulle het nie ook gekom nie
- c. Hulle het ook nie gekom nie

- (v) a. Sy het toevallig hier aangekom
- b. Sy het nie toevallig hier aangekom nie
- c. Sy het toevallig nie hier aangekom nie
- d. Toevallig het sy nie hier aangekom nie
- e. Nie toevallig nie, het sy hier aangekom

- (vi) a. Die vrou het spesiaal stad toe gegaan
- b. Die vrou het nie spesiaal stad toe gegaan nie
- c. Die vrou het spesiaal nie stad toe gegaan nie

7.3.2.2. Frases

Per toeval, vir seker, met opset, met graagte

- (i) a. Hulle het met opset die sak verseël
- b. Hulle het nie met opset die sak verseël nie
- c. Hulle het met opset nie die sak verseël nie
- d. Met opset het hulle nie die sak verseël nie

7.3.2.3. Die bereik van die ontkenning

Waar die adverbiaal in die predikaat op ont₁ volg, word dit ontken, gaan dit vooraf aan ont₁, dan bepaal dit die ontkenning, soos die hipotese voorspel. Met die uitsondering van eens veroorsaak die verskil in bereik 'n betekenisverskil.

Slegs enkele lede van die groep kan na die sinsaanloop verskuif. Daar het dit m.i. twee interpretasies; in die eerste plek dat dit buite die ontkenning se bereik staan, maar ook dat dit daarbinne val. In die twee-

de interpretasie het ons natuurlik met 'n teenvoorbeeld teen die hipotese te doen.

In § 7.3.2.1. (v)e. kan die adverbiaal toevallig in die sinsaanloop deur nie voorafgegaan en dan direk deur ont₂ gevolg word. Dit is 'n verskynsel wat by 'n klein, redelik geslote groep adverbiale voorkom; nog 'n paar voorbeelde word hieronder in (7.11) aangegee.

- (7.11) a. Nie lank na die oorlog nie, het hul daar kom woon
 b. Nie ver van die huis af nie, het 'n populierboom gestaan

Verskeie linguiste² vermeld hierdie soort adverbiale en almal skyn saam te stem dat die bereik van die ontkenning tot die adverbiaal beperk is, sodat die posisie van ont₂ hier in ooreenstemming met die hipotese is. Die presiese struktuur van die adverbiale bly egter 'n probleem.

7.3.3. Klas B₃

Hierdie klas bevat die meeste tradisionele adverbiale van oorsaak of rede, en van doel, asook sommige adverbiale van voorwaarde.

7.3.3.1. Eenwoord-adverbiale

Daarom, daarvoor, daardeur, hierdeur, hierom, hiervoor³

- (i) a. Die agent sal daarom sy kommissie verloor
 b. Die agent sal nie daarom sy kommissie verloor nie
 c. Die agent sal daarom nie sy kommissie verloor nie
 d. Daarom sal die agent nie sy kommissie verloor nie

7.3.3.2. Frases

Deur NP, omrede van NP, in geval van NP, om POSS ontwil, op grond van NP, op versoek van NP, ter wille van NP, uit agterdog, afguns, ens., vanweë NP...

2. Klima (1964:305) en Jackendoff (1972:364).

3. Dié adverbiale is uit 'n preposisionele frase geskep deur die transformasie preposisie-permutasie, bv. vir dit = daarvoor. Sulke woorde se dele kan soms in die sin geskei word (Hy sal daar nie voor betaal nie), maar dit is seldsaam in die adverbiale funksie.

- (i) a. Hy het op versoek van sy ouers gegaan
 b. Hy het nie op versoek van sy ouers gegaan nie
 c. Hy het op versoek van sy ouers nie gegaan nie
 d. Op versoek van sy ouers het hy nie gegaan nie
 e. Hy het nie gegaan nie, op versoek van sy ouers
- (ii) a. Die mense sal ter wille van hul kinders soontoe trek
 b. Die mense sal nie ter wille van hul kinders soontoe trek nie
 c. Die mense sal ter wille van hul kinders nie soontoe trek nie
 d. Ter wille van hul kinders sal die mense nie soontoe trek nie
 e. Die mense sal nie soontoe trek nie, ter wille van hul kinders

7.3.3.3. Sinne

Die sinne word ingelei deur as, deurdat, omdat, op voorwaarde dat, mits, sodat, ten einde, tensy; konstituente wat in die oppervlakstruktuur as om te-frases verskyn, word ook hier onder die sinne tuisgebring.

- (i) a. Hy het dit gedoen omdat hy betaal is
 b. Hy het dit nie gedoen omdat hy betaal is nie
 c. Omdat hy betaal is, het hy dit nie gedoen nie
 d. Hy het dit nie gedoen nie, omdat hy betaal is
- (ii) a. Hulle het toegegee ten einde 'n rusie te vermy
 b. Hulle het nie toegegee ten einde 'n rusie te vermy nie
 c. Ten einde 'n rusie te vermy, het hulle nie toegegee nie
 d. Hulle het nie toegegee nie, ten einde 'n rusie te vermy
- (iii) a. Hy sal dit doen op voorwaarde dat hulle hom vrylaat
 b. Hy sal dit nie doen op voorwaarde dat hulle hom vrylaat nie
 c. Op voorwaarde dat hulle hom vrylaat, sal hy dit nie doen nie
 d. Hy sal dit nie doen nie, op voorwaarde dat hulle hom vrylaat

- (iv) a. Ek sal hom straf as hy huis toe gaan
 b. Ek sal hom nie straf as hy huis toe gaan nie
 c. As hy huis toe gaan, sal ek hom nie straf nie
 d. Ek sal hom nie straf nie, as hy huis toe gaan
- (v) a. Hy sal hulle die inligting gee, mits jy daarop aandrings
 b. Hy sal hulle nie die inligting gee mits jy daarop aandrings
 c. Mits jy daarop aandrings, sal hy hulle nie die inligting gee nie
 d. Hy sal hulle nie die inligting gee nie, mits jy daarop aandrings
- (vi) a. Die leerling sal dit doen, tensy hy siek voel
 b. Die leerling sal dit nie doen tensy hy siek voel nie
 c. Tensy hy siek voel, sal die leerling dit nie doen nie
 d. Die leerling sal dit nie doen nie, tensy hy siek voel

7.3.3.4. Die bereik van die ontkenning

Die eenwoord-adverbiale en frases van hierdie klas kan voor en ná ont₁ staan, en die frases en sinne kan voor of ná ont₂ hul posisie inneem.

In die gewone sinsvolgorde, waar die adverbiaal op die Vf van die matriks volg, is die interpretasie van § 7.3.3.1. (i), § 7.3.3.2. (i) en (ii) en § 7.3.3.3. (i) tot (iii) volgens die voorspelling van die twee hipoteses. In Hy het nie op versoek van sy ouers gegaan nie word byvoorbeeld ontken dat die versoek van sy ouers die rede is waarom hy gegaan het. Die adverbiaal is regs van ont₁ en binne sy bereik. In Hy het op versoek van sy ouers nie gegaan nie word daar ontken dat hy gegaan het en beweer dat sy ouers se versoek die rede daarvoor is. Hier staan die adverbiaal links van ont₁ en kom nie in sy bereik nie, maar bepaal die ontkenning.

Die adverbiale wat aan ont₂ voorafgaan, is ewe-eens binne die bereik van die ontkenning, terwyl dié wat op ont₂ volg daarbuite staan. Met Die mense sal nie ter wille van hul kinders soontoe trek nie word te kenne gegee dat die kinders se belange nie die motief vir hul trek sal wees nie. Die mense sal nie soontoe trek nie, ter wille van hul kinders sê dat die kinders se belange die motief is waarom die mense nie trek nie.

Met die adverbiaal in die aanloop van die sin, is die mees voor-die-hand-liggende interpretasie dat die adverbiaal buite die bereik staan van die ontkenning wat daarop volg, sodat dit ook die hipotese gehoorsaam. Daarbenewens is dit egter moontlik om hierdie sinne sô te interpreteer dat die adverbiaal ontken word, wat verdere teenvoorbeelde teen die hipotese oplewer.

Die sinne in S 7.3.3.3. (iv) tot (vi) vertoon nie dieselfde reëlmatige verskil in betekenis by normale sinsvolgorde as die voorafgaandes nie.

Indien as in (iv) streng logies geïnterpreteer word, kan 'n mens sê dat die adverbiaal in b. binne die bereik van die ontkenning val en dat die sin te kenne gee dat 'huis toe gaan' nie die gevolg sal hê dat die persoon gestraf word nie. In d. staan die adverbiaal ná ont₂ en sou daar buite die bereik van die ontkenning moet wees, sodat dit die voorwaarde noem vir die nie-uitvoer van die handeling 'straf'. Ek glo egter nie dat sprekers van Afrikaans normaalweg hierdie onderskeid maak nie; b. sowel as d. word met albei interpretasies gebruik.

In (v) het die b.-sin twee moontlike interpretasies: die adverbiaal kan ontken word òf die ontkenning bepaal, dus binne sowel as buite die ontkenning staan. In laasgenoemde geval is dit 'n teenvoorbeeld. In d. staan die adverbiaal ná ont₂ en buite die bereik van die ontkenning, volgens die hipotese.

Die b.- sowel as die d.-sin van (vi) het net een interpretasie, naamlik dat die adverbiaal buite die bereik van die ontkenning staan. 'n Vergelyking van die sin se parafrase-moontlikhede met dié van bv. 'n omdat-sin waar die adverbiaal duidelik ontken word, sal dit goed illustreer.

- (7.12) a. Hy het dit nie gedoen omdat hy betaal is nie
 b. Dit is nie so dat hy dit gedoen het omdat hy betaal is nie

- (7.13) a. Die leerling sal dit nie doen tensy hy siek voel nie
 b. *Dit is nie so dat die leerling dit sal doen tensy hy siek voel nie

In (7.12) is b. 'n parafrase van a.; die hele komplekse sin dien as komplement van dit is nie so en word dus alles ontken. (7.13)b.

is myns insiens nie aanvaarbaar nie, wat toon dat die sin as geheel nie onder die bereik van die ontkenning kan val nie. Dit is daarom strydig met die ont₂-hipotese dat die tweede nie aan die einde van die adverbiale sin staan.

7.3.4. Klas B₄

Die subkategorieë wat gewoonlik instrumentele adverbiale en adverbiale van tyd en plek genoem word, toon 'n duidelike parallelie met nominale konstituente. Daarmee bedoel ek dat hul ook onderverdeel kan word in bepaalde, onbepaald-kwantifiserende, universele en kategoriale konstituente. Ek behandel dus die drie kategorieë hier saam onder hierdie hoofde.

7.3.4.1. Bepaalde konstituente

Hierdie groep bevat eenwoord-adverbiale wat inherent bepaald is⁴ en frases met een van die bepaalde determinatore wat in (5.3) opgenoem is. Die sinne het die eienskap dat hul deur 'n bepaalde eenwoord-adverbiaal vervang kan word.

- (7.14) a. Die wedstryd vind plaas terwyl ek praat
b. Die wedstryd vind nou plaas

7.3.4.1.1. Eenwoord-adverbiale

Hiermee, daarmee; dan, môre, nou, toe, vandag...; bo, daar, hier, onder...

- (i) a. Hy het daarmee gewerk
b. Hy het nie daarmee gewerk nie
c. Hy het daar nie mee gewerk nie
d. Hy het daarmee nie gewerk nie
e. Daarmee het hy nie gewerk nie
- (ii) a. Die kinders gaan vandag skool toe
b. Die kinders gaan nie vandag skool toe nie

2. Sien Katz en Postal (1964:134) en Bartsch (1976:138).

- c. Die kinders gaan vandag nie skool toe nie
 - d. Vandag gaan die kinders nie skool toe nie
- (iii)
- a. Dit het hier gereën
 - b. Dit het nie hier gereën nie
 - c. Dit het hier nie gereën nie
 - d. Hier het dit nie gereën nie

7.3.4.1.2. Frases

Met NP (instrument); dié middag, dag, jaar, ens., in sy jeug, ouderdom, ens., op die oomblik ...; by NP, in NP, op NP (plekaanduiding) ...

- (i)
 - a. Hulle het met daardie geweer geskiet
 - b. Hulle het nie met daardie geweer geskiet nie
 - c. Hulle het met daardie geweer nie geskiet nie
 - d. Met daardie geweer het hulle nie geskiet nie
- (ii)
 - a. Ek kon op die oomblik aan 'n antwoord dink
 - b. Ek kon nie op die oomblik aan 'n antwoord dink nie
 - c. Ek kon op die oomblik nie aan 'n antwoord dink nie
 - d. Op die oomblik kon ek nie aan 'n antwoord dink nie
- (iii)
 - a. Ons het op Meulkloof sulke goeie grond gehad
 - b. Ons het nie op Meulkloof sulke goeie grond gehad nie
 - c. Ons het op Meulkloof nie sulke goeie grond gehad nie
 - d. Op Meulkloof het ons nie sulke goeie grond gehad nie

7.3.4.1.3. Sinne

Die sinne word ingelei deur as, terwyl, toe, wanneer en waar.

- (i)
 - a. Ons hinder my pa as hy lekker sit en werk
 - b. Ons hinder nie my pa as hy lekker sit en werk nie
 - c. Ons hinder nie my pa nie, as hy lekker sit en werk
 - d. As hy lekker sit en werk, hinder ons nie my pa nie
- (ii)
 - a. Hy trek sy jas aan wanneer dit reën
 - b. Hy trek nie sy jas aan wanneer dit reën nie
 - c. Hy trek nie sy jas aan nie wanneer dit reën

- d. Wanneer dit reën, trek hy nie sy jas aan nie
- (iv) a. Hy het die bome geplant waar die grond te klipperig is
 b. Hy het nie die bome geplant waar die grond te klipperig is nie
 c. Hy het nie die bome geplant nie, waar die grond te klipperig is
 d. Waar die grond te klipperig is, het hy nie die bome geplant nie

7.3.4.1.4. Die bereik van die ontkenning

Die eenwoord-adverbiale en frases staan voor en ná ont₁ en die sinne kan aan ont₂ voorafgaan of daarop volg. Net soos bepaalde NP's kan hierdie adverbiale binne of buite die bereik van die ontkenning staan, sonder dat die sin 'n verskil in waarheidswaarde vertoon. Dit is dus nie moontlik om te oordeel of die posisies in ooreenstemming met die ont₁- en ont₂-hipotese is nie.

7.3.4.2. Onbepaald-kwantifiserende konstituent

Die eenwoord-adverbiale in hierdie groep is òf onbepaalde adverbialia soos êrens òf het 'n kwantifiserende element in hul betekenis, soos dikwels. Die sinne het ewe-eens 'n kwantifiserende betekenis: hulle dui aan dat die handeling of nie-handeling tot op of vanaf 'n sekere tydstip duur, of tot by 'n sekere plek plaasvind. Die frases bevat òf 'n onbepaald-kwantifiserende konstituent òf het as geheel 'n kwantifiserende betekenis.

7.3.4.2.1. Eenwoord-adverbiale

Dikwels, onlangs, ooit, weer...; êrens, iewers

- (i) a. Die bus is dikwels betyds
 b. Die bus is nie dikwels betyds nie
 c. Die bus is dikwels nie betyds nie
 d. Dikwels is die bus nie betyds nie
 e. Nie dikwels is die bus betyds nie
- (ii) a. Die boewe het êrens weggekruip

- b. Die boewe het nêrens weggekruip nie
- c. Die boewe het nie êrens weggekruip nie
- d. Die boewe het êrens nie weggekruip nie
- e. Êrens het die boewe nie weggekruip nie
- f. Nêrens het die boewe weggekruip nie

Opmerking: Ooit word net deur sy negatiewe teëhanger ontken en nie deur die vrye partikel nie nie.

- (iii) a. Het hy ooit gekom?
- b. Het hy nooit gekom nie?
- c. *Het hy nie ooit gekom nie?
- d. Het hy ooit nie gekom nie?

7.3.4.2.2. Frases

Met ONBEP ART N (instrument), Met TELW N (instrument); in TELW N (tyds-aanduiding), tot ADV-TYD toe...; in ONBEP ART N (plekaanduiding), tot by N (plekaanduiding), voor TELW N (plekaanduiding)...

- (i) a. Die jagter wil met baie gewere skiet
- b. Die jagter wil nie met baie gewere skiet nie
- c. Die jagter wil met baie gewere nie skiet nie
- d. Met baie gewere wil die jagter nie skiet nie
- e. Nie met baie gewere wil die jagter skiet nie
- (ii) a. Hy het tot nou toe gewerk
- b. Hy het nie tot nou toe gewerk nie
- c. Hy het tot nou toe nie gewerk nie
- d. Tot nou toe het hy nie gewerk nie
- e. Hy het nie gewerk nie, tot nou toe
- (iii) a. Ek het tot by Beaufort-Wes bestuur
- b. Ek het nie tot by Beaufort-Wes bestuur nie
- c. Ek het tot by Beaufort-Wes nie bestuur nie
- d. Tot by Beaufort-Wes het ek nie bestuur nie
- e. Ek het nie bestuur nie, tot by Beaufort-Wes

7.3.4.2.3. Sinne

Die sinne word ingelei deur sedert, sodra, totdat, vandat; tot waar.

- (i) a. Hy was bekommerd totdat hulle hom gevind het
 b. Hy was nie bekommerd totdat hulle hom gevind het nie
 c. Hy was nie bekommerd nie, totdat hulle hom gevind het
 d. Totdat hulle hom gevind het, was hy nie bekommerd nie
- (ii) a. Sy werk buitenshuis vandat haar man afgetree het
 b. Sy werk nie buitenshuis vandat haar man afgetree het nie
 c. Sy werk nie buitenshuis nie, vandat haar man afgetree het
 d. Vandat haar man afgetree het, werk sy nie buitenshuis nie
- (iii) a. Hulle het gelag sodra hierdie speler op die verhoog verskyn het
 b. Hulle het nie gelag sodra hierdie speler op die verhoog verskyn het nie
 c. Hulle het nie (meer) gelag nie, sodra hierdie speler op die verhoog verskyn het
 d. Sodra hierdie speler op die verhoog verskyn het, het hulle (nie) meer gelag nie
- (iv) a. Ons het strand toe gegaan sedert ons die motor verkoop het
 b. Ons het nie strand toe gegaan (sedert ons die motor verkoop het) nie
 c. Ons het nie strand toe gegaan nie, sedert ons die motor verkoop het
 d. Sedert ons die motor verkoop het, het ons nie strand toe gegaan nie
- (v) a. Hy het die chauffeur laat bestuur tot waar die gruispad begin
 b. Hy het nie die chauffeur laat bestuur tot waar die gruispad begin nie
 c. Hy het nie die chauffeur laat bestuur nie, tot waar die gruispad begin
 d. Tot waar die gruispad begin, het hy nie die chauffeur laat bestuur nie

7.3.4.2.4. Die bereik van die ontkenning

Die adverbiale in hierdie groep het die normale plasingsmoontlikhede vir klas B, hoewel sommige frases nie natuurlik is in die posisie ná ont₂ nie.

As 'n eenwoord-adverbiaal of adverbiale frase op die Vf volg, is sy interpretasie ooreenkomstig die voorspelling van die ont₁-hipotese. In Hy het nie tot nou toe gewerk nie (§ 7.3.4.2.2. (ii)b.) word byvoorbeeld te kenne gegee dat die persoon se werk nie tot op die huidige tydstip geduur het nie. Hier staan die adverbiaal regs van ont₁ en word daardeur ontken. Deur Hy het tot nou toe nie gewerk nie word beweer dat die persoon tot op die huidige tydstip ledig was. Die adverbiaal staan in dié geval links van die ontkenning en bepaal die negatiewe proposisie. Die selfde interpretasie kry ons by (ii)e. Hy het nie gewerk nie, tot nou toe, waar die adverbiaal op ont₂ volg en in ooreenstemming met daardie hipotese buite die ontkenning se bereik val.

Erens, dikwels en met baie gewere (§ 7.3.4.2.1. (i) en (ii), § 7.3.4.2.2. (i)), wat in die sinsaanloop deur ont₁ voorafgegaan sowel as gevolg kan word, gehoorsaam ook in hierdie posisie die voorspelling van die ont₁-hipotese. Die ander frases het in die aanloop sowel die interpretasie dat hul buite die bereik van die ontkenning staan, as dat hul daarbinne kom. Hulle is dus teenvoorbeelde teen die hipotese.

Die sinne in § 7.3.4.2.3. (i) tot (v) wat in die predikaat links van ont₂ voorkom, het vir sommige sprekers twee interpretasies: die bysin is binne die bereik van die ontkenning soos in die parafrase (7.15)a. of dit bepaal die negatiewe matriks soos in (7.15)b.

- (7.15) a. Dit is nie so dat sy buitenshuis werk vandat haar man afgetree het nie
- b. Vandat haar man afgetree het, is dit nie so dat sy buitenshuis werk nie

Hierdie sinne lewer dus teenvoorbeelde teen die ont₂-hipotese op, terwyl dié waar die bysin op ont₂ volg, die voorspelde interpretasie het: hulle val net buite die bereik van die ontkenning.

Die bysinne in die aanloop, wat links van ont₁ staan, kan, anders as

die frases, ook net as buite die bereik van die ontkenning geïnterpreteer word.

7.3.4.3. Universele konstituente

Die adverbiale in hierdie groep bevat universele kwantore of kan geparafraseer word met so 'n kwantor. 'n Sogenaamde adverbiale bepaling van frekwensie soos daagliks kan 'n mens byvoorbeeld omskryf as elke dag.

7.3.4.3.1. Eenwoord-adverbiale

Altyd, daaglik, maandelik, ens.; oral

- (i) a. Die bus was altyd laat
- b. Die bus was nie altyd laat nie
- c. *Die bus was altyd nie laat nie
- d. *Altyd was die bus nie laat nie
- e. Nie altyd was die bus laat nie

- (ii) a. Die melk is daaglik afgelewer
- b. Die melk is nie daaglik afgelewer nie
- c. *Die melk is daaglik nie afgelewer nie
- d. ?Daaglik is die melk nie afgelewer nie

- (iii) a. Ons het oral vertoef
- b. Ons het nie oral vertoef nie
- c. *Ons het oral nie vertoef nie
- d. *Oral het ons nie vertoef nie
- e. Nie oral het ons vertoef nie

7.3.4.3.2. Frases

Met elke/alle/enige N (instrument); elke/alle/enige N (tydsaanduiding soos dag, week, ens.); die hele N (tydsaanduiding); 'n volle N (tydsaanduiding) lank; op elke/alle/enige N (plekaanduiding), die hele pad, ent, ens.

- (i) a. Ons het elke dag geoefen
- b. Ons het nie elke dag geoefen nie

- c. *Ons het elke dag nie geoefen nie
 - d. *Elke dag het ons nie geoefen nie
 - e. Nie elke dag het ons geoefen nie
- (ii) a. Ons het die hele winter geoefen
 - b. Ons het nie die hele winter geoefen nie
 - c. Ons het die hele winter nie geoefen nie
 - d. Die hele winter het ons nie geoefen nie
- (iii) a. Ons het op elke plek stilgehou
 - b. Ons het nie op elke plek stilgehou nie
 - c. *Ons het op elke plek nie stilgehou nie
 - d. *Op elke plek het ons nie stilgehou nie
 - e. Nie op elke plek het ons stilgehou nie
- (iv) a. Hulle het die hele pad gesels
 - b. Hulle het nie die hele pad gesels nie
 - c. Hulle het die hele pad nie gesels nie
 - d. Die hele pad het hulle nie gesels nie

7.3.4.3.3. Die bereik van die ontkenning

Universele adverbiale kan oor die algemeen, soos die vergelykbare NP's in objeksfunksie, net deur ont_1 voorafgegaan word en kan net binne die bereik van die ontkenning staan. Streng gesproke, behoort hul dus in klas C, maar ek bespreek hul hier ter wille van die ooreenkoms tussen B_4 -adverbiale en NP's.

Die enigste universele adverbiale wat die ontkenningpatroon van klas B volg, is dié wat konstituente soos volle en hele bevat en tydsduur of afstand aandui. Hulle kan nie net deur ont_1 voorafgegaan word nie, maar verskyn ook voor ont_1 in die predikaat, sowel as in die aanloop, in welke posisies hul buite die bereik van die ontkenning val en die negatiewe proposisie bepaal. Daardeur gedra hulle hul anders as objek-NP's met dieselfde konstituente.

- (7.16) a. Ek het die hele dag nie gewerk nie
- b. *Ek het die hele dag nie vermors nie

7.3.4.4. Kategoriale konstituente

Tot hierdie groep behoort alleen adverbiale preposisionele konstituente wat 'n NP met die artikel 'n of \emptyset bevat.

7.3.4.4.1. Frases

Met 'n (ADJ) N (instrument); op/in 'n/ \emptyset N (plekaanduiding soos trein, huise, pad, ens.); op 'n N (naam van dag, maand, ens.)...

- (i)
 - a. Jy kan met 'n stomp swaard veg
 - b. Jy kan nie met 'n stomp swaard veg nie
 - c. *Jy kan met geen stomp swaard veg nie
 - d. Jy kan met 'n stomp swaard nie veg nie

- (ii)
 - a. Ek slaap lekker op 'n trein
 - b. Ek slaap nie lekker op 'n trein nie
 - c. *Ek slaap lekker op geen trein nie
 - d. Ek slaap op 'n trein nie lekker nie

- (iii)
 - a. Hy werk op 'n Maandag
 - b. Hy werk nie op 'n Maandag nie
 - c. *Hy werk op geen Maandag nie
 - d. Hy werk op 'n Maandag nie

7.3.4.4.2. Die bereik van die ontkenning

Kategoriale adverbiale kan, net soos dié soort NP's, deur ont₁ gevolg of voorafgegaan word, maar hul word nooit deur geen ontken nie. Soos verwag kan word, is daar geen betekenisverskil wat met die verskil in die plasingmoontlikheid van ont₁ en sy bereik saamhang nie, sodat die hipoteses hier ook nie getoets kan word nie.

7.4. Klas C: Adverbiale bepalinge wat ná ont₁ en voor ont₂ kan staan

7.4.1. Klas C₁

Hierdie klas bevat net 'n aantal eenwoord-adverbiale wat tradisioneel as graadadverbiale geklassifiseer word. Hulle volg altyd op die auxiliaar.

7.4.1.1. Eenwoord-adverbiale

Bomatig, bra, effens, enigermate, genoeg, meer, minder, naasteby, nage-

noeg, soseer, taamlik, uitermate, veel, volop, volledig, weinig

- (i) a. Hulle het genoeg gewerk
- b. Hulle het nie genoeg gewerk nie
- c. *Hulle het genoeg nie gewerk nie
- d. *Genoeg het hulle nie gewerk nie

7.4.2. Klas C₂

Die lede van klas C₂ staan algemeen bekend as adverbiale van rigting.

7.4.2.1. Eenwoord-adverbiale

Agtertoe, agteruit, bo-oor, noordwaarts, onderdeur, vooruit. Sommige tradisionele adverbiale van rigting soos daarnatoe en daarheen moet uitgesluit word, omdat hul ook vryelik ná ont₁ kan staan en hul eintlik soos bepaalde adverbiale van tyd gedra.

- (i) a. Ek wil agteruit ry
- b. Ek wil nie agteruit ry nie
- c. *Ek wil agteruit nie ry nie
- d. Agteruit wil ek nie ry nie
- (ii) a. Die kalf het bo-oor gespring
- b. Die kalf het nie bo-oor gespring nie
- c. *Die kalf het bo-oor nie gespring nie
- d. *Bo-oor het die kalf nie gespring nie

7.4.2.2. Frases

Huis, skool, teater, ens. toe, op die boom, dam, mied, ens. af, teen die wind, reën, sneeu, ens. in ...

- (i) a. Die vee wil teen die wind in loop
- b. Die vee wil nie teen die wind in loop nie
- c. *Die vee wil teen die wind in nie loop nie
- d. Teen die wind in wil die vee nie loop nie

7.4.2.3. Sinne

Die sinne word ingelei deur waarnatoe en waarheen.

- (i) a. Ons sal gaan waarnatoe hulle gaan
 b. Ons sal nie gaan waarnatoe hulle gaan nie
 c. *Ons sal nie gaan nie, waarnatoe hulle gaan

7.4.3. Klas C₃

Hierdie klas bevat die adverbiale van hoedanigheid of wyse, soms ook bepalinge van manier genoem in navolging van die Engelse transformasionele term. Enkele adverbiale wat tradisioneel op grond van hul betekenis as bywoorde van tyd geklassifiseer is, kan ook hier ingedeel word, bv. ontydig, vroeg, laat, ens.

7.4.3.1. Eenwoord-adverbiale

Die eenwoord-adverbiale is meestal adjektiewe wat in die funksie van adverbiaal gebruik word en hulle vorm 'n oop klas. Enkele voorbeelde: goed, fluks, hard, mooi.

- (i) a. Die span werk fluks
 b. Die span werk nie fluks nie
 c. *Die span werk fluks nie
 d. Fluks werk die span nie

7.4.3.2. Frases

Met oorgawe, plesier, ens., onder protes, op die ADJ manier, wyse; soos 'n NP...

- (i) a. Ons koor sal met oorgawe sing
 b. Ons koor sal nie met oorgawe sing nie
 c. *Ons koor sal met oorgawe nie sing nie
 d. Met oorgawe sal ons koor nie sing nie

7.4.3.3. Sinne

Die sinne word ingelei deur asof, dat dit, soos, so wat

- (i) a. Daardie klomp sal werk dat dit klap
 b. Daardie klomp sal nie werk dat dit klap nie
 c. *Daardie klomp sal nie werk nie, dat dit klap
 d. *Dat dit klap, sal daardie klomp nie werk nie
- (ii) a. Hy het gesing asof sy lewe daarvan afhang
 b. Hy het nie gesing asof sy lewe daarvan afhang nie
 c. *Hy het nie gesing nie, asof sy lewe daarvan afhang
 d. *Asof sy lewe daarvan afhang, het hy nie gesing nie

7.4.3.4. Die bereik van die ontkenning

Waar die adverbiale van hierdie klas op die Vf van die sin volg, kan hul net regs van ont₁ en links van ont₂ staan. Volgens hul interpretasie is hul daar altyd binne die bereik van die ontkenning.

Soos die voorbeelde toon, kan heelparty lede van die klas nie na die sinsaanloop verskuif word nie. Waar dit egter moontlik is, staan die adverbiaal steeds binne die bereik van die ontkenning, en hierdie sinne vorm dan teenvoorbeelde teen die ont₁-hipotese.

HOOFSTUK 8

DIE GRAMMATIKA VAN DIE ONTKENNING

8.1. Algemeen

Teen die agtergrond van die gegewens oor die Afrikaanse ontkenning wat in Hoofstuk 3 tot 7 aangebied is, skenk ek hier aandag aan die vraag: watter beskrywingsmoontlikhede bestaan daar vir die ontkenning binne die raamwerk van onderskeidelik die interpretatiewe en generatiewe semantiek.

Om hierop 'n antwoord te gee, sal beteken dat die reëls wat in die eerste plek vir Engels voorgestel is, vir Afrikaans aangepas moet word. Ek sal daarby trag om so ná moontlik aan die oorspronklike analise te hou, wel wetende dat die geldigheid van enige kritiek wat ek op die reëls uitbring, daarvan afhanklik is.

8.2. Die interpretatiewe semantiek8.2.1. Jackendoff se reëls vir die vrye partikel nie

Daar is vroeër reeds aangedui dat Jackendoff die sintaktiese beskrywing van ontkenningswoorde van hul leksikale kategorie afhanklik maak. Die vrye partikel not in Engels behoort volgens hom tot die kategorieë emfatiese partikel, graadadverbiaal en konjunksie. Ek behandel voorlopig net die eerste twee.

Jackendoff genereer die emfatiese partikel en graadadverbiaal deur die reëls (8.1) tot (8.2) (1972:344-345).

(8.1) S → NP - Aux - (EmphPrt - VP

(8.2) VP → (have-en) - (be-ing) - (AdvDeg) - V ...

Die emfatiese partikel is 'n suster van Aux en staan buite die VP. Geewe Jackendoff se analise van die auxiliaar, neem dit die posisie ná die

eerste auxiliaar in.¹ Die graadadverbiaal is 'n dogter van die VP en staan ná die laaste auxiliaarelement. Die verskil word geïllustreer in (8.3) en (8.4).

(8.3) The attempt on his life could not have succeeded.

(8.4) The attempt on his life could have not succeeded.

Die graadadverbiaal kan, volgens Jackendoff, ook staan voor subjek-NP's wat sekere kwantore bevat.

(8.5) $\left. \begin{array}{l} \text{Not all} \\ \text{Nearly all} \end{array} \right\}$ of my friends came

'n Mens moet aanneem dat die graadadverbiaal not deur 'n transformasie tot voor die kwantor verskuif word. Dit sal beteken dat (8.5) afgelei word van 'n onderliggende reeks soos (8.6).

(8.6) NP - Tense - AdvDeg - V

Die verwante sin All of my friends didn't come sal die emfatiese partikel bevat en 'n dieptestruktuur soos (8.7) hê.

(8.7) NP - Tense - EmphPrt - V

Ek kan aan geen rede dink waarom 'n transformasie wat die ontkenning-partikel na die subjek-NP verskuif, nie ewe goed op (8.7) as op (8.6) toegepas kan word nie. Die posisie van die ontkenning voor die kwantor gee, met ander woorde, geen steun aan Jackendoff se opvatting dat die partikel not as 'n emfatiese partikel sowel as 'n graadadverbiaal gegenerer moet word nie.

1. Hierdie analise verdeel die auxiliare elemente soos volg (Jackendoff (1972:76vv.)):

Aux \longrightarrow Tense - (Modal)
 VP \longrightarrow (have-en) (be-ing) - V - (NP) ...

As Aux net Tyd bevat, kan een van die auxiliare uit die VP in Aux gelig word

Regverdiging vir die 'dual source' moet van die auxiliaarposisie kom. Sover ek kan oordeel, het Jackendoff twee verskillende reëls, (8.1) en (8.2), hoofsaaklik nodig om die posisies van not in (8.3) en (8.4) te verantwoord, asook 'n dubbele ontkenning soos (8.8).

(8.8) Ted can't have not arrived at the party

Albei sinne met die graadadverbiaal is egter maar net op die rand van aanvaarbaarheid, en bowendien het die postulering van twee afsonderlike reëls ongewenste gevolge vir die grammatika. In (8.2) is die konstituenten have-en en be-ing nie verpligtend nie, sodat dit moontlik is om presies dieselfde sin deur twee reëls te genereer.

(8.9) a. NP - Tense - Mod - EmphPrt - V
b. NP - Tense - Mod - AdvDeg - V

(8.10) he Praes can not swim

As sowel die emfatiiese partikel as die graadadverbiaal gekies word, sonder 'n auxiliare verbum soos have, can, ens. - wat heeltemal moontlik is in dié reëls - sal daar allerlei ongrammatikale dubbele ontkennings genereer word.

(8.11) a. NP - Tense - EmphPrt - AdvDeg - V
b. he Praet not not work

Met 'do-support' lewer so 'n reeks die sin (8.12)

(8.12) He did not not work

As gevolg van hierdie besware vind ek dat daar nie genoegsame motivering vir twee aparte reëls vir die vrye partikel in die auxiliaar bestaan nie. Ek sal daarom slegs een, nl. dié vir die emfatiiese partikel,² as uitgangspunt by die beskrywing van die Afrikaanse nie binne 'n IS-grammati-

2. Hierdie reël is wesenlik dieselfde as wat Cluver (1970:119) vir Afrikaans voorstel.


(8.13) S → NF (HULP) (HULP) HULP + PRED + POST
POST → NEG

POST, waaruit NEG herskryf word, is ook 'n dogter van S en 'n suster van die Auxiliaar (Hulp).

ka gebruik. As ont₂ vir eers buite rekening gelaat word, kan aan (8.14) en (8.16) onderskeidelik die dieptestrukture (8.15) en (8.17) toegeken word.


(8.14) Die kind slaap nie

(8.15)



(8.16) Die kind sal nie slaap nie

(8.17)



8.2.2. Die posisie van nie teenoor nominale konstituente en verbale vorme

In Engels is die plek ná die eerste auxiliaar, waar die emfatiese partikel gegenerer word, met weinig uitsonderings die enigste wat die vrye ontkenningpartikel in die predikaat kan inneem. Daarenteen is die vrye partikel nie (en ook ander adverbiale ontkenningwoorde) veel beweegliker in Afrikaans, en die genoemde posisie geld alleen as die predikaat 'n auxiliare verbum bevat. Sodra die predikaat anders saamgestel is, moet of kan ont₁ 'n ander plek inneem.


As die auxiliaar net die konstituent Tyd bevat, soos in (8.14), moet nie tot ná die V verskuif word, Die T-reël kan ongeveer soos (8.18) daar uitsien.

(8.18) a. die kind - Praes - nie - slaap

b. X - Aux - EmfPrt - V

1 2 3 4

1 2 ∅ 4 + 3



Verpl.

Aux = Tyd

'n Interpretatiewe grammatika moet tweedens 'n reël bevat wat nie tot ná die direkte objek kan verskuif. Hierdie transformasie moet verpligtend wees as die direkte objek uit 'n persoonlike pronomens of eienaam bestaan, anders kan dit opsioneel gemaak word.

(8.19)	a.	die kind Praes eet	-	nie	-	\emptyset	-	die koek	
	b.	X	-	EmfPrt	-	(Prep)-		NP	\Longrightarrow
		1		2		3		4	
		1		\emptyset		3		4 + 3	

Opsioneel

Verpligtend indien Prep = \emptyset

en

NP = $\left\{ \begin{array}{l} +\text{PRO} \\ - \text{Soort} \end{array} \right\}$

Dieselfde reël sal waarskynlik gebruik kan word om nie tot ná die deur-frase van passiewe sinne te verskuif.

Daar is aangetoon dat nie nie altyd ná die NP in die predikaat kan staan nie, nl. as die NP (i) onbepaald is en die nulartikel bevat, (ii) 'n universele kwantor bevat, of (iii) as die komplement van 'n middelverbum dien.

(8.20)	a.	*Ons het kos nie voorberei nie	§ 5.2.1.3*1.3.	(i)d.
	b.	*Ons het boeke nie geskenk nie		(iii)d.
	c.	*Hulle het almal nie gestraf nie	§ 5.2.1.4.3.	(iii)c.
	d.	*Die boek kos vyf rand nie	§ 6.3.	(i) d.

Aangesien Jackendoff sy transformasionele komponent so vry van beperkinge wil hou as moontlik, sal hierdie gevalle in 'n interpretatiewe grammatika waarskynlik nie deur bykomende voorwaardes op die T-reël opgevang word nie. Aan die ander kant lyk dit ook nie moontlik om hulle deur 'n algemene welgevormdheidsbeperking uit te skakel nie. Wat hier nodig sal wees, is dat die onbepaalde artikel \emptyset en die universele kwantor se semantiese representasie in die leksikon só opgestel word dat hul nie buite die bereik van die ontkenning kan val nie. Die modale projeksiereël, wat hul in die voorbeelde volgens die posisie van die ontkenning as buite sy bereik moet interpreteer, sal dus geblokkeer word, sodat die afleiding verwerp word. Die middelverba sal waarskynlik ook semanties só

gerepresenteer kan word dat die komplement nie buite die ontkenning se bereik kan staan as die verbum ontken word nie.

Soos reeds vermeld is, moet nie wat voor sekere kwantore in die subjek mag staan, ook deur 'n transformasie in hierdie posisie geplaas word. Aangesien daar, sover ek kan oordeel, geen semantiese rede is waarom nie voor een, maar nie voor twee nie in die subjek voorkom, sal subkategorisering van die kwantore nie vermy kan word nie, tensy al die kwantore eksplisiet in die strukturele deskripsie van die transformasie genoem word.

8.2.3. Die posisie van nie teenoor die adverbiale bepalinge

Voordat moontlike interpretatiewe reëls vir die plasing van nie met betrekking tot die adverbiale bepalinge bespreek kan word, is dit nodig om 'n kort oorsig te gee van Jackendoff se voorstelle vir die adverbiale.

Jackendoff voer verskeie argumente aan waarom adverbiale nie, soos die GS wil hê, transformasioneel van adjektiewe afgelei moet word nie, en daarby verwerp hy ook Aspects se sintaktiese subkategorisering van adverbiale deur middel van herskryfreëls.³ In sy grammatika genereer hy adverbiale direk in die basis en beskou Manner, Time, ens., as semantiese, nie as sintaktiese klasse nie.

Die enigste sintaktiese klassifisering wat Jackendoff by die adverbiale maak, is die verdeling tussen 'ware' adverbiale en wat hy, in navolging van Klima, 'intransitiewe preposisies' noem. Die intransitiewe preposisies karakteriseer hy as 'the non-ly adverbs such as hard, before, and early which occur only in the final position', en hy genereer hul uit die simbool PP. Vir die ware adverbiale word die simbool Adv in die dieptestruktuur ingevoer.

Die herskryfreëls maak daarvoor voorsiening dat albei soorte adverbiale òf deur S òf deur VP gedomineer kan word.

3. Jackendoff (1972:47): At least since Aspects of the theory of syntax (1965), the subdivision of verbs has been expressed in a set of syntactic and semantic lexical features, not by phrase structure rule. Yet the different adverb categories are still usually treated as entirely distinct in the phrase structure.


(8.21) S \longrightarrow NP - Aux - VP - $\left\{ \begin{array}{l} \text{Adv} \\ \text{PP} \end{array} \right\}$

(8.22) VP \longrightarrow (have-en) (be-ing) - Adv - (NP) - $\left\{ \begin{array}{l} \text{Adv} \\ \text{PP} \end{array} \right\}$

(8.23) PP \longrightarrow P (NP)

Deur NP in die preposisionele frase opsioneel te maak, kan hierdie konstituent vir sowel die intransitiwiese preposisies as adverbiale preposisiegroepe voorsiening maak.

Die S-adverbiale word gekenmerk as 'transportable', wat beteken dat hul enige posisie kan inneem solank die suster-verhouding met ander knope in die boom gehandhaaf word. Hul mag dus voor of ná enigeen van die dogters van S staan. Al die posisies wat deur die herskryfreëls, gepaard met hierdie konvensie moontlik gemaak word, word geïllustreer in (8.24).



Jackendoff laat die adverbiale toe om vryelik onder enige knoop ingevul te word en verskuif te word en gebruik die semantiese komponent om sinne uit te filtreer wat 'n adverbiaal in die verkeerde posisie bevat.

Sy voorstelle in verband met die semantiese aspek van adverbiale is beperk tot die ware adverbiale, waaronder hy, met die uitsondering van often en soon, ook net -ly-adverbiale behandel.

Onder laasgenoemde onderskei hy vier semantiese klasse: 'speaker-oriented' (probably, happily, often, evidently), 'subject-oriented' (carefully, cleverly, happily, stealthily), 'manner' - wat 'degree' en 'time' insluit - (eloquently, frequently, completely) en merely-adverbiale. Vir die eerste drie stel hy onderskeidelik die projeksieruimtes P_{speaker} , P_{subject} en P_{manner} voor, wat 'n gedeeltelike semantiese interpretasie aan sine met hierdie adverbiale toeken. P_{manner} is van toepassing op die

dieptestruktuur van die sin en die ander twee op die oppervlak- of afgeleide struktuur.

Die strukturele deskripsies van die projeksiereëls word deur Jackendoff gebruik om tussen 'speaker'- en 'subject-oriented' aan die een en 'manner'-adverbiale aan die ander kant te onderskei. In eersgenoemde se strukturele deskripsie word gespesifiseer dat hul S-adverbiale interpreteer, terwyl P_{manner} op VP-adverbiale toegepas word. As 'n adverbiaal van wyse byvoorbeeld onder Adv ingevul is wat deur S gedomineer word, sal die regte interpretasiereël nie toegepas kan word nie, met die gevolg dat die afleiding verwerp word.

'n Ongrammatikale volgorde van 'speaker'- en 'subject-oriented' adverbiale kan ook met behulp van die projeksiereëls uitgeskakel word.

(8.25) *Carefully Max probably was climbing the walls

Die projeksiereël interpreteer die adverbiaal en die res van die sin, met uitsondering van ander adverbiale wat links staan. In (8.25) sal P_{speaker} nie carefully in ag neem as dit probably interpreteer nie, maar P_{subject} sal die lesing van probably in dié van carefully moet insluit. Omdat dit 'n nie-welgevormde lesing tot gevolg het, kan 'n sin met die volgorde carefully, probably uitgefiltreer word.

'n Vlugtige vergelyking van Afrikaanse adverbiale met Jackendoff se analise toon reeds dat dit nie onveranderd hul sintaktiese gedrag kan beskryf nie. Die posisie tussen NP en Aux is byvoorbeeld in Afrikaans feitlik uitgeslote, terwyl sinsadverbiale kan voorkom tussen V en 'n volgende NP, wat nie susterkonstituente van S is nie.

(8.26) a. *Hy waarskynlik het gekom
b. Hy spandeer waarskynlik sy geld

Die transporteerbaarheidskonvensie geld dus nie in Afrikaans nie; die adverbiale van Afrikaans sal in 'n interpretatiewe raamwerk verskuif moet word deur transformasies wat sekere posisies spesifiseer. Let op dat 'n S-adverbiaal, byvoorbeeld waarskynlik in (8.26)b., daarby onder VP ingevoeg moet word, Dit sal natuurlik probleme oplewer by die onderskeid van verskillende soorte adverbiale, omdat die sintaktiese verskil tussen S- en VP-adverbiale op hierdie wyse uitgewis word in die opper-

vlakstruktuur - dit wil sê, die vlak waar die projeksiereël P_{speaker} dit moet interpreteer.

Afgesien van die reëls wat die adverbiale na hul uiteindelige posisie verskuif, is daar myns insiens ook transformasiereëls nodig om nie se plek ten opsigte van die adverbiale te reël.

(8.27) Hy spandeer waarskynlik nie sy geld nie

Die emfatiese partikel nie moet agter waarskynlik geplaas word nadat dit self verskuif is.

Aangesien die reëls wat nie verskuif, nie na semantiese inligting (soos die semantiese klasse van adverbiale) kan verwys nie, sal hul aan die partikel die optimale aantal posisies ten opsigte van elke adverbiaal in die predikaat moet kan toeken, dit wil sê, voor en ná die adverbiaal. Die data in Hoofstuk 7 toon dat sulke reëls ongrammatikale sinne by klas A en C tot gevolg sal hê.

Verdere ongrammatikale sinne sal ontstaan omdat adverbiale in die boomdiagram ingevul of verskuif kan word sonder dat daar ag gegee word op ont₁ wat deur ander ontkenningsswoorde verteenwoordig word.

(8.28) a. Soms het hy waarskynlik weggebly
b. *Nooit het hy waarskynlik weggebly nie

(8.29) a. Hy sal een kind waarskynlik straf
b. *Hy sal geen kind waarskynlik straf nie

In die interpretatiewe grammatika is die aangewese oplossing vir sulke sinne om hul deur semantiese beperkinge uit te skakel.

Jackendoff doen een voorstel vir so 'n beperking, nl. vir sinne soos (8.28)b. Ek gee hier een van sy eie voorbeelde.

(8.30) *Never has Bill apparently seen anything to compare with that

Hy postuleer dat Subjek-Aux-inversie 'n (origens ongespesifiseerde) semantiese element tot die sin byvoeg. Hierdie element is onverenigbaar met die lesing vir sinsadverbiale, en daarom is (8.30) ongrammatikaal.

Hy meen dat hierdie verklaring terselfdertyd die nie-voorkoms van sinsadverbiale in vraagsinne verantwoord.

(8.31) *Did Frank probably beat all his opponents?

Om substansie aan só 'n voorstel te gee, sal Jackendoff moet verduidelik 'what inversion could possibly mean'⁴, iets wat uiters moeilik lyk. Ek glo nie dat die sprekers van Engels enige intuïesies oor so 'n betekenis-element het nie en om 'n willekeurige betekenis te postuleer, sou meebring dat semantiese interpretasiereëls geen beperkinge meer sou hê nie.

Afgesien van sy arbitrêre aard is die beperking ook nie beskrywend adequaat nie. (4.32), wat geen inversie bevat nie, is ewe ongrammatikaal as (8.30) en (8.31).

(8.32) *Frank never probably beat all his opponents

Vir Afrikaans, wat ander inversie-reëls as Engels het, is die voorstel eenvoudig nutteloos, want dit het talle sinne met sinsadverbiale en inversie wat volkome grammatikaal is. Vergelyk byvoorbeeld (8.28)a. hierbo.

Bellert (1977:347) bied 'n alternatiewe verklaring wat myns insiens meer plousibel is. Adverbiale soos apparently en probably (wat sy modale adverbiale noem), se semantiese inhoud is onverenigbaar, nie met die hipotetiese betekenis van inversie nie, maar met die ontkenning of vraag.

(8.33) We cannot negate or question a proposition and qualify its truth as probable at the same time.

In die sinne (8.28)b. en (8.29)b. en (8.30) tot (8.32) volg die adverbiaal op ont₁ en sou dus binne sy bereik moet val, wat egter semanties nie moontlik is nie, en daarom is die sinne ongrammatikaal.

Hierdie sinne maak dit meteens duidelik hoe die ongrammatikale volgorde van ontkenning en adverbiaal uitgeskakel kan word. Aan die adverbiale moet 'n semantiese struktuur toegeken word waarin NEG of WH nie opgeneem kan word nie, met die gevolg dat die projeksiereël wat hul in-

4. Jackendoff (1972:367).

terpreteer, sal blokkeer as die adverbiaal binne die bereik van die genoemde semantiese element val.

Die semantiese strukture wat Jackendoff (1972) vir sinsadverbiale voorstel, is nie geskik om hierdie funksie te verrig nie; hul is identies met dié van hul parafrases wat adjektiewe bevat.

(8.34) Frank is probably avoiding us
 It is probable that Frank is avoiding us
 ADJ (f(NP¹, ... NPⁿ))

(8.35) Happily, Frank is avoiding us
 I am happy that Frank is avoiding us
 ADJ (SPEAKER, F(NP¹ ... NPⁿ))

Adjektiewe kan egter, anders as sinsadverbiale, ontken sowel as bevraag word.

(8.36) a. It is not probable that Frank is avoiding us
 b. Is it probable that Frank is avoiding us?

Dit is gevolglik nodig om die semantiese struktuur van sinne met adverbiale en adjektief-parafrases te onderskei. Ek sal hier nie probeer om 'n alternatiewe formalisme voor te stel nie, maar ek glo dat die algemene beginsel duidelik is.

Om die meganisme van die projeksierieëls geskik te maak om alle ongewenste volgorde-moontlikhede van ontkenning en adverbiale uit te skakel, is dit verder nodig, soos Bellert ook aandui, om die semantiese klasse van Jackendoff te verfyn. Tydadverbiale kan byvoorbeeld klaarblyklik nie saam met adverbiale van wyse in een klas saamgevat word nie. In Hoofstuk 7 is getoon dat laasgenoemde altyd binne die bereik van die ontkenning moet staan, terwyl eersgenoemde daarbinne of daarbuite kan val.

'n Groter aantal semantiese kategorieë vereis natuurlik dat die projeksierieëls ooreenstemmend uitgebrei word. Dit blyk dus dat Jackendoff 'n heel ingewikkelde apparaat nodig sal hê om adverbiale se sintaktiese distribusie, ook ten opsigte van die ontkenning, en hul semantiese interpretasie te reël.

8.2.4. Die beskrywing van ont₂

Wanneer 'n mens oorweeg hoe ont₂ in 'n interpretatiewe grammatika verteenwoordig kan word, bied die analyses wat Afrikaanse transformasionaliste binne die Aspects-raamwerk voorgestel het, 'n gerieflike aanknopingspunt. Hulle genereer NEG aan die einde van die sin, gewoonlik uit die konstituent POST. Ek gee hier weer die reël van Cluver (1970:119).

(8.37) S → NF (HULP) (HULP) HULP + PRED + POST
 POST → NEG

Waar nodig, word NEG deur 'n segmenteringstransformasie verdubbel, en een segment, ont₁, word deur verdere T-reëls na sy uiteindelijke plek verskuif. Die NEG wat ont₂ verteenwoordig, bly waar dit is en neem so in baie gevalle outomaties die regte posisie aan die einde van die sin in. Die genoemde reëls kan egter nie sonder meer voorsiening maak vir gevalle waar ont₂ meer na links in die sin staan nie, bv. voor adverbiale bepalinge van klas A.

In 'n grammatikamodel soos dié van Jackendoff, waar geen konstituent NEG gepostuleer word nie, sal ont₂ òf saam met die ontkenningwoord gegeneer en onder sekere omstandighede uitgewis moet word, òf dit kan uit die ontkenningwoord uitgesegmenteer word. Die tweede alternatief lyk vir my die gelukkigste, omdat ont₂, soos opgemerk, nie uitsluitlik 'n kenmerk van die leksikale item is nie.

Omdat die ontkennende woorde nie sintakties 'n eenheid vorm nie, sal die strukturele beskrywing van die segmenteringstransformasie al die items moet opnoem wat saam met ont₂ kan verskyn. Dit maak die gebruik van krulhake, met al hul implikasies van gebrek aan generalisering⁵, in die reël nodig.

(8.38) SD X - nie - Y
 geen
 niks
 ⋮
 ⋮
 1 2 3 Opsioneel
 SV 1 2 + nie 3 Voorwaarde: Y = ∅

5. Sien die voorwoord van Lakoff (1970b:vi).

Afgesien van die genoemde voorwaarde, is daar nog 'n konvensie nodig dat ont_2 nie uitgesegmenteer word as Y reeds met 'n tweede nie eindig nie. Dit is nodig vir sinne soos (8.39).

(8.39) Ek het nie geweet dat hy nie gekom het nie

Die transformasie moet opsioneel wees omdat ont_2 nie oral optree waar ont_1 nie aan die einde van die sin staan nie. Op hierdie wyse sal daar voorsiening gemaak word vir sinpare soos (8.40) tot (8.42).

(8.40) a. Ek sien niemand
b. Ek sien niemand nie

(8.41) a. Hulle sal oor niks baklei
b. Hulle sal oor niks baklei nie

(8.42) a. Hulle loop nie, omdat dit reën
b. Hulle loop nie omdat dit reën nie

Omdat die ontkennde konstituent in Jackendoff se tipe grammatika enige posisie in die sin se dieptestruktuur kan inneem, moet ont_2 transformasioneel verskuif word. In die meeste gevalle sou die maklikste wyse om die posisie van ont_2 aan te wys daaruit bestaan dat die partikel aan die einde van die materiaal geplaas word wat ont_1 kommandeer. Dit is egter nie in 'n interpretatiewe grammatika moontlik nie (Fodor (1977:200)).

(8.43) This shift of labor from the syntactic to the semantic component permits the imposition of tighter constraints on possible syntactic transformations - for example that they may not appeal to command relations between constituents (though semantic rules may).

Die verskuiwingstransformasie se strukturele beskripsie moet gevolglik in terme van konstituente geformuleer word. By die meeste enkelvoudige sinne lewer so 'n reël min probleme op. Dit kan soos volg lyk:

(8.44)	SD	X	-	nie_2	-	Y	
		1		2		3	
	SV	1		\emptyset		$3 + 2$	\implies

ont_2 word geplaas ná die materiaal wat regs van ont_1 staan en wat gewoonlik binne sy bereik val.

Daar is egter aangetoon dat ont_2 voor sommige bysinne en frases kan optree. Dit lyk onprakties om die T-reël só te formuleer dat dit kan onderskei tussen dié frases en S'e wat net aan ont_2 kan voorafgaan, dié wat net daarop kan volg en dié wat albei moontlikhede het. Die maklikste sal waarskynlik wees om ont_2 opsioneel links en regs van alle ingebede S'e en adverbiale frases te plaas en die verkeerde posisies deur interpretasiereëls uit te skakel. Dit wil sê, as 'n konstituent byvoorbeeld nie geïnterpreteer kan word as synde buite die bereik van die ontkenning nie, dan moet ont_2 regs daarvan staan. 'n Afleiding met ont_2 links van die konstituent sal gevolglik verwerp word.

- (8.45) a. Hy het nie gewerk dat dit klap nie
 b. *Hy het nie gewerk nie dat dit klap

Omdat die verskuiwingstransformasie nie na dominansieverhoudinge kan verwys nie, sal dit ont_2 ook voor en ná gekoördineerde S'e plaas wat regs staan van die S waarin ont_1 verskyn.

- (8.46) a. Ek het nie geloop nie, want dit het gereën
 b. *Ek het nie geloop, want dit het gereën nie

Sin b. sal uitgeskakel word soos al die ander voorbeelde van onaanvaarbare afleidings wat bespreek is. Omdat die gekoördineerde S nie deur ont_1 gekommandeer word nie, en derhalwe nie binne sy bereik kan val nie, sal die semantiese interpretasiereël die sin verwerp.

8.2.5. Samevatting

In § 8.2.2. tot § 8.2.4. is aangetoon hoe 'n interpretatiewe grammatika die plasing van ont_1 en ont_2 kan bereël. Omdat sintaksis en semantiek hier geskei is, is daar eerstens 'blinde' sintaktiese reëls wat die ontkenningsspartikels, onafhanklik van semantiese oorwegings, na al die moontlike oppervlaksposisies verskuif. Daarná kom die interpretatiewe reëls wat die bereik van die ontkenning bepaal aan die hand van die sintaktiese posisies en nie-welgevormde afleidings verwerp.

Dit is duidelik dat die semantiese interpretasie-reëls in 'n groot mate die sintaktiese transformasies dupliseer. Dit is iets waarteen die GS baie sterk kritiek uitgespreek het, soos die volgende aanhaling uit Lakoff (1972:553) toon.

- (8.47) ... if a given theory necessarily requires that the same rule be stated twice, then that theory is wrong. Not just inelegant, but empirically incorrect.

Die duplisering is in Afrikaans heelwat groter as in Engels. In laasgenoemde taal is die verskillende plasingsmoontlikhede van ont_1 dikwels die gevolg van transformasies wat ander konstituente verskuif, soos passivering of die vooropstelling van adverbiale. By sulke gevalle is daar natuurlik nie sprake van duplisering nie. Afrikaans, wat 'n beweglike nie, nooit en nêrens het, en daarby die tweede nie, maak dit egter nodig om heelwat transformasies te gebruik wat spesifiek ontkenningsspartikels na hul uiteindelige posisie verplaas. 'n Onderzoek van die Afrikaanse ontkenning het daarom die gevolg dat dit 'n tekortkoming van die IS sterker na vore bring.

8.3. Die generatiewe semantiek

8.3.1. Beperkinge op die realisering van NEG


In § 2.2.2. is verduidelik dat die GS alle ontkenning deur middel van die predikaat NEG in onderliggende struktuur beskryf, en dat die T-reël NEG-neerlating hierdie predikaat laat sak tot in die sin waarin dit in die oppervlakstruktuur verskyn.

In 'n GS-grammatika moet daar dan in die eerste plek 'n beperking geplaas word op die wyse waarop NEG in die oppervlakstruktuur gerealiseer kan word, met ander woorde, of dit 'n vrye negatiewe partikel of ander ontkenkende woord wat sinsontkenning veroorsaak, moet wees, òf slegs 'n negatiewe affiks of deel van 'n ander woord.

Ek wil postuleer dat NEG in Afrikaans deur 'n verteenwoordiger van ont_1 gerealiseer kan word, net as dit in onderliggende struktuur 'n predikaat domineer wat as verbum in die oppervlakstruktuur verskyn. Die sinne (8.48) en (8.49) kan die beperking illustreer.


- (8.48) a. Pieter maak Paul nie gelukkig nie

(8.48) b.



(8.49) a. Pieter maak Paul ongelukkig

b.



Die V wat NEG in (8.48)b. domineer, is die oppervlakstruktuur-verbium maak, sodat (8.48)a. die vrye partikel nie kan bevat. In (8.49)b. domineer NEG die V wat as adjektief gelukkig in die oppervlakstruktuur voorkom, sodat NEG as negatiewe affiks gerealiseer word.

Hierdie beperking kan terselfdertyd gebruik word om die voorkoms van ont₂ te help bereël. Soos in die Aspects-model kan ont₂ uit NEG uitgesegmenteer word. Die transformasie moet verpligtend wees as NEG nie self aan die einde staan van die materiaal wat dit kommandeer of as daar nie reeds 'n ont₂ geplaas is nie, en opsioneel as dit wel aan die einde van die bereik staan en deur 'n ander ontkenningwoord as nie gerealiseer word. Dit is duidelik dat die segmenteringstransformasie verder van bogenoemde beperking afhanklik gemaak moet word, anders sal 'n struktuur soos (8.49) b. die sin (8.50) oplewer.


(8.50) *Pieter maak Paul ongelukkig nie

Die sinspaar met en sonder ont₂ wat al meermale as voorbeeld gebruik is, en wat ek hier as (8.51)a. en b. herhaal, word dan in die GS deur 'n ver-

skil in onderliggende struktuur en deur hierdie inperking verantwoord.


(8.51) a. Hulle sal oor niks baklei nie

b.



(8.52) a. Hulle sal oor niks baklei

b.



Ten slotte moet daarop gewys word dat die inperking soos dit hierbo geformuleer is, te veel krag het, omdat daar gevalle voorkom waar die predikaat wat deur NEG in onderliggende struktuur gedomineer word, nie in die oppervlakstruktuur verskyn nie, maar ont_1 en ont_2 tog wel optree. 'n Voorbeeld hiervan is (8.53)a. waarvan die onderliggende struktuur deur (8.53)b. geparafraseer word.

(8.53) a. Jan kies die appel en nie die peer nie

b. Jan kies die appel en Jan kies nie die peer nie

In a. het konjunksie-reduksie plaasgevind (volgens die opvatting van die GS) en dit is dieselfde soort struktuur na aanleiding waarvan Lakoff sy inperking 1 wysig. Dié wysiging, nl. dat die inperking op alle vlakke van die afleiding moet geld, sal egter nie hier deug nie. Wat nodig is, is dat die inperking net tot op 'n sekere punt van toepassing moet wees,


naamlik tot net voor die vlak van die afleiding waar konjunksie-reduksie van toepassing is.⁶

Die hiërargiese verhoudings in die onderliggende struktuur bepaal ook wanneer NEG in 'n verteenwoordiger van ont_1 geïnkorporeer kan word. Oor die algemeen is die vereiste dat NEG die positiewe onbepaalde konstituent moet domineer. Dat hier egter ook beperkinge is, kan geïllustreer word aan die hand van sinne soos (8.54)a. en b.

- (8.54) a. Ek het nie 'n boek gelees en wyn gedrink nie
b. *Ek het geen boek gelees en wyn gedrink nie

Omdat ont_2 aan die einde van die komplekse sin staan, kan daar aangeneem word dat die koördinasie binne die bereik van die ontkenning val. In die GS sal die onderliggende struktuur ongeveer soos (8.55) daar uitsien.

(8.55)



NEG kan klaarblyklik nie die konjunktore en, wat ook 'n logiese predikaat is, kruis om met die onbepaalde artikel 'n saam te smelt tot die konstituent geen nie. Let op dat die nie-voorkoms van geen in (8.54), anders as by die gevalle wat vroeër genoem is, wel met die bereik van die ontkenning saamhang. As NEG deur die konjunktore gekommandeer sou gewees het, sou geen wel kon opgetree het.

- (8.54) c. Ek het geen boek gelees nie en het wyn gedrink

6. Die inperking kan moontlik 'n eenvoudiger en doeltreffender vorm gegee word deur te vereis dat NEG in onderliggende struktuur die konstituent Tyd domineer. Omdat daar baie min bekend is oor die voorkoms van hierdie konstituent in onderliggende struktuur, is dit egter vir my moeilik om te oordeel of so 'n verandering beskrywend adekwaat sal wees.

8.3.2. Die plasing van ont₁ en ont₂

Ek handel eers die plasing van ont₂ af, omdat dit in 'n GS-raamwerk baie eenvoudig bereël kan word. Daar is 'n globale inperking nodig wat sorg dat ont₂ regs staan van konstituente in die oppervlakstruktuur wat in onderliggende struktuur deur ont₁ gedomineer word. In navolging van Lakoff kan dit soos (8.56) geformuleer word.

- (8.56) $V_1 = \text{NEG}_1$ kommandeer X
 $V_2 = X$ is regs van NEG_1
 $V_3 = \text{NEG}_2$ is regs van X

Ont₂-inperking: $P_1/V_1 \supset (P_n/V_2 \supset P_n/V_3)$

Wat ont₁ betref, is daar in die GS ook geen lineêre verskuiwingsreëls nodig nie, maar wel inperkinge op die posisie waarin dit laat sa. kan word.

In die eerste plek moet daar gesorg word vir die spesifiek Afrikaanse verskynsel dat ont₁ met enkele uitsonderings regs staan van die subjek + Vf en objekte wat persoonlike pronomina en eiename bevat. Hiervoor kan voorsiening gemaak word deur 'n algemene beperking op die Afrikaanse grammatika, omdat ander konstituente ook hier uitgeslote is.

- (8.57) a. *Die kinders sien môre hulle
 b. *Ek gee die boek hom
 c. *Ek vertel die storie Piet

Waar ont₁ voor en na konstituente in die oppervlakstruktuur kan voorkom, sorg inperking 1 van Lakoff (sien (2.30)) dat dit die regte posisie inneem: links as NEG die konstituent kommandeer, regs as NEG deur die konstituent gekommandeer word.

Net soos die ont₂-inperking het hierdie inperking 'n eenvoud en elegansie wat baie aantreklik is. Ongelukkig is dit op sigself nie genoeg om al die korrekte posisies in die oppervlakstruktuur te verseker nie.

Eerstens vind 'n mens dat 'n konstituent in sommige plekke in die sin nie die twee plasingsmoontlikhede het nie. Jackendoff (1972:331) noem

geformuleer word dat dit die posisies in ag neem wat sintakties moontlik is vir ont_1 . Hierdie oplossing word verder toegelig in § 9.1.1.

Waar 'n konstituent altyd òf net buite òf net binne die bereik van die ontkenning staan, moet die GS reël dat dit in die onderliggende struktuur die korrekte relatiewe hoogte tot NEG handhaaf. So 'n posisie sal nie arbitrêr gespesifiseer kan word nie, maar moet bepaal word deur die semantiese eienskappe van die konstituent. Dit wil sê, die semantiese representasie van 'n konstituent moet sodanig wees dat dit òf nie ontken kan word nie òf nie buite die ontkenning kan staan as die res of 'n gedeelte van die sin ontken word nie.

Dit is duidelik dat hierdie benadering en dié wat in die IS vir die betrokke konstituente voorgestel word, op dieselfde neerkom, veral as in gedagte gehou word dat die semantiese representasie wat Jackendoff aan sy leksikale items toeken, weinig verskil van die GS se onderliggende struktuur met semantiese predikate. Jackendoff (1972:41) erken dit ook:

(8.60) This approach to the structure of lexical entries is not particularly novel: the actual semantic representations resemble ... the deep structure of generative semantics.


In § 8.2.3. is byvoorbeeld aangetoon dat sinsadverbiale in 'n interpretatiewe grammatika nie dieselfde semantiese representasie in die leksikon kan kry as hul parafrases met adjektiewe nie, omdat laasgenoemde ontken en bevraagteken kan word. In die GS beteken dit dat die twee nie dieselfde onderliggende struktuur kan hê nie, dit wil sê dat adverbiale nie transformasioneel van sinne met adjektiewe afgelei kan word nie. Die GS en IS staan daarom voor dieselfde probleem.

Ook hier is daar egter 'n uitsondering. Predikaats-NP's en -AP's kan net binne die bereik van die ontkenning val, maar hul word verskillend deur die IS en GS gehanteer.

In die IS sou hul maklik uitgesonder kan word van die transformasie wat ont_1 in die predikaat verskuif, en omdat hul deel uitmaak van die VP sal hul dan outomaties die korrekte posisie regs van ont_1 inneem. Hul semantiese representasie sal daarom geen ongrammatikale posisies hoef uit te filtreer nie.

In die GS moet natuurlik deur die onderliggende struktuur vir hul plaasing voorsiening gemaak word. Die predikaats-AP's is onproblematies: hul posisie in die boom maak dit vir hul onmoontlik om NEG te domineer.

- (8.61) a. Die boek is interessant
b.



NEG kan in (8.61) as die hoogste predikaat òf bo interessant ingevoer word om onderskeidelik Die boek is nie interessant nie en Die boek is oninteressant te lewer. Dit is egter klaarblyklik dat NEG nie laer as die adjektief in die boom kan staan nie.

Wat onbepaalde predikaats-NP's betref, verwys ek na wat in § 5.1.3. opgemerk is, naamlik dat hul nie referensieel is nie, maar attributief. Daar is weinig verwysings in linguistiese teorie na 'n moontlike beskrywingswyse vir attributiewe NP's, maar dit staan in elk geval vas dat hul semanties nie 'n eksistensiële kwantor bevat nie. (8.62)a. kan nie deur (8.62)b. geparafraseer word nie.

- (8.62) a. Jan is 'n onderwyser
b. *Daar is 'n onderwyser wat Jan is

Attributiewe NP's sou dus nie in die onderliggende struktuur kan voorkom met 'n hoër predikaat wat as 'n verteenwoordiger van die eksistensiële kwantor beskou kan word nie. Hierdie verskil met referensieël onbepaalde NP's sal gebruik kan word om hul gedrag ten opsigte van die ontkenning te verantwoord.

Predikaats-NP's met bepaalde artikels kan wel referensieel gebruik word.

- (8.63) Piet is my broer

(8.63) kan geïnterpreteer word as 'ek het 'n broer en hy is Piet', sodat die predikaats-NP na 'n referent in die werklikheid verwys. Teoreties moet die NP, net soos dié wat byvoorbeeld die funksie van objek het,

dan NEG in die onderliggende struktuur te kan domineer, sodat ont₁ ná die predikaats-NP mag staan. As die predikaats-NP op die Vf volg, is so 'n posisie, wat wel in Nederlands bestaan, egter nie in Afrikaans moontlik nie.

- (8.64) a. *Piet is my broer nie
b. Piet is mijn broer niet

Die predikaats-NP kan net in die sinsaanloop aan ont₁ voorafgaan.

- (8.64) c. My broer is Piet nie

Soos aangetoon, val dit in hierdie posisie ook meestal binne die bereik van die ontkenning. (8.64)c. kan egter so geïnterpreteer word dat die NP buite die ontkenning is. In enkele gevalle kan 'n NP met 'n telwoord ook referensieel gebruik word en dan in die sinsaanloop buite die ontkenning staan

- (8.65) Een mens is Piet nie

Referensiële predikaats-NP's sal in die GS gevolglik verpligtend na die sinsaanloop verskuif moet word as hul in onderliggende struktuur die predikaat NEG kommandeer.

8.3.3. Samevatting

In die GS, waar die afleidingsinperkinge 'n verband lê tussen die hiërargiese posisie van NEG en die posisie van die ontkenningpartikels in die oppervlakstruktuur, kan die distribusie van lg. blykbaar veel eenvoudiger gereël word as in 'n interpretatiewe raamwerk. Veral word die duplisering van sintaktiese deur semantiese reëls uitgeskakel.

8.4. Gekoördineerde nominale konstituente

8.4.1. Inleiding

Die ontkenning in sinne met gekoördineerde nominale konstituente lewer bykomende getuienis wanneer die beskrywingsmoontlikhede van die twee teorieë teen mekaar opgeweeg word. Dit bespreek ek eers in hierdie stadium omdat kennis van die twee raamwerke se reëls nodig is om daaraan perspektief te gee. Ek behandel die data saam met die grammatikale representasie.

8.4.2. Sinskoördinasie teenoor konstituentkoördinasie

(8.66) en (8.67) kan dien as voorbeelde van gekoördineerde nominale konstituente.

(8.66) Sarel en Maans verkoop polisse

(8.67) Die kinders eet lekkers en koek

Dik (1972:72) wys daarop dat linguïste in die vroeë stadium van die TGG aangeneem het dat enige tipe koördinasie herlei kan word tot nie-gekoördineerde konstituente in aparte gekoördineerde sinne. Die dieptestruktuur van (8.66) en (8.67) sal in hierdie opvatting soos volg geparafra-seer word.

(8.66) a. Sarel verkoop polisse en Maans verkoop polisse

(8.67) a. Die kinders eet lekkers en die kinders eet koek

Die oppervlakstruktuur word verkry deur 'n reduksie-transformasie, soos deur Chomsky (1965:212) voorgestel.⁸

Teen 'n transformasionele afleiding van gekoördineerde konstituente bestaan daar egter verskeie besware. In die eerste plek kan aan baie koördinasies nie gekoördineerde sinne ten grondslag gelê word nie.

(8.68) a. Hans en Marie is 'n oulike paar

b. *Hans is 'n oulike paar en Marie is 'n oulike paar

8. The general rule for conjunction seems to be roughly this: if XZY and XZ'Y are two strings such that for some category A, Z is A and Z' is an A, then we may form the string XZ and Y, where Z and Z' is an A.

- (8.69) a. Die wetenskaplike het suurstof en waterstof gemeng
 b. *Die wetenskaplike het suurstof gemeng en die wetenskaplike het waterstof gemeng

In die tweede plek sou die reduksie-transformasie soms die betekenis verander.

- (8.70) a. Jan kan die kar trek en Piet kan die kar trek
 b. Jan en Piet kan die kar trek

- (8.71) a. Hans het getrou en Marie het getrou
 b. Hans en Marie het getrou

Die a.-sinne het net een interpretasie, terwyl die b.-sinne, wat van hul afgelei sou wees, dubbelsinnig is. (8.71)b. kan byvoorbeeld beteken dat Hans en Marie elkeen met iemand anders getrou het, of dat hul met mekaar in die huwelik bevestig is. (8.71)a. het net die eerste interpretasie.

Gegewens soos hierdie maak dit noodsaaklik om naas sinskoördinasie ook vir konstituent-koördinasie voorsiening te maak.

8.4.3. Die ontkenning van sinne met gekoördineerde nominale konstituente in die oppervlakstruktuur

8.4.3.1. Ondubbelsinnige NP's wat met 'n sin korrespondeer

- (i) a. Sarel en Maans verkoop polisse
 b. Sarel en Maans verkoop nie polisse nie
 c. Sarel en nie Maans nie, verkoop polisse
 d. *Nie Sarel nie, en Maans verkoop polisse
 e. Nie Sarel nie, maar Maans verkoop polisse
- (ii) a. Sarel verkoop polisse en Maans verkoop polisse
 b. Sarel verkoop nie polisse nie en Maans verkoop nie polisse nie
 c. Sarel verkoop polisse en Maans verkoop nie polisse nie
 d. Sarel verkoop nie polisse nie, én Maans verkoop polisse
 e. Sarel verkoop nie polisse nie, maar Maans verkoop polisse
- (iii) a. Die kinders eet lekkers en koek

- b. Die kinders eet nie lekkers en nie koek nie
 - c. Die kinders eet nie lekkers en koek nie
 - d. Die kinders eet lekkers en nie koek nie
 - e. *Die kinders eet nie lekkers nie en koek
 - f. Die kinders eet nie lekkers nie, maar koek
- (iv)
- a. Die kinders eet lekkers en die kinders eet koek
 - b. Die kinders eet nie lekkers nie en die kinders eet nie koek nie
 - c. Die kinders eet lekkers en die kinders eet nie koek nie
 - d. Die kinders eet nie lekkers nie en die kinders eet koek
 - e. Die kinders eet nie lekkers nie, maar die kinders eet koek

8.4.3.1.1. Die posisie en bereik van ont₁ en ont₂

Die verskynsel van koördinasie sit vol moeilike probleme en selfs 'n paar eenvoudige voorbeelde soos dié hierbo laat baie vrae ontstaan. Die opvallendste is miskien die sinne waar en ongrammatikaal en maar grammatikaal is. Ek kan hier egter nie op sulke vrae ingaan nie en moet my beperk tot die verband tussen gekoördineerde konstituente en sinne en hoe die gedrag van ontkenningsswoorde daarmee saamhang.

Die positiewe vorme (i) en (ii)a. en (iii) en (iv) a. het dieselfde betekenis en die ontkennde vorme toon ook 'n groot ooreenkoms. Waar daar verskille voorkom, is dit meestal op die gebied van presupposisie. (i)c. het bv. die presupposisie dat iemand beweer het dat daar 'n persoon is wat polisse verkoop en dat dit Maans kan wees, wat by (ii)b. nie noodwendig die geval is nie. In (iii)c. kry ons daarbenewens 'n interpretasie wat nie in die gekoördineerde sinne voorkom nie; hier word net beweer dat die kinders nie sowel lekkers as koek eet nie.

In al die gekoördineerde sinne kan ont₁ voorkom en ont₂ staan dan aan die einde van die NP. Intuïtief geoordeel, is dit in ooreenstemming met die ont₂-hipotese, want ont₁ se bereik behels net die een lid van die koördinasie.

8.4.3.2. Dubbelsinnige NP's wat in een interpretasie met 'n sin korrespondeer

- (i) a. Jan en Piet kan die kar trek
 b. Jan en Piet kan nie die kar trek nie
 c. Jan, en nie Piet nie, kan die kar trek
 d. *Nie Jan nie, en Piet kan die kar trek
 e. Nie Jan nie, maar Piet kan die kar trek
- (ii) a. Jan kan die kar trek en Piet kan die kar trek
 b. Jan kan nie die kar trek nie en Piet kan nie die kar trek nie
 c. Jan kan die kar trek en Piet kan nie die kar trek nie
 d. Jan kan nie die kar trek nie en Piet kan die kar trek
 e. Jan kan nie die kar trek nie, maar Piet kan die kar trek
- (iii) a. Hans en Marie het getrou
 b. Hans en Marie het nie getrou nie
 c. Hans en nie Marie nie het getrou
 d. *Nie Hans nie en Marie het getrou
 e. Nie Hans nie, maar Marie het getrou
- (iv) a. Hans het getrou en Marie het getrou
 b. Hans het nie getrou nie en Marie het nie getrou nie
 c. Hans het getrou en Marie het nie getrou nie
 d. Hans het nie getrou nie, maar Marie het getrou

8.4.3.2.1. Die optrede van die ontkenning

Soos vroeër reeds aangedui, is hierdie soort gekoördineerde NP dubbelsinnig en kom net in een interpretasie met gekoördineerde sinne ooreen. Nou is dit interessant dat die negatiewe sinne waar ont₁ in die NP kan voorkom, slegs die interpretasie van die sinsparafrase het.

8.4.3.3. NP's wat geen sinsparafrase het nie

- (i) a. Hans en Marie is 'n oulike paar
 b. Hans en Marie is nie 'n oulike paar nie
 c. *Hans en nie Marie nie, is 'n oulike paar
 d. *Nie Hans nie, en Marie is 'n oulike paar

- e. *Nie Hans nie, maar Marie is 'n oulike paar
- (ii) a. *Hans is 'n oulike paar en Marie is 'n oulike paar
 b. *Hans is nie 'n oulike paar nie en Marie is nie 'n oulike paar nie
 c. *Hans is 'n oulike paar en Marie is nie 'n oulike paar nie
 d. Hans is nie 'n oulike paar nie en Marie is 'n oulike paar
 e. Hans is nie 'n oulike paar nie, maar Marie is 'n oulike paar

8.4.3.3.1. Die optrede van die ontkenning

As daar vir 'n gekoördineerde NP geen parafrase met gekoördineerde sinne bestaan nie, dan kan ont₁ slegs in die predikaat, maar nie in die gekoördineerde NP voorkom nie.

8.4.4. Die grammatikale beskrywing

8.4.4.1. Die interpretatiewe semantiek

Jackendoff (1972) sê niks eksplisiet oor die struktuur van gekoördineerde konstituente nie, maar koördinasie-reduksie sal nouliks aanvaarbaar wees binne die uitgebreide leksikalistiese hipotese, omdat dit konstituente onder identiteit uitwis. Vir die opvatting dat Jackendoff alle gekoördineerde NP's in die basis sal genereer, spreek ook die feit dat hy die ontkenningpartikel in sulke konstruksies nie as emfatiese partikel beskryf nie, maar as konjunksie.⁹

- (8.72) As a conjunction, we can compare its use with and
 ((but) not Bill)
 (8.105) John (and Bill) decided to leave
 (and also Bill)


Hierdie gelykstelling van not met and is nie baie oortuigend nie; and kan saam met not optree, maar nie saam met die ander erkende koördinatortors nie.

9. Ek sal self voortaan die wyer term koördinator gebruik.

- (8.73) a. Jack, and not Margaret, is the real culprit
 b. *John but and Bill decided to leave the party

As die implikasies van hierdie klassifisering van not vir die beskrywing van gekoördineerde NP's nagegaan word, wemel die vraagtekens.

Jackendoff gee nie 'n herskryfreël waardeur die koördinator not gegeneer kan word nie, maar ek meen dat die struktuur (8.74) nie 'n onredelike voorstel is nie. Ek baseer dit op die analise van Dougherty,¹⁰ wat aandag geskenk het aan koördinasie binne 'n interpretatiewe teorie.



10. Dougherty (1970) en (1972) stel voor dat die transformasie koördinasie-reduksie uitgeskakel word en dat alle koördinasie direk gegeneer word deur herskryfreëls. Ek gee sy reëlskema wat hy daarvoor gebruik, in 'n vereenvoudigde vorm weer.

$$(8.75) \quad X \longrightarrow X^n$$

where X = a major category S, NP or VP

Hierdie reëlskema maak dit moontlik om van al die hoofkategorieë koördinasies te genereer wat 'n n-tal lede het. (8.76) a. tot c. word gegeneer deur onderskeidelik S, NP en VP deur die reël te laat uitbrei.

- (8.76) a. John came and Mary went
 b. Curval hit Durcet en Duclos
 c. Curval hit Duclos and frightened Julie

Die semantiese interpretasie en sintaktiese eienskappe van 'n gekoördineerd verbonde knoop word bepaal deur kenmerke wat met die dominerende knoop geassosieer word. Twee van die kenmerke wat Dougherty tentatief voorstel, (+ Individueel) en (- Individueel) sou kan onderskei tussen die twee interpretasies van bv. Hans en Marie het getrou.

Die reëls wat hierdie struktuur genereer, sal ewe goed 'n sin soos *Hans en nie Marie nie, is 'n gawe paar kan oplewer. Sulke sinne sal uitgeskaakel moet word deur 'n welgevormdheidsbeperking, wat gebruik sou kon maak van kenmerke soos dié wat Dougherty voorstel.

Die bereik van die ontkenning in (8.74), wat net Maans omvat, kan reg geïnterpreteer word as gevolg van 'n wysiging wat Jackendoff in die definisie van 'kommandeer' maak (1972:140).

(8.77) We will replace the term 'S' in the definition of command with 'node that defines a cycle'... In the theory we have adopted here, NPs may also define cycles.


Ooreenkomstig die nuwe definisie sal die koördinator nie in (8.74) die NP's Sarel en Maans kommandeer, omdat al drie deur dieselfde NP gedomineer word. Die bepaling regs van NEG sorg egter dat net Maans binne nie se bereik val.

Waar die koördinator nie se bereik problematies word, is in sinne soos Nie Jan nie, maar Piet kan die kar trek en Die kinders eet nie lekkers nie, maar koek. Hier is albei gekoördineerde NP's regs van NEG, terwyl net die eerste ontken word.

Om die bereik van die ontkenning in sulke strukture reg te kan interpreteer, lyk dit nodig om nie op so 'n wyse te genereer dat dit 'n deel vorm van een van die lede van die koördinasie. Dit sluit alle moontlikheid uit dat nie 'n koördinator kan wees.

Jackendoff sal gevolglik die nie van gekoördineerde nominale konstituenten nie in 'n tradisionele leksikale kategorie kan onderbring nie, maar is

10. (Vervolg)



Die boom a. het die interpretasie dat Hans en Marie elk met iemand anders getrou het en b. dat hulle met mekaar getrou het.

genoodsaak om, soos by die emfatiese partikel, 'n nuwe kategorie spesiaal te skep.

Afgesien van hierdie verandering moet ook voorsiening gemaak word vir die plasing van ont₂ in gekoördineerde NP's. Aangesien ont₂ wat uit die emfatiese partikel gesegmenteer word aan die einde van die simpleksin en links en regs van ingebede sinne en adverbiale frases geplaas word, sal die gewone ont₂-transformasie nie op gekoördineerde NP's toegepas kan word nie. Daar sal 'n spesiale bepaling bygevoeg moet word dat ont₂ in laasgenoemde geval aan die einde van die NP staan waarin ont₁ optree.

Om saam te vat: die beskrywing van gekoördineerde NP's in 'n interpretatiewe raamwerk maak dit nodig om spesiale meganismes in te voer, naamlik 'n aparte basisreël, waarvoor waarskynlik 'n nuwe leksikale kategorie gepostuleer moet word, en 'n redelik ingewikkelde kondisie op die verskuiwingstransformasie.

Die gevolgtrekking is daarom dat die interpretatiewe semantiek dit nie moontlik maak om die partikel nie, as verteenwoordiger van ont₁ en as realisering van ont₂, op die mees algemene wyse te beskryf nie.

8.4.4.2. Die generatiewe semantiek

Die posisie van die GS oor koördinasie word soos volg opgesom deur Postal (1971:177).

(8.79) Regardless of whether sentential compounding accounts for many coordinate structures in surface forms, some coordinate NP must be derived from underlying deep structure coordinate NP.

11. 'n Denkbare alternatief is om ook hierdie nie as emfatiese partikel te genereer en dit transformasioneel na die NP te verskuif. Omdat die bereik van die ontkenning in die oppervlakstruktuur bepaal word, sal so 'n reël nie praktiese probleme oplewer nie, maar dit lyk na 'n baie arbitrêre manier van doen.

Soos die kritici van die GS aantoon,¹² is dit nie baie duidelik presies waar die lyn tussen sins- en konstituentkoördinasie getrek moet word nie. Die bestaan van 'n ondubbelsinnige parafrase met gekoördineerde sinne word in elk geval as voldoende kriterium vir sinskoördinasie beskou. Vir die GS sal § 8.4.3.1. (i) en (iii) gekoördineerde sinne in die onderliggende struktuur bevat (met die uitsondering van (iii)c. - Die kinders eet nie lekkers en koek nie). § 8.4.3.2. sal twee onderliggende strukture hê met onderskeidelik sins- en konstituentkoördinasie om hul verskillende interpretasies te verklaar, en § 8.4.3.3. sal as gekoördineerde NP's gegeneer word.

As daar gesê word dat gekoördineerde NP's in die oppervlakstruktuur van gekoördineerde sinne afgelei word, dan bedoel ek nie dat die parafrases noodwendig as getroue voorstelling van die onderliggende struktuur aangebied word nie. Dit is my hier net te doen om die algemene beginsel te beklemtoon dat 'n benadering waarin die NP's van sinne afgelei word, outomaties sal voorspel wanneer ont_1 in die gekoördineerde NP voorkom. Ek verwys hier na § 8.3.1. waarin daar bespreek is hoe die inperking op die realisering van NEG deur 'n lid van ont_1 vir hierdie soort strukture voorsiening kan maak.

Die bepaling van die bereik van ont_1 en die daarmee gepaardgaande posisie van ont_2 lewer in die GS ook geen probleme op nie. Aangesien elke lid van die koördinasie in onderliggende struktuur 'n S is, kan die gewone kommandeer-begrip gebruik word om ont_1 se bereik te bepaal en kan inperking (8.56) sonder wysiging die ont_2 -partikel aan die einde daarvan plaas.

Data in verband met die ontkenning in gekoördineerde nominale konstituentte toon dus dat die GS 'n groter mate van generalisering bereik in die beskrywing van die ont_1 - en ont_2 -nie van Afrikaans as die interpretatiewe semantiek.

12. Dougherty (1970:859).

HOOFSTUK 9

DIE UITSONDERINGSGEVALLE

9.1. Uitsonderings op die ont₁-hipotese9.1.1. Simplekssinne

Ter wille van die oorsigtelikheid noem ek die uitsonderings, met voorbeelde, hier op.

(9.1) Die konstituente val altyd binne die bereik van die ontkenning, maar in stryd met die hipotese staan hul voor ont₁

(i) NP's met universele kwantore wat die funksie van subjek het of in die sinsaanloop voorkom

- a. Almal skryf nie hierdie eksamen nie
- b. Al die kinders is nie deur hulle gestraf nie
- c. Al die kinders het hulle nie gestraf nie

(ii) NP's met 'n nulartikel wat die funksie van subjek het of in die sinsaanloop voorkom

- a. Dwang was nie nodig nie
- b. Melk staan daar nooit op die tafel nie
- c. Kos is nie deur ons voorberei nie
- d. Kos het ons nie voorberei nie

(iii) Predikaats-NP's en -AP's wat in die sinsaanloop staan

- a. Kwaad word hy nooit
- b. 'n Onderwyser is hy nie

(iv) Adverbiale van Klas C₂ en C₃ wat in die sinsaanloop staan

- a. Agteruit wil ek nie ry nie
- b. Fluks werk die span nie

- (9.2) Die konstituente val altyd buite die bereik van die ontkenning maar hul volg op ont₁
- (i) Adverbiale uit klas A volg op ont₁ wat in die subjek voorkom¹.
- a. Niemand wou darem huis toe gaan nie
- (9.3) Die konstituente kan binne of buite die bereik van die ontkenning val, maar hul interpretasie in die betrokke sin is strydig met die hipotese
- (i) Modale auxiliare staan in die hoofsin links van ont₁ en val binne sy bereik
- a. Hy kan nie kom nie
- (ii) NP's met die artikel 'n kan in die subjek van passiewe sinne en in die sinsaanloop voor ont₁ staan, maar wel ontken word.
- a. 'n Tydtafel is nog nie daarvoor uitgewerk nie
- b. 'n Boek het die leerling nie verloor nie
- c. Deur 'n kollega word daardie man nie vermy nie
- (iii) NP's met hooftelwoorde kan in die subjek van passiewe sinne en in die sinsaanloop voor ont₁ staan en ontken word
- a. Twee vrae is nie deur die kandidaat weggelaat nie
- b. Twee vrae het die kandidaat nie weggelaat nie
- c. Deur twee boewe word ons nie agtervolg nie
- (iv) Adverbiale uit klas B₂, B₃ en B₄ staan in die aanloop voor ont₁ en word ontken
- a. Toevallig het sy nie hier aangekom nie

1. Die ander uitsonderings in hierdie klas word in § 9.1.2. bespreek

- b. Ter wille van hul kinders sal die mense nie soontoe trek nie
- c. Tot nou toe het hy nie gewerk nie

In Lakoff se teorie sou die konstituente wat in 'n basis-posisie staan² ((9.1) (i)a. en (ii)b., (9.2) (i)a. en (9.3) (i)a. en waarvan die relatiewe volgorde tot ont_1 nie ooreenkomstig die ont_1 -hipotese is nie, die vierde voorwaarde van afleidingsinperking 1 moet gehoorsaam. Ek herhaal die voorwaarde hier as (9.4).

(9.4) $C_4 = L_1$ has much heavier stress than L_2

In (9.1) (i)a. verteenwoordig nie L_1 , want dit kommandeer in die onderliggende struktuur, en die kwantor almal is L_2 . Nie het egter nie swaarder klem as die universele kwantor nie. Ook in die ander sinne word L_1 nie swaarder as L_2 beklemtoon nie. Die implikasie is dat inperking 1 aanvaarbare Afrikaanse sinne sal verwerp.

In die orige voorbeelde is die konstituente waarvan die volgorde ter sake is, deur 'n transformasie na hul oppervlak-posisie verskuif. Lakoff sou hul moet verklaar deur die feit dat daar 'n vlak struktuur is waar die inperking nie langer geld nie. (Sien § 2.2.2.)

Soos gesien, bepaal Lakoff nie presies op watter punt van die afleiding die vlak struktuur begin nie, maar dit is in elk geval voor die toepassing van die transformasie Y-skuif. Die term 'Y-skuif' is afkomstig van Postal (1971:142), wat dit soos volg verduidelik.

(9.5) ... a rule which thrusts NP to sentence initial position under certain conditions. The resulting sentences are similar to those found in Yiddish and for all I know the existence of the construction in English may owe something to contact with speakers of other Germanic languages. Let us refer to the relevant hypothetical rule, therefore, as Y-movement.

Soos Postal opmerk, word hierdie reël deur sommige linguïste topikaliserings genoem.

2. 'Basis' word hier eintlik in die sin van Aspects gebruik, d.w.s. ná die neerlatingstransformasies van die GS plaasgevind het.

Lakoff gee blykbaar 'n wyer omvang aan die reël as Postal, want volgens sy eie voorbeeld, wat ek hier as (9.6) herhaal, kan dit ook 'n predikaats-AP verskuif.

(9.6) Fond of many boys, Sarah Weinstein isn't

As ons argumentshalwe aanneem dat die reël objek-NP's, die subjek-NP van daar-sinne, predikaats-NP's en -AP's en moontlik ook deur-frases na die sinsaanloop verskuif, dan sal (9.1) (i)c., (ii)b.,c. en d., (iii) a. en b. en (9.3) (ii)a. en b. en (iii)a. en b. nie deur afleidingsinperking 1 geraak word nie en dus deur die grammatika gegenereer kan word.

Vir adverbiale bestaan daar 'n aparte reël wat hul na die aanloop van die sin verskuif, nl. adverbiaal-voorverskuiwing ('adverb-preposing'). Hierdie reël kan nie eers toegepas word nadat inperking 1 afgesluit het nie, want baie adverbiale in die aanloop gehoorsaam die inperking. Dieselfde geld natuurlik vir die passief-transformasie, wat in § 2.2.2. gebruik is om die inperking te illustreer.

Dit beteken dat sinne soos (9.1) (iv)a. en b. en (9.3) (iv) a. tot c. deur die inperking uitgefiltreer sal word; hulle gehoorsaam nie voorwaarde 3 dat L_1 (hier ont_1) in die oppervlakstruktuur moet voorafgaan, en ook nie voorwaarde 4 dat L_1 sterker klem as L_2 moet hê nie.

Die uitsonderingsgevalle toon dus dat afleidingsinperking 1 nie onveranderd in 'n Afrikaanse grammatika opgeneem kan word nie.

In Jackendoff se grammatika sal assosiasie met fokus die regte interpretasie kan toeken aan al die voorbeelde in (9.1) en in (9.3) met die uitsondering van (i) a. Daar is reeds op gewys dat die verskuiwing van konstituente na die aanloop 'n standaard-verskynsel in Afrikaans is. Die gebied van die ontkenning, waarin assosiasie met fokus plaasvind, moet gevolglik tot hierdie posisie uitgebrei word.

In die genoemde voorbeelde het die konstituent wat aan ont_1 voorafgaan die sterkste klem in die sin, sodat dit die fokus vorm. Aangesien daar 'n B-aksent is, assosieer die ontkenning met die fokus, met die gevolg dat die betrokke konstituent ontken word.

(9.2) (i)a., waar die adverbiaal op ont_1 volg, maar nie ontken word nie,

is 'n moeiliker geval. Die hoofklem kom hier in die predikaat en is nie kontrasterend nie.

(9.7) Niemand wou darem hús toe gaan nie

Volgens Jackendoff (1972:238) maak die hele sin in sulke gevalle die fokus uit; die presupposisie lê in die konteks en sal ongeveer lui: 'Daar het iets gebeur.' Aangesien die ontkenning as deel van die sin dan self deel van die fokus is, lyk dit ongerymd om hier 'n beroep te doen op 'n nosie soos assosiasie met fokus.

'n Tweede beswaar teen die interpretatiewe oplossing vir uitsonderingsgevalle is dat 'n mens sinne kan vind van dieselfde tipe as (9.1) en (9.3) waar assosiasie met fokus nie toegepas kan word nie. Drie van die voorbeelde wat ek opgeteken het, is soos in (9.8) tot (9.10) deur ander sprekers voorgelees.

(9.8) Dit lyk of al die probleme nog nie úitgestryk is nie

(9.9) Dié waarskuwing moet in die regte perspektief gesien word en verkeerde afleidinge moet nie daaruit gemaak word nie

(9.10) Sy moet ook op dié dag redes aanvoer waarom 'n egskeiding nie tóegestaan moet word nie

Die hoofklem val op die woorde met aksenttekens, sodat die NP's al die probleme, verkeerde afleidinge en 'n egskeiding nie as fokus van die sin dien nie. 'n Linguis kan gevolglik nie die nosie assosiasie met fokus gebruik om te verklaar hoekom die NP's aan ont₁ voorafgaan, maar tog ontken word nie.

Ek moet kortliks terugkom na (9.3) (i) a. wat hierbo genoem is. Om hiervoor voorsiening te maak, sal Jackendoff waarskynlik ook die modale auxiliaar van ont₁ afhanklik moet maak as lg. die S kommandeer wat dit onmiddellik domineer. Op dié wyse sal die auxiliaar in Hy kan nie kom nie ontken word net soos die hoofverbum in Hy werk nie.

Hierbo is aangetoon dat die meganismes van sowel die GS as die IS nie alle uitsonderings op die ont₁-hipotese kan hanteer nie. Wanneer 'n mens oorweeg hoe hierdie meganismes aangepas kan word, is dit nodig om te let op die faktore wat 'n rol speel by die uitsonderings.

Die eerste faktor is die inherente semantiese kenmerke van die betrokke konstituente.³ Daardie konstituente wat altyd òf ontken moet word òf buite die ontkenning moet staan, het groter vryheid van plasing as die ander wat van die ontkenning afhanklik kan wees of nie. Dit is hoofsaaklik hulle wat in 'n basisposisie die omgekeerde volgorde tot ont₁ kan inneem.

Die tweede faktor is die posisie van die konstituent in die oppervlakstruktuur-boom. Soos in (9.1) tot (9.3) uiteengesit word, is die uitsonderingsgevalle net moontlik as die konstituent links van die auxiliaar in hierdie boom optree. Die adverbiale van klas A verskyn self wel regs van Aux, maar hier is die ontkenning links daarvan. Vergelyk (9.11) a. en b.

- (9.11) a. Niemand wou darem huis toe gaan nie
b. *Iemand wou nie darem huis toe gaan nie

In die derde plek kom uitsonderings blykbaar voor waar die sintaktiese posisies van ont₁ as 't ware nie tred hou nie met die posisies waarheen 'n konstituent verskuif kan word. Ek verduidelik met 'n voorbeeld.

- (9.12) a. Sy het nie toevallig hier aangekom nie
b. Sy het toevallig nie hier aangekom nie
c. Toevallig het sy nie hier aangekom nie

- (9.13) a. Jy mag nêrens/nie êrens stilhou nie
b. Jy mag êrens nie stilhou nie
c. Nêrens mag jy stilhou nie
d. Êrens mag jy nie stilhou nie

Die adverbiaal toevallig het twee ontkenningmoontlikhede, en as dit op die Vf volg, het dit die ooreenkomstige plasingsmoontlikhede ten opsigte van ont₁. Word dit na die aanloop verplaas, dan is dit sintakties onmoontlik om nie daarvoor te plaas, maar dit behou sy ontkenningmoontlik-

3. Hierdie idee word ook voorgestaan in Ioup (1975), maar ek het onafhanklik tot dieselfde gevolgtrekking gekom.

hede. Dit kan geïnterpreteer word as binne of buite die bereik van ont_1 .

Erens het daarenteen in die predikaat sowel as in die aanloop twee pla-singsmoontlikhede met betrekking tot ont_1 , en hier kom geen uitsondering op die hipotese voor nie. (9.13)d. kan nie só geïnterpreteer word dat êrens binne die bereik van nie val nie.

Ook by NP's soos iets wat in die aanloop deur ont_1 voorafgegaan of ge-volg kan word, word dieselfde verskynsel opgemerk dat daar geen uitson-derings is nie.

- (9.14)
- a. Ek het nie iets/niks gekry nie
 - b. Ek het iets nie gekry nie
 - c. Niks het ek gekry nie
 - d. Iets het ek nie gekry nie

Sinne soos (9.14) lewer 'n bykomende argument teen Lakoff se voorstel dat inperking 1 moet afsluit voor Y-skuif. Dit sou beteken dat iets in a. na die aanloop kon verskuif, wat 'n sin soos d. sou oplewer en waar-van daar verkeerdlik voorspel sou word dat die NP binne die bereik van die ontkenning val.

In Jackendoff se grammatika sal daar nie so 'n interpretasie aan d. ge-heg word nie, omdat dit geen B-aksent het nie, maar dié grammatika kan nie verklaar waarom B-aksente nie in sulke sinne voorkom nie.

Dit lyk vir my moontlik om die inperking van die GS te wysig, sodat dit die feite wat hierbo genoem is, kan hanteer. Die onsekerste is die kon-stituente wat net een ontkenningmoontlikheid het en in basisposisies 'n omgekeerde volgorde tot ont_1 kan inneem. Moontlik kan die inperking in hul geval opgehef word as een van die logiese predikate in opper-vlakstruktuur links van die auxiliaar staan.

Wat die orige gevalle betref, wil ek voorstel dat inperking 1 nie op 'n sekere vlak afsluit nie, maar van die sintaktiese posisies van ont_1 af-hanklik gemaak word. Hierdie voorstel kan die beste aan die hand van 'n voorbeeld verduidelik word.

In 'n geval soos (9.14), waar daar twee posisies vir ont_1 moontlik is as die objek in die aanloop staan, sal Y-skuif die inperking gehoorsaam,

sodat dit wel die konstituent iets uit b. na die aanloop sal verskuif, maar nie uit a. nie. By (9.12) waar daar nie die twee plasingsmoontlikhede is nie, kan die skuif-transformasie die inperking veronagsaam en toevallig uit a. sowel as b. vooroplaas.

Hierdie voorstel bring natuurlik mee dat die posisies van ont_1 in oppervlakstruktuur gespesifiseer moet word. Dit sal waarskynlik genoeg wees om aan te gee voor watter konstituente die ontkenningspartikel nie in die posisie links van die auxiliaar kan optree.⁴ So 'n spesifikasie behels nie veel meer as wat in die IS nodig is vir die strukturele beskryping van die transformasie wat nie uit die predikaat na dieselfde posisie verskuif nie. Dit sal dan sorg dat nie voor alle ander konstituente in die betrokke posisie geweer word, wat die bepaalde NP's in die subjek insluit. Daarmee word dit onnodig om 'n beperking te plaas op die hiërargiese verhouding tussen die kenmerk bepaaldheid en NEG in onderliggende struktuur.

Een uitsondering op hierdie voorstel, en waarvoor ek geen verklaring het nie, is die modale auxiliare wat ontken kan word of nie. In 'n hoofsin soos Hy kan nie kom nie kan daar gesê word dat kan in nie se bereik val, hoewel dit links daarvan staan, omdat dit die enigste sintaktiese posisie moontlik is. In bysinne of sinne met meer as een auxiliare verbum is daar egter ook net een posisie moontlik: die auxiliaar volg op die verbum, bv. ... dat hy nie kan kom nie. Hier is daar egter nie twee interpretasies nie.

Jackendoff se interpretatiewe meganisme, assosiasie met fokus, het blykbaar meer sukses met die uitsonderings op die ont_1 -hipotese het as die afleidingsinperking in die vorm wat Lakoff voorstel. Anders as die inperking kan hierdie meganisme, sover my insig strek, egter moeilik gewysig word om voorsiening te maak vir die gevalle waar dit faal.

In sinne soos (9.8) tot (9.10), waar 'n konstituent links van ont_1 staan

4. Dit wil sê as daar afgesien word van die probleem van geen. Ter wille van referensiële predikaats-NP's sal waarskynlik ook gespesifiseer moet word dat nie slegs aan die predikaats-NP kan voorafgaan as laasgenoemde op die Vf volg.

en ontken word, maar nie die fokus van die sin vorm nie, skyn daar geen wyse te wees waarop die meganisme op die sin van toepassing gemaak kan word nie.

Aan die ander kant is dit ook nie doenlik om die nosie 'assosiasie met fokus' te laat vaar en Jackendoff se definisie van 'bereik' uit te brei sodat dit die betrokke sinne kan insluit nie. Daar is reeds gewys op die feit dat dit vir Jackendoff onmoontlik word om die ontkenning se bereik deur lineêre volgorde in die oppervlakstruktuur te laat bepaal as hy die bereik van 'n negatiewe woord in die predikaat tot die subjek en sinsaanloop uitbrei. Dit wil dus voorkom of daar in 'n interpretatiewe grammatika sekere sinne oorbly waaraan daar nie 'n korrekte interpretasie gegee kan word nie.

9.1.2. Komplekse sinne

Ek kyk eers na subjek- en objekskomplemente wat spesifieke NP's bevat, hoewel ont₁ in die matrikssin aan hul voorafgaan.

(9.15) Dit is nie waarskynlik dat hy één boek vergeet het nie

(9.16) Ek weet nie waar één student woon nie

In Jackendoff se grammatika sou (9.16) soos in (9.17) geïnterpreteer word. Die kwantor het 'n A-aksent en daar vind dus nie assosiasie met fokus, oftewel disassosiasie van die presupposisie plaas nie.

(9.17) Presupposisie: λQ (Ek weet nie waar Q studente woon nie)
is welgevormd

Bewering: Een $=\lambda Q$ (Ek weet nie waar Q studente woon nie)

In hierdie representasie is die presupposisie egter dubbelsinnig,⁵ sodat

5. Een van Jackendoff (1972) se voorbeelde vertoon dieselfde dubbelsinnigheid in die presupposisie.

(8.186) Max doesn't beat his wife because he LOVES her.

(8.188) Presupposition: λx (Max doesn't beat his wife for reason x)
is well-formed

Assertion: because he loves her $=\lambda x$ (Max doesn't beat his wife for reason x)

Die presupposisie in (8.188) laat nie blyk of Max nie sy vrou slaan nie, en dit om rede x, en of hy sy vrou slaan, maar nie om rede x nie.

dit nie (9.16) onderskei van 'n soortgelyke sin met 'n nie-spesifieke kwantor nie (d.w.s. waar die kwantor binne die bereik van die ontkenning is.)

Die sinne (9.15) en (9.16) vorm ook teenvoorbeelde teen Lakoff se afleidingsinperking 2. Die kwantor een domineer in onderliggende struktuur, maar nie in oppervlakstruktuur nie. (Sien (2.37)) Hulle sou net as teenvoorbeelde uitgeskakel kan word as dit in Lakoff se bedoeling lê om ook in hierdie inperking die aksent voorrang te laat neem bo die domineerverhouding in die oppervlakstruktuur.

Iets wat nie een van bogenoemde meganismes kan verklaar nie, is waarom spesifieke NP's net in sekere komplemente voorkom. Hoewel die aantal sinne wat in § 5.2.3.1. en § 5.2.3.2. ondersoek word, nie groot is nie, dui hul daarop dat die predikaat van die matrikssin bepaal of die komplement 'n spesifieke NP kan bevat of nie. Beweer dat laat dit byvoorbeeld nie toe nie, terwyl weet waar en weet hoe die spesifieke interpretasie baie plousibel maak. Die verskynsel is ook nie tot negatiewe sinne beperk nie.

(9.18) Ek weet waar een student woon

(9.19) Hy beweer dat een student daar woon

In (9.19) kan die NP een student net 'n nie-spesifieke interpretasie hê, terwyl dit in (9.18) spesifiek sowel as nie-spesifiek kan wees.

Hierdie gedrag van predikate sal op die een of ander wyse in hul semantiese representasie weerspieël moet word. In 'n GS grammatika sal dit waarskynlik daarop neerkom dat 'n matrikspredikaat deur 'n komplementpredikaat gedomineer of in 'n transformasie gekruis kan word of nie. Hoe so iets presies bereël moet word, is moeilik om in hierdie stadium te sê, maar dit is aanneemlik dat dieselfde meganisme vir positiewe sowel as negatiewe sinne gebruik kan word.

In 'n interpretatiewe raamwerk, waar die meganisme van assosiasie met fokus voorgestel is vir negatiewe sinne soos (9.15) en (9.16), lyk dit of die spesifisiteit al dan nie van komplement-NP's in positiewe sinne soos (8.18) en (8.19) afsonderlik verantwoord moet word. Daar sou dus in so 'n grammatika 'n generalisering gemis word.

Die tweede soort uitsondering wat by die komplemente opgemerk is, is dat 'n konstituent sintakties binne die bereik van die matriks se ontkenning kan val, sonder om semanties daardeur geraak te word. Die voorbeeld was beperk tot NP's, maar adverbiale gedra hul op dieselfde wyse in komplemente.

- (9.20) a. Ek het nie beweer dat Piet dalk sal wegbly nie
 b. Ek het nie beweer dat hy boonop geld verloor het nie

Hierdie sinne suggereer 'n - baie tentatiewe - verklaring vir die gevalle waar adverbiale van klas A op ont_1 in dieselfde sin volg, maar semanties nie binne sy bereik val nie. Hulle kan op so 'n wyse geparafraseer word dat die adverbiaal voorkom in 'n komplement van 'n matriks wat die ontkenning bevat.

- (9.21) a. Jy moet nie dalk Vrydag kom nie
 b. Laat dit nie so wees dat jy dalk Vrydag kom nie
- (9.22) a. Hy kon gewen het, as hy nie amper gestruikel het nie
 b. Hy kon gewen het, as dit nie so was dat hy amper gestruikel het nie

Aangesien Jackendoff bepaal dat konstituente wat binne die bereik van C_{neg} val, net opsioneel daarvan afhanklik is, mag dit met die eerste oogopslag lyk asof sy teorie die gegewens hierbo goed kan hanteer. Daar moet egter in gedagte gehou word dat dit vir Jackendoff nodig is om die projeksierëls te gebruik om sinne uit te skakel waarin 'n konstituent nie in die regte volgorde tot die ontkenning voorkom nie. Hierdie reëls het dus 'n spesifikasie nodig van die omstandighede waaronder 'n konstituent op die ontkenning kan volg sonder om binne sy semantiese bereik te val. Om dit meer konkreet te maak:

- (9.23) a. *Jy kom nie dalk nie
 b. Jy moet nie dalk kom nie

Die projeksierëël vir die adverbiaal dalk moet 'weet' dat dit in b. as buite die bereik van die ontkenning geïnterpreteer kan word en dat die sin dus aanvaarbaar is, en dit moet ook weet dat die adverbiaal in a. nie op dié wyse geïnterpreteer kan word nie en dat die sin onaanvaarbaar is omdat dalk regs van ont_1 staan.

Jackendoff se teorie het gevolglik hier nie 'n voorsprong op die GS, wat glad nie daarvoor voorsiening maak dat 'n konstituent wat binne die bereik van die ontkenning val, semanties nie daardeur geraak word nie.

Ek het self geen definitiewe voorstel oor hoe die feite in die een of ander teorie beskryf kan word nie. As (9.20) met (9.24) vergelyk word, blyk dit dat die predikaat van die matrikssin ook hier 'n rol speel.

- (9.24) a. *Ek het nie geweet waar hy dalk sou oorbly nie
 b. *Ek weet nie hoe hy boonop sy baas bedrieg het nie

'n Rigting waarin daar miskien na 'n oplossing gesoek kan word, is dat die komplemente van sekere predikate 'n presupposisie bevat waarvan die NP's en adverbiale 'n deel uitmaak. In (9.22) is dit byvoorbeeld duidelik dat die matriks as dit nie so was nie die waarheid van sy komplement veronderstel. Aangesien 'n presupposisie nie ontken word nie, volg dit outomaties dat die betrokke konstituente nie van die ontkenning afhanklik is nie.

9.2. Uitsonderings op die ont₂-hipotese

Die mees problematiese uitsonderings op die ont₂-hipotese wat die studie opgelewer het, kom by die adverbiale bysinne voor (§ 7.3.3.3. en § 7.3.4.2.3.). Sinne ingelei deur as, mits, totdat, vandat, sodra en sedert kan binne sowel as buite die bereik van die ontkenning val, maar die interpretasie korreleer nie altyd met die posisie van ont₂ nie. Sinne met tensy staan weer net buite die ontkenning, maar kan deur ont₂ gevolg sowel as voorafgegaan word.

Informeel kan hierdie afwykinge verklaar word deur daarop te wys dat die betekenisonderskeid wat met die verskil in die bereik van die ontkenning saamhang, by hierdie sinne nie so uitgesproke is soos byvoorbeeld by omdat-sinne nie. Die gevolg is dat sprekers van Afrikaans nie baie sterk intuïties het oor waar die tweede nie in sulke sinne geplaas moet word nie.

Die tweede soort uitsondering op die ont₂-hipotese word aangetref onder komplemente wat in die NP ingebed is.

- (9.25) a. Dit is nie waarskynlik dat hy een boek vergeet het nie
 b. Dit is nie waarskynlik nie dat hy een boek vergeet het
- (9.26) a. Ek sal nie die berigte glo dat hulle mishandel is nie
 b. Ek sal nie die berigte glo nie dat hulle mishandel is
- (9.27) a. Ek het nie een van die kinders herken (wat daar speel nie)
 b. Ek het nie een van die kinders herken nie wat daar speel

Wat (9.25) tot (9.27) gemeen het, is dat almal ekstraposisie ondergaan het. Dat hierdie faktor ter sake is vir die posisie van ont₂, kan getoon word deur 'n sin soos (9.28)b.

- (9.28) a. Ek sal nie die berigte dat hulle mishandel is, glo nie
 b. *Ek sal nie die berigte nie dat hulle mishandel is, glo

(9.28) het nie ekstraposisie ondergaan nie, en b. is nie aanvaarbaar met ont₂ aan die einde van die matriks nie, behalwe as berigte kontrasterende aksent kry. In dié geval kan daar geargumenteer word dat die ontkenning se bereik slegs die NP die berigte behels.

Daar is ten minste een ander transformasie wat materiaal na die einde van die sin verskuif wat dieselfde uitwerking het as ekstraposisie, nl. PP oor V.⁶ Hierdie reël verskuif 'n preposisionele konstituent tot ná die verbum.

- (9.29) a. Hy sal nie geld uitgee vir sulke onbenullighede nie
 b. Hy sal nie geld uitgee nie vir sulke onbenullighede
- (9.30) a. Hy sal nie vir sulke onbenullighede geld uitgee nie
 b. *Hy sal nie vir sulke onbenullighede nie geld uitgee

Sin (9.29) het die verskuiwingstranasie ondergaan en die preposisionele konstituent vertoon dieselfde plasingmoontlikhede ten opsigte van ont₂ as die geëkstraponeerde komplemente.

Die uitsonderings wat met verskuiwingstranasies saamhang, kan rede-

6. Sien Koster (1972).

lik maklik in 'n generatiewe grammatika onder reël gebring word. In die eerste plek sal ont_2 eers geplaas kan word nadat die transformasies toegepas is. In die Gs kan vir die verskillende posisies van ont_2 voorsiening gemaak word deur voorwaarde 3 van die inperking (X is regs van NEG_1) toe te laat om opsioneel voor of ná die verskuiwingsreëls te geld. 'n Interpretatiewe grammatika sou 'n soortgelyke aanpassing kan maak in die vlak waarop die modale projeksieroel die bereik van die ontkenning interpreteer.

SLOTSOM

In die inleiding is aangedui dat die gevolgtrekkings wat uit hierdie studie gemaak kan word, sowel grammatikaal as linguisties-teoreties is.

Op die grammatikale vlak is daar twee hipoteses aan Afrikaanse gegewens getoets. Die eerste ontkenningwoord van Afrikaans is vergelyk met die ont₁-hipotese dat die ontkenning in die oppervlakstruktuur links staan van die konstituente wat binne sy bereik val. Daar is gevind dat ont₁ in die meeste gevalle hiermee ooreenstem, net soos die ontkenningwoord in Nederlands en Engels en dat die uitsonderings ook van dieselfde aard is. Dit gee steun aan die opvatting dat die eerste ontkenning in Afrikaans gelyksoortig is aan die enkele ontkenning van verwante tale.

Vir die tweede nie is die hipotese opgestel dat dit die regterkantse grens van die ontkenning se bereik aandui, en die gegewens toon dat sy posisie in die groot meerderheid gevalle dié voorspelling gehoorsaam. Die teenvoorbeelde kom nie lukraak voor nie, maar het 'n semantiese of sintaktiese verklaring. Ek vind dus dat daar goeie regverdiging vir hierdie hipotese bestaan.

Deur middel van die ont₁- en ont₂-hipotese is dit moontlik om die vernameste feite in verband met die distribusie van die twee soorte ontkenningwoorde in Afrikaans in 'n beknopte stelling saam te vat. Dit toon dat 'n hoë graad van generalisering en insiggewendheid moontlik is as die ontkenning vanuit die oogpunt van sy bereik beskryf word.

Wat die uitkomst van die studie vir die linguistiese teorie betref, is dit nie so maklik om 'n duidelike gevolgtrekking te maak nie.

Die generatiewe en interpretatiewe semantiek is albei twee hoogs gesofistikeerde teorieë, soos Jackendoff ook opmerk, en kan 'n wye verskeidenheid gegewens hanteer. Die meganismes wat hul gebruik, is soms in so 'n mate gelykwaardig dat hul as notasionele variante bestempel kan word. Dan is daar ook verskeie verskynsels wat in die studie aan die lig gekom het en waarvan dit onseker is hoe enigeen van die twee teorieë dit sou hanteer.

Alles in ag genome, vind ek egter dat die GS, wat die ontkenning betref, 'n groter mate van generalisering bereik as die IS. Ek stip weer die belangrike punte aan. Die GS volstaan met een nosie 'bereik', terwyl die IS daarnaas die nosie 'gebied' nodig het. In die IS is daar verder die duplisering van sintaktiese transformasies deur semantiese interpretasie-reëls en die gebrek aan eenvormigheid in die hantering van die eerste nie, wat onder drie kategorieë ingedeel word, en die tweede nie wat verskillend in S'e en NP's gehanteer word.

Hierdie ondersoek na die Afrikaanse ontkenning lewer dus getuienis op vir die generatiewe semantiek en teen die interpretatiewe semantiek.

BIBLIOGRAFIE

- Bach, Emmon (1968). 'Nouns and noun phrases'. In: Bach en Harms (1968).
(1974). Syntactic theory. New York: Holt, Rinehart and Winston.
- Baker, C.L. (1970). 'Double negatives'. In: Linguistic inquiry 1.
- Baker, C.L. en Michael K. Brame. 'Global rules' a rejoinder. In: Language 48.
- Barnes, A.S.V. (s.j.). Afrikaanse grammatika vir Engelssprekende leerlinge. Kaapstad: Nasou Beperk.
- Bartsch, Renate (1976). The grammar of adverbials. Amsterdam: North-Holland.
- Bellert, Irena (1969). 'Arguments and predicates in the logico-semantic structure of utterances'. In: Kiefer (1969).
(1970). 'On the semantic interpretation of subject-predicate relations in sentences of particular reference'. In: Bierwisch en Heidolph (1970).
(1977). 'On semantic and distributional properties of sentential adverbs'. In: Linguistic inquiry 8:2
- Bierwisch, Manfred (1970). 'On classifying semantic features'. In: Bierwisch en Heidolph (1970).
- Bierwisch, Manfred en Karl Erich Heidolph, reds. (1970). Progress in linguistics. Den Haag: Mouton.
- Blanquaert, E. (1923). 'Over de dubbele ontkenning en nog wat'. In: Handelingen van het 6^e Vlaams Filologen-congres.
- Bos, Gijsbertha F. (1964). Het probleem van de samengestelde zin. Den Haag: Mouton.
- Botha, J.P. (1975). 'Aspekte van die koppelwerkwoord in Afrikaans'. In: Taalfasette: 19:3.
- Botha, M.C. en J.F. Burger (1937). Maskew Miller se praktiese Afrikaanse grammatika met oefeninge. Kaapstad: Maskew Miller.

- Burton-Roberts, Noel (1976). 'On the generic indefinite article'. In:
Language: 52:2
- Chomsky, Noam A. (1956). Syntactic structures. Den Haag: Mouton
(1965). Aspects of the theory of syntax. Cambridge (Mass.): MIT
Press.
(1970). 'Remarks on nominalizations'. In: Jacobs en Rosenbaum (1970).
(1971). 'Deep structure, surface structure and semantic interpretation'. In: Steinberg en Jakobovits (1971).
(1972). 'Some empirical issues in the theory of transformational
grammar'. In: Peters (1972).
(1976). Reflections on language. Londen: Temple Smith.
- Cluver, August D. de V. (1970). Inleiding tot die histories-vergelykende
taalkunde en tot die transformasionele taalkunde. Braamfontein:
Boekhandel de Jong.
- Davidson, D. en G. Harman, reds. (1972). Semantics of natural language.
Dordrecht/Boston: D. Reidel.
- Den Hertog, C.N. (1915). De Nederlandse taal (twee dele), 4de druk.
Amsterdam: W. Versluys.
- De Rijk, Rudolf P.G. (1973). 'A note on prelexical predicate raising'.
In: Seuren (1974).
- De Villiers, Meyer. (1975). Die semantiek van Afrikaans. Kaapstad: HAUM.
- Dik, Simon C. (1972). Coordination. Amsterdam: North-Holland
(1973). 'Crossing coreference again'. In: Foundations of language 9.
- Faerch, Claus. (1975). 'Deictic NP's and generative pragmatics'. In:
Foundations of language 13.
- Fodor, Janet Dean (1977). Semantics: theories of meaning in generative
grammar. Hassocks: The Harvester Press.
- Fodor, Jerry en Jerrold J. Katz, reds. (1964). The structure of language.
Englewood Cliffs: Prentice Hall.
- Freidin, Robert (1975). Resensie van Jackendoff (1972). In: Language 51:1.

- Heiberg, Lambert R. (1974). 'Neg placement in the Afrikaans language'.
In: Heilmann (1974).
- Heilmann, Luigi, red. (1974). Proceedings of the eleventh international congress of linguists. Bologna-Florence, Aug. 28 - Sept. 2, 1972
- Hubers, G.A.C. (1974). 'Recente ontwikkelingen in het onderzoek naar intonatie en zinsaccent'. In: Handelingen van het 32ste Nederlands Filologen-congres.
- Ioup, Georgette. (1976). 'Some universals for quantifier scope.' In: Kimball (1976).
- Jackendoff, Ray S. (1972). Semantic interpretation in generative grammar. Cambridge (Mass.): MIT Press.
(1977). X̄ Syntax: a study of phrase structure. Cambridge (Mass.): MIT Press.
- Jacobs, Roderick A. and Peter S. Rosenbaum (1968). English transformational grammar. Waltham (Mass.): Blaisdell.
(1970). Readings in English transformational grammar. Waltham (Mass.): Ginn and Company.
(1971). Transformations, style and meaning. Waltham (Mass.): Xerox College Publishing.
- Jespersen, Otto (1917). Negation in English and other languages. Copenhagen: Andr. Fred. Høst & Son.
- Katz, Jerrold J. (1972). Semantic theory. New York: Harper & Row.
- Katz, Jerrold J. en Jerry Fodor (1963). 'The structure of a semantic theory'. In: Language 39:2.
- Katz, Jerrold J. en Paul M. Postal (1964). An integrated theory of linguistic descriptions. Cambridge (Mass.): MIT Press.
- Kiefer, F., red. (1969). Studies in syntax and semantics. Dordrecht-Holland: D. Reidel.
- Kimball, John P., red. (1976). Syntax and semantics. Dl. 4. New York: Academic Press.

- Klima, E. (1964). 'Negation in English'. In: Fodor en Katz (1964).
- Koster, Jan (1972-73). 'PP over V en de theorie van J. Emonds'. In: Spektator 2:5
- Kraak, A. (1966). Negatieve zinnen. Hilversum: De Haan.
- Kraak, A. en W.G. Klooster (1968). Syntaxis. Culemborg: H. Stam Internationaal N.V.
- Labov, William (1972). 'Negative attraction and negative concord in English grammar'. In: Language 48.
- Lakoff, George (1970a). 'Global rules'. In: Language 46:3. Oorgedruk in Seuren (1974).
- (1970b). Irregularity in syntax. New York: Holt, Rinehart and Winston.
- (1971). 'On generative semantics'. In: Steinberg en Jakobovits (1971).
- (1972a). 'Linguistics and natural logic'. In: Davidson en Harman (1972).
- (1972b). 'The arbitrary basis of transformational grammar'. In: Language 48.
- Landman, K.J.H. (1974). ''n Taalkundige beskouing oor die opstel en verwerking van materiaal vir 'n kursus in Afrikaans vir die taalpraktikum'. Ongepubliseerde M.A.-tesis, UNISA.
- Langacker, Ronald (1969). 'Pronominalization and the chain of command'. In: Reibel en Schane (1969).
- Lees, Robert B. (1966). The grammar of English nominalizations. Bloomington/Den Haag: Indiana University/Mouton.
- Malherbe, D.F. (1923). Afrikaanse taalboek, 6de druk. Kaapstad: Nasionale Pers.
- McCawley, James D. (1967). 'Meaning and the description of languages'. In: Kotoba no uchū 2:9-11. Oorgedruk in Rosenberg en Travis (1971).
- (1970). 'English as a VSO language'. In: Language 46:2.
- (1971a). 'Interpretive semantics meets Frankenstein'. In: Foundations of language 6.

- (1971b). 'Where do noun phrases come from?' In: Steinberg en Jakobovits (1971).
- (1972). 'A program for logic'. In: Davidson en Harman (1972).
- (1973). 'External NPs versus annotated deep structures'. In: Linguistic inquiry 4.
- Nienaber, G.S. (1934). Oor die Afrikaanse taal. Amsterdam: N.V. Swets & Zeitlinger.
- (1965). 'Iets naders oor die ontkenning in Afrikaans'. In: Nienaber, P.J. (1965).
- Nienaber, P.J., red. (1965). Taalkundige opstelle. Kaapstad/Amsterdam: A.A. Balkema.
- Pauwels, J.L. (1958). Het dialect van Aarschot en omstreken. Belgisch Interuniversitair Centrum voor Neerlandistiek.
- Peters, Stanley, red. (1972). Goals of linguistic theory. Englewood Cliffs: Prentice Hall.
- Ponelis, F. (1968). Grondtrekke van die Afrikaanse sintaksis. Pretoria: J.L. van Schaik Bpk.
- (1969). Bysinne in Afrikaans. Pretoria. Ongepubliseerde D.Litt et Phil-thesis, Unisa.
- Postal, Paul M. (1971). Cross-over phenomena. New York: Holt, Rinehart and Winston.
- (1974). On raising: one rule of English grammar and its theoretical implications. Cambridge (Mass.): MIT Press.
- Reibel, David en Sanford Schane, reds. (1969). Modern studies in English. Englewood Cliffs: Prentice Hall.
- Roberts, Paul (1967). Modern grammar. New York: Harcourt, Brace & World.
- Rosenbaum, Peter S. (1967). The grammar of English predicate complement constructions. Cambridge (Mass.): MIT Press.
- Rosenberg, J.F. en G. Travis, reds. (1971). Readings in the philosophy of language. Englewood Cliffs: Prentice Hall.

- Ross, John R. (1969). 'Auxiliaries as main verbs'. In: Todd (1969).
- Schermer-Vermeer, E.C. (1972-73). 'Op zoek naar de identiteit van "een moordenaar"'. In: Spektator 2.
- Sebeok, Thomas, red. (1966). Current trends in linguistics. Dl. III
Den Haag: Mouton.
- Seuren, Pieter A.M. (1969). Operators and nucleus. Cambridge University Press.
- Seuren, Pieter A.M., red. (1974). Semantic syntax. Londen: Oxford University Press.
- Steinberg, Danny D. en Leon A. Jakobovits, reds. (1971). Semantics. An interdisciplinary reader in philosophy, linguistics and psychology. Cambridge University Press.
- Todd, W., red. (1969). Studies in philosophical linguistics. Series one.
Evanston.
- Van der Merwe, H.J.J.M. (1975). Die korrekte woord. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Van Es, G.A. (1966). Nederlandse syntaxis in klein bestek. Zwolle: N.V. Uitgeversmaatschappij/W.E.J. Tjeenk Willink.
- Van Schalkwyk, H. (1972). 'n Sinchroniese ondersoek na die lidwoord-naamwoordverbindings in die sintaksis van Afrikaans'. Ongepubliseerde M.A.-tesis, Stellenbosch.
- Van Staden, M.M. (1968). Die adverbiale bepaling in die sin. Ongepubliseerde M.A.-tesis, Stellenbosch.
- Vendler, Zeno (1967). Linguistics in philosophy. Ithaca: Cornell University Press.
- Weinreich, Uriel (1966). 'Explorations in semantic theory'. In: Sebeok (1966).